Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

BUITENGEWONE EXTRAORDINARY

Staatskoerant

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

[Geregistreer by die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.] [Registered at the General Post Office as a Newspaper.]

Prys 10c Price
Oorsee 15c Overseas
POSVRY—POST FREE

VOL. XIII.] KAAPSTAD, 31 JULIE 1964. CAPE TOWN, 31st JULY, 1964. [No. 866

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 1148.] [31 Julie 1964.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

BLADSY
No. 91 van 1964: Doeane- en Aksynswet, 1964 2

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 1148.] [31st July, 1964.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

PAGE
No. 91 of 1964: Customs and Excise Act, 1964 3

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 91, 1964.]

WET

Om voorsiening te maak vir die heffing van doeane- en aksynsregte, die verbied van en beheer oor die invoer of vervaardiging van sekere goedere en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 27 Julie* 1964.)

RANGSKIKKING VAN HOOFSTUKKE EN BYLAES

Hoofstuk of Bylae		*Onderwerp*	*Artikels*
HOOFSTUK	I.	Woordbepaling	1
HOOFSTUK	II.	Administrasie, algemene pligte en bevoegdhede van Sekretaris en beamptes, en toepassing van Wet	2–5
HOOFSTUK	III.	Invoer, uitvoer en deurvoer en kusvervoer van goedere	6–18
HOOFSTUK	IV.	Doeane- en aksynspakhuise; opslag en vervaardiging van goedere in doeane- en aksynspakhuise ..	19–37
HOOFSTUK	V.	Klaring en herkoms van goedere; aanspreeklikheid vir en betaling van regte	38–54
HOOFSTUK	VI.	Anti-dumpingregte	55–57
HOOFSTUK	VII.	Wysiging van regte	58–59
HOOFSTUK	VIII.	Lisensiëring	60–64
HOOFSTUK	IX.	Waarde	65–74
HOOFSTUK	X.	Kortings op en terugbetalings en teruggawes van reg	75–77
HOOFSTUK	XI.	Strafbepalings	78–96
HOOFSTUK	XII.	Algemeen	97–122

BYLAE No. 1.	Gewone doeane- en aksynsregte
BYLAE No. 2.	Anti-dumpingregte op ingevoerde goedere
BYLAE No. 3.	Nywerheidskortings op doeaneregte
BYLAE No. 4.	Algemene kortings op doeaneregte
BYLAE No. 5.	Bepaalde teruggawes en terugbetalings van doeaneregte
BYLAE No. 6.	Bepaalde kortings op en terugbetalings van aksynsregte
BYLAE No. 7.	Lisensies
BYLAE No. 8.	Wette herroep

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

HOOFSTUK I.

WOORDBEPALING.

Woordbepaling.

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „aksynsreg" enige reg wat ingevolge Deel 2 van Bylae No. 1 op enige in die Republiek vervaardigde goedere hefbaar is; (x)

(ii) „aksynswaarde" waarde soos in artikel *nege-en-sestig* omskryf; (xi)

(iii) „beampte" iemand wat onder opdrag of met instemming van die Sekretaris enige plig in verband met doeane en aksyns uitvoer, hetsy die opdrag gegee of die instemming betuig is voor of na die verrigting van bedoelde plig; (xxii)

(iv) „bemanning" ook iedereen (behalwe die gesagvoerder of loods) wat in enige hoedanigheid aan boord van 'n skip of vliegtuig in diens is; (iii)

(v) „binnelandse verbruik" verbruik of gebruik in die Republiek; (xv)

(vi) „departement" die Departement van Doeane en Aksyns; (vi)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

No. 91, 1964.]

ACT

To provide for the levying of customs and excise duties, the prohibition and control of the importation or manufacture of certain goods and for matters incidental thereto.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 27th July*, 1964.)

ARRANGEMENT OF CHAPTERS AND SCHEDULES

Chapter or Schedule		*Subject*	*Sections*
CHAPTER	I.	Definitions	1
CHAPTER	II.	Administration, general duties and powers of Secretary and officers, and application of Act	2–5
CHAPTER	III.	Importation, exportation and transit and coastwise carriage of goods	6–18
CHAPTER	IV.	Customs and excise warehouses; storage and manufacture of goods in customs and excise warehouses	19–37
CHAPTER	V.	Clearance and origin of goods; liability for and payment of duties ..	38–54
CHAPTER	VI.	Anti-dumping duties..	55–57
CHAPTER	VII.	Amendment of duties	58–59
CHAPTER	VIII.	Licensing	60–64
CHAPTER	IX.	Value	65–74
CHAPTER	X.	Rebates, refunds and drawbacks of duty..	75–77
CHAPTER	XI.	Penal provisions	78–96
CHAPTER	XII.	General	97–122

SCHEDULE	No. 1.	Ordinary customs and excise duties
SCHEDULE	No. 2.	Anti-dumping duties on imported goods
SCHEDULE	No. 3.	Industrial rebates of customs duties
SCHEDULE	No. 4.	General rebates of customs duties
SCHEDULE	No. 5.	Specific drawbacks and refunds of customs duties
SCHEDULE	No. 6.	Specific rebates and refunds of excise duties
SCHEDULE	No. 7.	Licences
SCHEDULE	No. 8.	Laws repealed

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

CHAPTER I.

DEFINITIONS.

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "agricultural distiller" means any owner or occupier of a farm in the Province of the Cape of Good Hope, the Transvaal or the Orange Free State or in the territory of South-West Africa who—

(*a*) is licensed to keep a still on such farm; and

(*b*) in the Province of the Cape of Good Hope or in the territory of South-West Africa is licensed to distil spirits exclusively from grapes grown by him on such farm; or

(*c*) in the Province of the Transvaal or the Orange Free State is licensed to distil spirits on such farm from grapes or other prescribed fresh fruit grown by him on such farm; (xx)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(vii) „distilleerketel" enige apparaat vir, of geskik vir, die distillering van spiritus en ook enige deel daarvan; (xxxiv)

(viii) „distilleerketelvervaardiger" iemand wat distilleerketels vir verkoop vervaardig of invoer en ook iemand wat distilleerketels vir beloning herstel; (xxxv)

(ix) „doeanereg" enige reg wat ingevolge Bylae No. 1 of No. 2 op in die Republiek ingevoerde goedere hefbaar is; (iv)

(x) „doeanetarief" Bylae No. 1 vir sover dit op ingevoerde goedere betrekking het; (v)

(xi) „eienaar" ook iemand wat wettiglik namens die eienaar optree; (xxiv)

(xii) „gesagvoerder", met betrekking tot enige skip, enigiemand (behalwe 'n loods) wat toesig oor sodanige skip het; (xx)

(xiii) „gewone reg" enige reg in Deel 1 of 2 van Bylae No. 1 vermeld; (xxiii)

(xiv) „goedere" ook alle ware, artikels, koopware, diere, betaalmiddels, sake of voorwerpe; (xiii)

(xv) „hierdie Wet" ook enige proklamasie, goewermentskennisgewing, regulasie of reël daarkragtens uitgevaardig of gemaak; (xxxvi)

(xvi) „installasies" ook vate, werktuie, toestelle en toebehore; (xxvii)

(xvii) „invoerder" ook enigiemand wat, ten tyde van invoer—

(*a*) die eienaar van enige ingevoerde goedere is;

(*b*) die risiko van enige ingevoerde goedere dra;

(*c*) voorgee dat of optree asof hy die invoerder of eienaar van enige ingevoerde goedere is;

(*d*) werklik enige goedere die Republiek binnebring;

(*e*) op enige wyse hoegenaamd by enige ingevoerde goedere voordelige belang het;

(*f*) namens enigiemand in paragraaf (*a*), (*b*), (*c*), (*d*) of (*e*) vermeld, optree; (xvii)

(xviii) „klaring vir binnelandse verbruik" ook klaring ingevolge enige item in Bylae No. 3, 4 of 6; (viii)

(xix) „land" ook aflaai van enige voertuig af; (xviii)

(xx) „landboudistilleerder" enige eienaar of okkupeerder van 'n plaas in die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop, Transvaal of Oranje-Vrystaat of in die gebied Suidwes-Afrika wat—

(*a*) gelisensieer is om 'n distilleerketel op sodanige plaas aan te hou; en

(*b*) in die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop of in die gebied Suidwes-Afrika gelisensieer is om spiritus te distilleer uitsluitlik van druiwe wat deur hom op sodanige plaas verbou word; of

(*c*) in die Provinsie Transvaal of Oranje-Vrystaat gelisensieer is om spiritus van druiwe of ander voorgeskrewe vars vrugte wat deur hom op sodanige plaas verbou word op sodanige plaas te distilleer; (i)

(xxi) „loods", met betrekking tot 'n vliegtuig, enige persoon in bevel van sodanige vliegtuig; (xxvi)

(xxii) „Minister" die Minister van Finansies; (xxi)

(xxiii) „Ontvanger", met betrekking tot enige gebied of enige aangeleentheid, die beampte wat deur die Sekretaris aangewys is om ten opsigte van daardie gebied of aangeleentheid die Ontvanger van Doeane en Aksyns te wees en ook 'n beampte wat onder die beheer of in opdrag van enige beampte wat aldus deur die Sekretaris aangewys is, optree; (ii)

(xxiv) „onwettige goedere", met betrekking tot ingevoerde of synsbare goedere, enige sodanige goedere ten opsigte waarvan enige oortreding kragtens hierdie Wet begaan is en ook enige preparaat wat geheel en al of ten dele van spiritus wat ontwettige goed was, gemaak is; (xvi)

(xxv) „pak" enige houer, omhulsel of buitebedekking en die inhoud daarvan, of enige bondel of enkele stuk in die geval van goedere wat nie verpak is nie; (xxv)

(xxvi) „reël" 'n reël deur die Sekretaris kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (xxx)

(xxvii) „reg" enige reg hefbaar ingevolge hierdie Wet; (vii)

(xxviii) „Regeringsbrandewynraad" die raad of ander liggaam in artikel *agt-en-sestig* van die Aksynswet, 1956 (Wet No. 62 van 1956), bedoel of enige ander liggaam wat ingevolge 'n wet aangeneem na die inwerkingtreding van hierdie Wet, ingestel word met die naam van Regeringsbrandewynraad; (xiv)

(xxix) „regulasie" 'n regulasie deur die Minister kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (xxix)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(ii) "Collector", in relation to any area or any matter means the officer designated by the Secretary to be the Collector of Customs and Excise in respect of that area or matter and includes an officer acting under the control or direction of any officer so designated by the Secretary; (xxiii)

(iii) "crew" includes every person (except the master or pilot) employed in any capacity on board any ship or aircraft; (iv)

(iv) "customs duty" means any duty leviable under Schedule No. 1 or 2 on goods imported into the Republic; (ix)

(v) "customs tariff" means Schedule No. 1 in so far as it relates to imported goods; (x)

(vi) "department" means the Department of Customs and Excise; (vi)

(vii) "duty" means any duty leviable under this Act; (xxvii)

(viii) "entry for home consumption" includes entry under any item in Schedule No. 3, 4 or 6; (xviii)

(ix) "excisable goods" means any goods specified in Part 2 of Schedule No. 1 which have been manufactured in the Republic; (xxxiii)

(x) "excise duty" means any duty leviable under Part 2 of Schedule No. 1 on any goods manufactured in the Republic; (i)

(xi) "excise value" means value as defined in section *sixty-nine*; (ii)

(xii) "exporter", in relation to imported goods, includes the manufacturer, supplier or shipper of such goods or any person inside or outside the Republic representing or acting on behalf of such manufacturer, supplier or shipper; (xxxiv)

(xiii) "goods" includes all wares, articles, merchandise, animals, currency, matters or things; (xiv)

(xiv) "Government Brandy Board" means the board or other body referred to in section *sixty-eight* of the Excise Act, 1956 (Act No. 62 of 1956), or any other body established under the name of Government Brandy Board in terms of any law passed after the commencement of this Act; (xxviii)

(xv) "home consumption" means consumption or use in the Republic; (v)

(xvi) "illicit goods", in relation to imported or excisable goods, means any such goods in respect of which any contravention under this Act has been committed, and includes any preparation made wholly or in part from spirits which were illicit goods; (xxiv)

(xvii) "importer" includes any person who, at the time of importation—

(*a*) owns any goods imported;

(*b*) carries the risk of any goods imported;

(*c*) represents that or acts as if he is the importer or owner of any goods imported;

(*d*) actually brings any goods into the Republic;

(*e*) is beneficially interested in any way whatever in any goods imported;

(*f*) acts on behalf of any person referred to in paragraph (*a*), (*b*), (*c*), (*d*) or (*e*); (xvii)

(xviii) "land" includes off-loading from any vehicle; (xix)

(xix) "manufacture" includes any process—

(*a*) in the manufacture of any excisable goods;

(*b*) in the conversion of any goods into excisable goods;

(*c*) whereby the dutiable quantity or value of any excisable goods is increased in any manner; or

(*d*) in the recovery of excisable goods from excisable goods or any other goods; (xxxv)

(xx) "master", in relation to any ship, means any person (other than a pilot) having charge of such ship; (xii)

(xxi) "Minister" means the Minister of Finance; (xxii)

(xxii) "officer" means a person employed on any duty relating to customs and excise by order or with the concurrence of the Secretary, whether such order has been given or such concurrence has been expressed before or after the performance of the said duty; (iii)

(xxiii) "ordinary duty" means any duty specified in Part 1 or 2 of Schedule No. 1; (xiii)

(xxiv) "owner" includes any person lawfully acting on behalf of the owner; (xi)

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xxx) „Sekretaris" die Sekretaris van Doeane en Aksyns of enige beampte wat wettiglik in daardie hoedanigheid optree; (xxxi)

(xxxi) „skip" enige skip, vaartuig of boot (met inbegrip van 'n vliegboot) van watter soort ook al; (xxxii)

(xxxii) „Staatspakhuis" 'n perseel wat deur die Staat voorsien word vir die opslag van goedere ter beveiliging daarvan en van die daarop betaalbare regte, of in afwagting van voldoening aan die bepalings van enige wet ten opsigte van sodanige goedere; (xxxiii)

(xxxiii) „synsbare goedere" enige goedere vermeld in Deel 2 van Bylae No. 1 wat in die Republiek vervaardig is; (ix)

(xxxiv) „uitvoerder", met betrekking tot ingevoerde goedere, ook die vervaardiger, verskaffer of verskeper van sodanige goedere of enigiemand binne of buite die Republiek wat sodanige vervaardiger, verskaffer of verskeper verteenwoordig of namens hom optree; (xii)

(xxxv) „vervaardiging" ook enige proses—

(*a*) in die vervaardiging van enige synsbare goedere;

(*b*) in die omskepping van enige goedere in synsbare goedere;

(*c*) waardeur die belasbare hoeveelheid of waarde van enige synsbare goedere op enige wyse vermeerder word; of

(*d*) in die herwinning van synsbare goedere van synsbare of enige ander goedere; (xix)

(xxxvi) „voertuig" enige vliegtuig, trein, motorkar, vervoerwa, trok, kar, stootkar of ander vervoermiddel van watter soort ook al, en ook die toebehore, beslag en toerusting daarvan, asook pakdiere met hulle tuie en gerei; (xxxvii)

(xxxvii) „voorgeskryf" of „voorgeskrewe" deur hierdie Wet voorgeskryf; (xxviii)

(xxxviii) „worts" enige vloeibare stof wat suikerstof bevat voordat gisting ingetree het; (xxxix)

(xxxix) „wynbouer" 'n boer wat wingerdstokke verbou op deur homself geokkupeerde grond en wat op sodanige grond wyn maak van druiwe wat sodanige wingerdstokke voortgebring het. (xxxviii)

HOOFSTUK II.

ADMINISTRASIE, ALGEMENE PLIGTE EN BEVOEGDHEDE VAN SEKRETARIS EN BEAMPTES, EN TOEPASSING VAN WET.

Sekretaris belas met uitvoering van Wet.

2. (1) Die Sekretaris is, onderworpe aan die beheer van die Minister, belas met die uitvoering van hierdie Wet, met inbegrip van die uitleg van die Bylaes daarby.

(2) Die Ontvanger verrig sy pligte en oefen sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet uit met inagneming van enige opdragte wat die Sekretaris uitreik.

Delegering van pligte en bevoegdhede van Sekretaris.

3. (1) Enige plig die Sekretaris opgelê en enige bevoegdheid hom verleen, kan deur die Sekretaris self, of deur 'n beampte ingevolge magtiging of onder beheer of toesig van die Sekretaris, verrig of uitgeoefen word.

(2) Enige beslissing gegee deur en enige kennisgewing of mededeling onderteken of uitgereik deur enige sodanige beampte, kan deur die Sekretaris of deur die betrokke beampte ingetrek of gewysig word (met ingang van die datum waarop sodanige beslissing gegee of kennisgewing of mededeling onderteken of uitgereik is, of van die datum van intrekking of wysiging daarvan), en word, totdat dit aldus ingetrek is, behalwe vir die doeleindes van hierdie sub-artikel, geag deur die Sekretaris gegee, onderteken of uitgereik te gewees het.

Algemene pligte en bevoegdhede van beamptes.

4. (1) Behoudens die wette op die Staatsdiens, tree beamptes in diens van die departement op onder die beheer en in opdrag van die Sekretaris.

(2) Geen beampte mag regstreekse finansiële belang by die vervaardiging of verkoop of invoer van of handeldryf in ingevoerde of synsbare goedere hê nie.

(3) Behalwe vir die doeleindes van hierdie Wet of wanneer dit van hom as 'n getuie in 'n geregshof vereis word, mag geen beampte enige inligting openbaar wat hy by die verrigting van sy pligte met betrekking tot enige persoon, maatskappy of besigheid te wete gekom het nie.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(xxv) "package" means any container, wrapping or outer cover and its contents, or any bundle or single piece in the case of unpacked goods; (xxv)

(xxvi) "pilot", in relation to any aircraft, means any person having charge of such aircraft; (xxi)

(xxvii) "plant" includes vessels, utensils, appliances and fittings; (xvi)

(xxviii) "prescribed" means prescribed by this Act; (xxxvii)

(xxix) "regulation" means a regulation made by the Minister under this Act; (xxix)

(xxx) "rule" means a rule made by the Secretary under this Act; (xxvi)

(xxxi) "Secretary" means the Secretary for Customs and Excise or any officer lawfully acting in that capacity; (xxx)

(xxxii) "ship" means any ship, vessel or boat (including a flying boat) of any kind whatsoever; (xxxi)

(xxxiii) "State warehouse" means any premises provided by the State for the deposit of goods for the security thereof and of the duties due thereon, or pending compliance with the provisions of any law in respect of such goods; (xxxii)

(xxxiv) "still" means any apparatus for, or capable of, distilling spirits and includes any part thereof; (vii)

(xxxv) "still maker" means a person who manufactures or imports stills for sale and includes a person who repairs stills for reward; (viii)

(xxxvi) "this Act" includes any proclamation, government notice, regulation or rule issued or made thereunder; (xv)

(xxxvii) "vehicle" means any aircraft, train, motor car, van, truck, cart, barrow or other conveyance of any kind whatsoever, and includes the fittings, furnishings and equipment thereof, and also pack animals and their harness and tackle; (xxxvi)

(xxxviii) "wine-grower" means a farmer who cultivates vines on land in his own occupation and who produces on such land wine from grapes grown on such vines; (xxxix)

(xxxix) "worts" means any liquid substance containing saccharine matter before fermentation has commenced. (xxxviii)

CHAPTER II.

ADMINISTRATION, GENERAL DUTIES AND POWERS OF SECRETARY AND OFFICERS, AND APPLICATION OF ACT.

Secretary to administer Act.

2. (1) The Secretary shall, subject to the control of the Minister, be charged with the administration of this Act, including the interpretation of the Schedules thereto.

(2) The Collector shall perform his duties and exercise his powers under this Act with due regard to any instructions issued by the Secretary.

Delegation of duties and powers of Secretary.

3. (1) Any duty imposed or power conferred on the Secretary may be performed or exercised by the Secretary personally or by an officer under a delegation from or under the control or direction of the Secretary.

(2) Any decision made and any notice or communication signed or issued by any such officer may be withdrawn or amended by the Secretary or by the officer concerned (with effect from the date of making such decision or signing or issuing such notice or communication or the date of withdrawal or amendment thereof) and shall, until it has been so withdrawn, be deemed, except for the purposes of this sub-section, to have been made, signed or issued by the Secretary.

General duties and powers of officers.

4. (1) Subject to the laws governing the public service, officers employed in the department shall act under the control and direction of the Secretary.

(2) No officer shall be directly financially interested in the manufacture or sale or importation of or trade in imported or excisable goods.

(3) No officer shall, except for the purposes of this Act or when required to do so as a witness in a court of law, disclose any information relating to any person, firm or business acquired in the performance of his duties.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(4) (*a*) 'n Beampte kan, by die toepassing van hierdie Wet—

(i) te eniger tyd sonder voorafgaande kennisgewing enige perseel hoegenaamd betree en die ondersoek instel en die navrae doen wat hy nodig ag;

(ii) terwyl hy op die perseel is of te eniger ander tyd eis dat enige persoon daar en dan of op 'n deur die beampte bepaalde tyd en plek enige boek, dokument of ding wat kragtens hierdie Wet gehou of vertoon moet word of wat betrekking het op of wat na hy op redelike gronde vermoed betrekking het op aangeleenthede waaroor hierdie Wet handel, en wat op die perseel of in besit of bewaring of onder beheer van enige sodanige persoon of sy werknemer is of was, voorlê;

(iii) te eniger tyd en op enige plek van enige persoon wat 'n boek, dokument of ding wat betrekking het op aangeleenthede waaroor hierdie Wet handel, in sy besit of bewaring of onder sy beheer het of vermoed word te hê, die voorlegging daarvan daar en dan of op 'n deur die beampte bepaalde tyd en plek eis; en

(iv) enige sodanige boek of dokument ondersoek en uittreksels daaruit of afskrifte daarvan maak, en kan van enige persoon 'n uitleg vorder van enige inskrywing daarin en kan beslag lê op enige sodanige boek, dokument of ding wat volgens sy oordeel bewys kan oplewer van 'n misdryf kragtens hierdie Wet.

(*b*) 'n Beampte kan 'n assistent of 'n lid van die polisiemag saamneem wanneer hy enige perseel betree.

(5) 'n Persoon in verband met wie se besigheid enige perseel geokkupeer of gebruik word, en enige persoon by hom in diens, moet te eniger tyd die hulp verleen wat die beampte verlang om die perseel te betree en om sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel uit te oefen.

(6) (*a*) Indien 'n beampte, nadat hy sy amptelike hoedanigheid en sy doel bekend gemaak en toegang tot 'n perseel geëis het, nie onmiddellik toegelaat word nie, kan hy en enige persoon wat hom help te eniger tyd, maar snags slegs in teenwoordigheid van 'n lid van die polisiemag, op daardie perseel enige deur of venster oopbreek of deur 'n muur breek om in te kom en die perseel te deursoek.

(*b*) 'n Beampte of iemand wat hom help, kan te eniger tyd grond of bevloering op 'n perseel vir deursoekdoeleindes opgrawe of opbreek, en indien 'n kamer, plek, brandkas, kis, kas of pak gesluit is en die sleutels nie op versoek oorhandig word nie, bedoelde kamer, plek, brandkas, kis, kas of pak op enige wyse oopmaak.

(7) 'n Beampte kan eis dat enige persoon op 'n deur die beampte bepaalde tyd en plek voor hom verskyn en kan, met betrekking tot enige saak waaroor hierdie Wet handel, daardie persoon daar en dan, òf alleen òf in die teenwoordigheid van 'n ander persoon, na hy wenslik ag, ondervra.

(8) 'n Beampte kan, met betrekking tot enige saak waaroor hierdie Wet handel, enige persoon, òf alleen òf in die teenwoordigheid van 'n ander persoon, na hy wenslik ag, ondervra wat hy op 'n kragtens hierdie artikel betrede perseel aantref, of wat na hy redelike grond het om te vermoed op 'n perseel ten opsigte waarvan enige bepaling van hierdie Wet van toepassing is, in diens is of in diens was, of wat na hy redelike grond het om te vermoed enigiets ten opsigte waarvan enige sodanige bepaling van toepassing is, in sy besit, of bewaring of beheer het of gehad het.

(9) (*a*) 'n Beampte kan op enige skip gaan of enige voertuig voorkeer en daarop gaan en kan enige sodanige skip of voertuig of enige persoon wat daarin of daarop aangetref word, deursoek na goedere waarop regte nie betaal is nie, of ten opsigte waarvan volgens sy redelike vermoede 'n oortreding van enige bepaling van hierdie Wet begaan is, en kan by die verrigting van sy pligte ongehinderd op bedoelde skip of voertuig bly.

(*b*) Indien enige kamer, kajuit, plek, brandkas, kis, kas of pak gesluit is en die sleutels daarvan nie op versoek oorhandig word nie, kan die beampte sodanige kamer, kajuit, plek, brandkas, kis, kas of pak op enige wyse oopmaak.

(10) 'n Beampte kan enigiemand voorkeer wat na hy rede het om te vermoed belasbare goedere of goedere ten opsigte waarvan 'n oortreding kragtens hierdie Wet begaan is op sy persoon versteek of in sy besit het en kan so iemand deursoek.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(4) (*a*) An officer may, for the purposes of this Act—

(i) without previous notice, at any time enter any premises whatsoever and make such examination and enquiry as he deems necessary;

(ii) while he is on the premises or at any other time require from any person the production then and there, or at a time and place fixed by the officer, of any book, document or thing which by this Act is required to be kept or exhibited or which relates to or which he has reasonable cause to suspect of relating to matters dealt with in this Act and which is or has been on the premises or in the possession or custody or under the control of any such person or his employee;

(iii) at any time and at any place require from any person who has or is believed to have the possession or custody or control of any book, document or thing relating to any matter dealt with in this Act, the production thereof then and there, or at a time and place fixed by the officer; and

(iv) examine and make extracts from and copies of any such book or document and may require from any person an explanation of any entry therein and may attach any such book, document or thing as in his opinion may afford evidence of an offence under this Act.

(*b*) An officer may take with him on to any premises an assistant or a member of the police force.

(5) Any person in connection with whose business any premises are occupied or used, and any person employed by him shall at any time furnish such facilities as may be required by the officer for entering the premises and for the exercise of his powers under this section.

(6) (*a*) If an officer, after having declared his official capacity and his purpose and having demanded admission into any premises, is not immediately admitted, he and any person assisting him may at any time, but at night only in the presence of a member of the police force, break open any door or window or break through any wall on the premises for the purpose of entry and search.

(*b*) An officer or any person assisting him may at any time break up any ground or flooring on any premises for the purpose of search and if any room, place, safe, chest, box or package is locked and the keys thereof are not produced on demand, may open such room, place, safe, chest, box or package in any manner.

(7) An officer may require any person to appear before him at any time and place fixed by the officer and may then and there question that person, either alone or in the presence of any other person, as he thinks fit, with respect to any matter dealt with in this Act.

(8) An officer may question, either alone or in the presence of any other person, as he thinks fit, with respect to any matter dealt with in this Act, any person whom he finds on any premises entered in terms of this section or whom he has reasonable grounds for believing to be or to have been employed on any premises in respect of which any provision of this Act is applicable, or whom he has reasonable grounds for believing to be or to have been in possession, custody or control of anything, in respect of which any such provision is applicable.

(9) (*a*) An officer may board any ship or may stop and board any vehicle and may search any such ship or vehicle or any person found therein or thereon for goods upon which duty has not been paid, or in respect of which he has reasonable cause to believe that there has been a contravention of any provision of this Act, and may freely remain on such ship or vehicle in pursuance of his duties.

(*b*) If any room, cabin, place, safe, chest, box or package is locked and the keys thereof are not produced on demand, the officer may open such room, cabin, place, safe, chest, box or package in any manner.

(10) An officer may stop any person whom he has reason to suspect of having dutiable goods or goods in respect of which a contravention under this Act has been committed, secreted about him or in his possession and he may search such person.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(11) (*a*) Enigiemand kan, alvorens hy ingevolge hierdie artikel deursoek word, eis dat die betrokke beampte hom na die Ontvanger bring, wat na goeddunke so iemand kan vrystel of kan beveel dat hy deursoek word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf slegs van toepassing is indien so iemand binne 'n hawe- of lughawebeheergebied en gedurende die voorgeskrewe diensure van die Ontvanger voorgekeer word.

(*b*) 'n Vrou word slegs deur 'n vrou deursoek.

(12) 'n Beampte kan enige pakhuis, opslagplek, kamer, kajuit, plek, vat, toestel, werktuig, toebehore, voertuig of goedere toesluit, verseël, merk, vasmaak of andersins beveilig indien hy rede het om te vermoed dat 'n oortreding kragtens hierdie Wet ten opsigte daarvan of in verband daarmee begaan is of waarskynlik begaan sal word.

Toepassing van Wet.

5. By die toepassing van hierdie Wet word die gebied Suidwes-Afrika (met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel in sub-artikel (3) van artikel *drie* van die Wysigingswet op Aangeleenthede van Suidwes-Afrika, 1951 (Wet No. 55 van 1951), vermeld) geag deel van die Republiek te wees.

HOOFSTUK III.

INVOER, UITVOER EN DEURVOER EN KUSVERVOER VAN GOEDERE.

Aanwysing van klaringsplekke, goedgekeurde paaie en roetes, ens.

6. (1) Die Sekretaris kan, behoudens enige deur hom gestelde voorwaardes, by reël aanwys of voorskryf—

(*a*) plekke as klaringsplekke vir die Republiek waardeur goedere ingevoer of uitgevoer kan word of waar goedere vir deurvoer of kusvervoer geland kan word, waar skepe op buitelandse vaart kan aandoen, waar persone wat die Republiek binnekom of verlaat aan wal of aan boord kan gaan of waar goedere vir doeane- en aksynsdoeleindes geklaar kan word;

(*b*) die paaie of roetes (met inbegrip van spoorlyne) waarlangs persone die Republiek kan binnekom of verlaat of ingevoerde goedere of goedere vir uitvoer of deurvoer bestem die Republiek kan binnekom of verlaat of van enige punt na enige ander punt vervoer kan word of die vervoermiddels van sodanige goedere;

(*c*) plekke as pakhuisplekke waar doeane- en aksynspakhuise opgerig kan word;

(*d*) plekke vir die besondere en beperkte doeleindes en vir die tydperke wat bepaal word;

(*e*) plekke as doeane- en aksynslughawens waar vliegtuie wat die Republiek binnekom, vir die eerste keer moet land, waarvandaan vliegtuie wat die Republiek verlaat uiteindelik moet vertrek, waardeur goedere ingevoer of uitgevoer kan word of waar goedere vir deurvoer of kusvervoer geland kan word of waar persone wat die Republiek binnekom of verlaat, kan afstap of aan boord kan gaan;

(*f*) plekke by aangewese klaringsplekke of by doeane- en aksynslughawens vir die aan wal gaan of die afstap of die aan boord gaan van persone en die landing, oplaai of ondersoek van goedere (met inbegrip van bagasie);

(*g*) loodse as deurvoerloodse waarin goedere, voor behoorlike klaring daarvan, uit 'n skip, vliegtuig of voertuig verwyder kan word;

(*h*) algemene of spesiale in- en uitgange na of van enige dok- of kaaigebied of doeane- en aksynslughawe;

(*i*) die ure waartydens enige plek, pad, roete, loods, in- of uitgang wat ingevolge enige paragraaf van hierdie sub-artikel aangewys of voorgeskryf is, gebruik kan word vir die doeleindes in sodanige paragraaf vermeld.

(2) Indien die Sekretaris enige plekke, paaie, roetes, vervoermiddels, loodse, in- of uitgange, na gelang van die geval, kragtens enige paragraaf van sub-artikel (1) aangewys of voorgeskryf het, kan, behoudens die bepalings van sub-artikel (3), slegs daardie plekke, paaie, roetes, vervoermiddels, loodse, in- of uitgange wat aldus aangewys of voorgeskryf is, gebruik of aangewend word vir die doeleindes waarvoor dit kragtens sodanige paragraaf aldus aangewys of voorgeskryf is en indien enige ure kragtens paragraaf (*i*) van sub-artikel (1) voorgeskryf is waartydens enige in bedoelde paragraaf (*i*) bedoelde plek, pad, roete, loods, in- of uitgang gebruik kan word, mag sodanige plek, pad, roete, loods, in- of uitgang slegs gedurende sodanige ure gebruik word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(11) (*a*) Any person may, before being searched in terms of this section, require the officer concerned to take him before the Collector, who may in his discretion discharge such person or direct that he be searched: Provided that the provisions of this paragraph shall apply only if such person is stopped within a harbour or airport control area and during the prescribed working hours of the Collector.

(*b*) A female shall only be searched by a female.

(12) An officer may lock up, seal, mark, fasten or otherwise secure any warehouse, store, room, cabin, place, vessel, appliance, utensil, fitting, vehicle or goods if he has reason to believe that any contravention under this Act has been or is likely to be committed in respect thereof or in connection therewith.

Application of Act.

5. For the purposes of this Act, the territory of South-West Africa (including the Eastern Caprivi Zipfel referred to in sub-section (3) of section *three* of the South-West Africa Affairs Amendment Act, 1951 (Act No. 55 of 1951)), shall be deemed to be a part of the Republic.

CHAPTER III.

IMPORTATION, EXPORTATION AND TRANSIT AND COASTWISE CARRIAGE OF GOODS.

Appointment of places of entry, authorized roads and routes, etc.

6. (1) The Secretary may, subject to such conditions as he may specify, by rule appoint or prescribe—

(*a*) places to be places of entry for the Republic, through which goods may be imported or exported or where goods may be landed for transit or coastwise carriage, where foreign-going ships may call, where persons entering or leaving the Republic may disembark or embark or where goods may be entered for customs and excise purposes;

(*b*) the roads or routes (including railways) over which persons may enter or leave the Republic or imported goods or goods intended for export or transit carriage may enter or leave the Republic or may be carried from any one point to any other point or the means of carriage of such goods;

(*c*) places as warehousing places where customs and excise warehouses may be established;

(*d*) places for such particular and limited purposes and for such periods as may be specified;

(*e*) places to be customs and excise airports at which aircraft entering the Republic shall first land, from which aircraft leaving the Republic shall finally depart, through which goods may be imported or exported or where goods may be landed for transit or coastwise carriage or where persons entering or leaving the Republic may disembark or embark;

(*f*) places at appointed places of entry or at customs and excise airports for the landing or embarkation of persons and the landing, loading or examination of goods (including baggage);

(*g*) sheds as transit sheds into which goods, before due entry thereof, may be removed from a ship, aircraft or vehicle;

(*h*) entrances and exits, general or special, to or from any dock or wharf area or customs and excise airport;

(*i*) the hours during which any place, road, route, shed, entrance or exit appointed or prescribed under any paragraph of this sub-section may be used for the purposes specified in such paragraph.

(2) If any places, roads, routes, means of carriage, sheds, entrances or exits, as the case may be, have been appointed or prescribed by the Secretary under any paragraph of sub-section (1), only such places, roads, routes, means of carriage, sheds, entrances or exits so appointed or prescribed may, subject to the provisions of sub-section (3), be used or employed for the purposes for which they have been so appointed or prescribed under such paragraph and if any hours have been prescribed under paragraph (*i*) of sub-section (1) during which any place, road, route, shed, entrance or exit referred to in the said paragraph (*i*) may be used such place, road, route, shed, entrance or exit shall be used only during such hours.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(3) Die gesagvoerder van 'n skip op buitelandse vaart of sodanige ander klas skip as wat die Sekretaris by reël bepaal, doen nie by 'n ander plek in die Republiek aan as 'n klaringsplek wat kragtens hierdie artikel aangewys is nie, en die loods van 'n vliegtuig wat in die Republiek aankom, moet, tensy die Sekretaris hom spesiale toestemming verleen het om elders te land, sy eerste landing by 'n plek wat kragtens hierdie artikel as 'n doeane- en aksynslughawe aangewys is, doen en moet sy vliegtuig onmiddellik na die ondersoekplek by daardie lughawe neem: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is nie indien die gesagvoerder of loods, na gelang van die geval, deur ongunstige weer, ongeluk of ander omstandighede buite sy beheer gedwing word om by 'n plek aan te doen of te land wat nie aldus aangewys is nie en hy hom aanmeld by die Ontvanger naaste aan die plek waar hy gedwing is om aldus aan te doen of te land of by die Ontvanger by die eerste klaringsplek of doeane- en aksynslughawe wat kragtens hierdie artikel aangewys is en waar hy daarna aankom, en hy aan die regulasies voldoen.

(4) (*a*) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, moet enige persoon te voet of in beheer van 'n voertuig wat enige dok- of kaaiterrein of doeane- en aksynslughawe binnegaan of verlaat of wat die Republiek per pad binnekom of verlaat by 'n plek waar 'n beampte gestasioneer is, stop of sodanige voertuig tot stilstand bring om deur sodanige beampte deursoek of ondersoek te word, na sy goeddunke, en sodanige persoon gaan nie voort of laat nie sodanige voertuig voortgaan voordat bedoelde beampte dit toelaat nie.

(*b*) Indien sodanige persoon nie stop nie of nie sodanige voertuig tot stilstand bring nie of voortgaan of sodanige voertuig laat voortgaan sonder toestemming, kan die beampte die stappe doen, met inbegrip van die gebruik van geweld, wat hy nodig ag om die persoon of voertuig te stop en niemand is geregtig op enige vergoeding vir enige verlies of skade wat ontstaan as gevolg van enige *bona fide*-handeling van 'n beampte kragtens hierdie artikel nie.

(5) Indien die Sekretaris dit verlang, moet die eienaar of okkupeerder van 'n kragtens hierdie artikel aangewese deurvoerloods tot genoeë van die Sekretaris vir enige beampte wat die Sekretaris nodig ag om by sodanige loods te stasioneer, akkommodasie verskaf.

Rapporteer van aankoms of vertrek van skepe of vliegtuie.

7. (1) Die gesagvoerder van enige skip wat by enige kragtens artikel *ses* aangewese klaringsplek aankom, hetsy met 'n lading of in ballas, moet binne vier-en-twintig uur na aankoms van die skip en, tensy die Ontvanger toestemming tot die teendeel verleen het, voordat passasiers of bemanning aan wal of aan boord gaan of goedere geland of opgelaai word, en die loods van enige vliegtuig wat in die Republiek aankom, hetsy met of sonder goedere of passasiers, moet binne drie uur na landing by enige plek wat kragtens artikel *ses* as 'n doeane- en aksynslughawe aangewys is of binne die verdere tydperk wat die Sekretaris toelaat, maar in ieder geval voordat passasiers of bemanning afstap of aan boord gaan of goedere geland of opgelaai word—

(*a*) behoorlik die aankoms skriftelik rapporteer, met soveel duplikate of uittreksels as wat die Ontvanger verlang;

(*b*) in teenwoordigheid van die Ontvanger 'n verklaring met betrekking tot die waarheid van die rapport aflê en onderteken en alle vrae aangaande die skip of vliegtuig, die vrag en voorrade en die bemanning, passasiers en reis of vlug wat die Ontvanger aan hom stel, beantwoord; en

(*c*) indien verlang, die amptelike logboeke vir die reis of vlug, die bergingsgids en enige ander dokumente in sy besit aangaande die vrag, voorrade, bemanning, passasiers en reis of vlug, voorlê.

(2) Die in sub-artikel (1) bedoelde rapport moet die besonderhede bevat wat die Minister by regulasie voorskryf, asook—

(*a*) 'n lys van die passasiers; en

(*b*) manifeste van alle goedere aan boord of 'n manifes, in die voorgeskrewe vorm, van alle goedere na daardie plek versend, na gelang die Sekretaris vereis.

(3) Die gesagvoerder van enige skip en die loods van enige vliegtuig wat van enige plek in die Republiek na enige plek daarbuite gaan, moet voor die Ontvanger verskyn en aan hom 'n uitwaartse rapport, in die voorgeskrewe vorm, oorhandig tesame met 'n volledige staat van die gelaaide vrag en van

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(3) The master of a foreign-going ship or such other class of ship as the Secretary may specify by rule shall not call at any place in the Republic other than a place of entry appointed in terms of this section and the pilot of an aircraft arriving in the Republic shall, unless the Secretary has granted him special permission to land elsewhere, make his first landing at a place appointed as a customs and excise airport in terms of this section and shall forthwith take his aircraft to the examination station at that airport: Provided that the provisions of this sub-section shall not apply if the master or pilot, as the case may be, is forced by stress of weather, accident or other circumstances beyond his control to call or land at a place not so appointed and he reports to the Collector nearest to the place where he was so forced to call or land or to the Collector at the first place of entry or customs and excise airport appointed in terms of this section at which he next arrives and complies with the regulations.

(4) (*a*) Subject to the provisions of this Act, any person on foot or in charge of a vehicle entering or leaving any dock or wharf area or customs and excise airport or entering or leaving the Republic by road at a place where an officer is stationed, shall stop or bring such vehicle to a stop for the purpose of being searched or examined by such officer in his discretion and such person shall not proceed or cause such vehicle to proceed until permitted by such officer.

(*b*) If any such person fails to stop, or to bring such vehicle to a stop or proceeds or causes such vehicle to proceed without permission, the officer may take such action, including the use of force, as he may deem necessary to stop such person or vehicle and no person shall be entitled to any compensation for any loss or damage arising out of any *bona fide* action of an officer under this section.

(5) The owner or occupier of a transit shed appointed in terms of this section shall, if required by the Secretary, provide accommodation to the satisfaction of the Secretary, for any officer whom the Secretary considers it necessary to station at such shed.

Report of arrival or departure of ships or aircraft.

7. (1) The master of any ship arriving at any place of entry appointed in terms of section *six*, whether laden or in ballast, shall within twenty-four hours after the ship's arrival and, unless the Collector has given permission to the contrary, before the landing or embarkation of passengers or crew or the landing or loading of goods, and the pilot of any aircraft arriving in the Republic, whether with or without goods or passengers, shall within three hours after landing at any place appointed as a customs and excise airport in terms of the said section *six* or within such further time as the Secretary may allow, but in any event before the landing or embarkation of passengers or crew or the landing or loading of goods—

(*a*) make due report in writing of the arrival, with as many duplicates or extracts as the Collector may require;

(*b*) make and subscribe to a declaration as to the truth of the report before the Collector and answer all such questions concerning the ship or aircraft, the cargo and stores, and the crew, passengers and voyage or flight as may be put to him by the Collector; and

(*c*) produce, if required, the official log books for the voyage or flight, the stowage plans and any other documents in his possession relating to the cargo, stores, crew, passengers and voyage or flight.

(2) The report referred to in sub-section (1) shall contain such particulars as the Minister may prescribe by regulation and shall further include—

(*a*) a list of the passengers; and

(*b*) manifests of all goods on board or a manifest, in the prescribed form, of all goods consigned to such place, as the Secretary may require.

(3) The master of any ship and the pilot of any aircraft bound from any place within to any place outside the Republic shall appear before the Collector and deliver to him a report outwards in the prescribed form together with a full account

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

alle ingevoerde goedere waarop regte nie betaal is nie en synsbare goedere wat as voorrade aan boord van daardie skip of vliegtuig verskeep word, en moet 'n verklaring aflê en onderteken aangaande die waarheid van sodanige rapport en staat en moet alle vrae wat die Ontvanger aan hom stel, beantwoord.

(4) Geen goedere word op enige skip of vliegtuig gelaai nie voor oorhandiging aan die Ontvanger van 'n aangifte uitwaarts wat die besonderhede van die skip of vliegtuig en sy bestemming bevat wat in die regulasies voorgeskryf word.

(5) Die bepalings wat van toepassing is in verband met die vertrek van enige skip of vliegtuig op buitelandse vlug vanaf enige plek binne die Republiek na enige ander plek binne die Republiek is soos by regulasie voorgeskryf word.

(6) (*a*) Die gesagvoerder van 'n skip of die loods van 'n vliegtuig op buitelandse vlug laat nie die skip of vliegtuig van enige aangewese klaringsplek of enige plek wat as 'n doeane- en aksynslughawe aangewys is vertrek of laat nie toe dat dit geskied tensy hy eers 'n uitklaringsertifikaat of geleibiljet vir die voorgenome reis of vlug van die Ontvanger verkry nie, en die gesagvoerder of loods, na gelang van die geval, mag nie na sy vertrek by enige plek in die Republiek, behalwe 'n aangewese klaringsplek of 'n plek wat as 'n doeane- en aksynslughawe aangewys is, aandoen of land nie, tensy hy daartoe deur ongunstige weer, ongeluk of ander omstandighede buite sy beheer gedwing word.

(*b*) Die bepalings wat van toepassing is waar sodanige gesagvoerder of loods aldus gedwing is om by 'n ander plek as 'n aangewese klaringsplek of 'n plek wat as 'n doeane- en aksynslughawe aangewys is, aan te doen of te land, is soos by regulasie voorgeskryf word.

(7) Indien 'n skip of vliegtuig ten opsigte waarvan 'n uitklaring by enige plek ingevolge hierdie artikel uitgereik is, nie binne ses-en-dertig uur vanaf die tyd van uitreiking van die uitklaring of binne die verdere tydperk wat die Ontvanger toestaan, van daardie plek af vertrek nie, verval sodanige uitklaring en moet die gesagvoerder of loods opnuut 'n uitklaring verkry voordat hy die skip of vliegtuig laat vertrek of toelaat dat dit vertrek.

(8) Indien bevind word dat enige rapport wat kragtens hierdie artikel vereis word in enige opsig onvolledig of onjuis is, kan die Ontvanger, as hy daarvan oortuig is dat daar geen bedrieglike opset was nie, die gesagvoerder of loods toelaat om sy rapport te wysig.

(9) Die gesagvoerder van 'n skip of die loods van 'n vliegtuig kan, met toestemming van die Sekretaris en onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, goedere wat vir enige hawe of lughawe bestem is, aan boord hou om dit by enige ander hawe of lughawe te land, of goedere by enige hawe of lughawe land wat nie daarvoor bestem is nie.

(10) (*a*) Behoudens die regulasies, kan die Sekretaris algemene of spesiale geleibiljette toestaan op die voorwaardes wat hy oplê, ten opsigte van enige kusvaarder of skip wat hom uitsluitlik met vis-, robbe- of walvisvangs of ghwano-insameling en -vervoer of die ander bedrywighede wat die Sekretaris bepaal, besig hou.

(*b*) Die Sekretaris kan by kennisgewing aan die gesagvoerder of eienaar van die skip of enige lid van die bemanning aan boord van sodanige skip enige sodanige geleibiljet intrek.

(2) Sodanige pakhuise kan gelisensieer word òf vir die opslag van belasbare goedere (wat as doeane- en aksynsopslagpakhuise bekend staan) òf vir die vervaardiging van belasbare goedere (wat as doeane- en aksynsvervaardigingspakhuise bekend staan), maar die Sekretaris kan 'n opslag- en 'n vervaardigingspakhuis op dieselfde perseel lisensieer mits dit op 'n wyse geskei is wat deur hom goedgekeur word.

(3) Die Ontvanger kan, benewens enige slot wat deur die lisensiehouer gebruik word, 'n doeane- en aksynspakhuis met 'n Staatslot laat sluit vir die tydperk wat hy goeddink en niemand mag sodanige slot verwyder of breek of sodanige pakhuis binnegaan of enige goedere daaruit verwyder sonder die toestemming van die Ontvanger terwyl dit aldus gesluit is nie.

(4) (*a*) Die Ontvanger kan te eniger tyd voorraad opneem van die goedere in enige doeane- en aksynspakhuis en reg moet, behoudens die bepalings van sub-artikel (5) van artikel *twintig*, onverwyld betaal word op enige tekort.

(*b*) As daar gevind word dat die voorraad groter is as die hoeveelheid wat in sodanige pakhuis behoort te wees, moet die voorraad met die surplus gedebiteer word en die reg daarop betaal word by klaring vir binnelandse verbruik.

(5) Die Staat of enige beampte is in geen geval vir enige verlies of beskadiging van watter aard ook al van enige goedere in 'n doeane- en aksynspakhuis of vir enige verlies of skade weens foutiewe aflewering van sodanige goedere aanspreeklik nie.

(6) Benewens enige aanspreeklikheid vir reg wat enige persoon kragtens enige ander bepaling van hierdie Wet opgeloop het, is die lisensiehouer van 'n doeane- en aksynspakhuis, behoudens die bepalings van sub-artikel (7), aanspreeklik vir die reg op alle goedere in sodanige pakhuis opgeslaan of vervaardig vanaf die tydstip van ontvangs van die goedere in sodanige pakhuis of die tydstip van vervaardiging van die goedere in sodanige pakhuis, na gelang van die geval.

(7) Behoudens die bepalings van sub-artikel (8), eindig enige aanspreeklikheid vir reg kragtens sub-artikel (6) wanneer daar tot bevrediging van die Sekretaris bewys word deur die betrokke lisensiehouer dat die betrokke goedere behoorlik ingevolge sub-artikel (4) van artikel *twintig* geklaar is en dat dit ooreenkomstig sodanige klaring afgelewer of uitgevoer is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

or any class or kind of such goods or any such goods removed in bond in circumstances specified by him, allow such goods to be entered for removal in bond at a place other than the place where the goods entered the Republic.

(12) The Secretary may determine the roads and routes and the means of carriage of any goods removed in bond or any class or kind of such goods or any such goods carried in circumstances specified by him.

(13) No person shall, without the permission of the Secretary, divert any goods removed in bond to a destination other than the destination declared on entry for removal in bond or deliver such goods or cause such goods to be delivered in the Republic except into the control of the department at the place of destination.

(14) The Secretary may specify the particulars to be reflected on the entry for removal in bond and the documents to be produced by the remover upon entry for removal in bond in respect of any goods removed in bond, or any class or kind of such goods or any such goods removed in circumstances or to a destination specified by him.

CHAPTER IV.

CUSTOMS AND EXCISE WAREHOUSES; STORAGE AND MANUFACTURE OF GOODS IN CUSTOMS AND EXCISE WAREHOUSES.

Customs and excise warehouses.

19. (1) The Secretary may license at any place appointed for that purpose under the provisions of this Act, warehouses (to be known as customs and excise warehouses) approved by him for the storage of such dutiable imported or excisable goods or for the manufacture of such dutiable goods from imported or locally-produced materials or imported and locally-produced materials as he may approve in respect of each such warehouse.

(2) Such warehouses may be licensed either for the storage of dutiable goods (to be known as customs and excise storage warehouses) or for the manufacture of dutiable goods (to be known as customs and excise manufacturing warehouses), but the Secretary may license a storage and a manufacturing warehouse on the same premises provided they are separated in a manner approved by him.

(3) The Collector may, in addition to any lock used by the licensee, cause any customs and excise warehouse to be locked with a State lock for such period as he deems fit, and no person shall remove or break such lock or enter such warehouse or remove any goods therefrom without the permission of the Collector while it is so locked.

(4) (*a*) The Collector may at any time take stock of the goods in any customs and excise warehouse and duty shall, subject to the provisions of sub-section (5) of section *twenty*, forthwith be paid upon any deficiency.

(*b*) If the stock is found to be greater than the quantity which should be in such warehouse, the excess shall be debited to stock and the duty thereon paid on entry for home consumption.

(5) The State or any officer shall in no case be liable for any loss of or damage of whatever nature to any goods in a customs and excise warehouse or for any loss or damage sustained by reason of wrong delivery of such goods.

(6) In addition to any liability for duty incurred by any person under any other provision of this Act, the licensee of a customs and excise warehouse shall, subject to the provisions of sub-section (7), be liable for the duty on all goods stored or manufactured in such warehouse from the time of receipt into such warehouse of such goods or the time of manufacture in such warehouse of such goods, as the case may be.

(7) Subject to the provisions of sub-section (8), any liability for duty in terms of sub-section (6) shall cease when it is proved to the satisfaction of the Secretary by the licensee concerned that the goods in question have been duly entered in terms of sub-section (4) of section *twenty* and have been delivered or exported in terms of such entry.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(8) Indien die betrokke lisensiehouer versuim om die in sub-artikel (7) bedoelde bewys ten opsigte van enige goedere in die betrokke pakhuis te lewer binne die tydperk in die regulasies bepaal waarvoor goedere van daardie klas of soort in 'n doeane- en aksynspakhuis opgeslaan of gehou kan word of as die lisensiehouer 'n oortreding kragtens hierdie Wet begaan ten opsigte van enige goedere wat in sodanige pakhuis opgeslaan is of gehou word, moet hy op aanvraag van die Sekretaris onverwyld die reg op sodanige goedere verskuldig, betaal.

Goedere in doeane- en aksynspakhuise.

20. (1) (*a*) Enige belasbare ingevoerde of synsbare goedere (behalwe goedere wat met korting op reg kragtens artikel *vyf-en-sewentig* geklaar word) van 'n klas of soort wat deur die Sekretaris goedgekeur is ten opsigte van elke pakhuis, kan geklaar word vir opslag in 'n doeane- en aksynspakhuis met uitstel van die betaling van reg daarop en geen goedere word verwyder na of geplaas in 'n doeane- en aksynspakhuis voordat dit aldus geklaar is nie.

(*b*) Sodanige klaring word by die toepassing van hierdie Wet geag 'n behoorlike klaring te wees ten opsigte van sodanige goedere by die plek van invoer of vervaardiging.

(2) (*a*) By klaring en landing van ingevoerde goedere vir opslag in of die oorplasing van belasbare synsbare goedere na 'n doeane- en aksynspakhuis of die oorplasing van belasbare vervaardigde goedere van 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis na 'n doeane- en aksynsopslagpakhuis moet die Ontvanger 'n noukeurige opname van sodanige goedere doen en boekstaaf.

(*b*) Behoudens die bepalings van artikel *agtien* en van sub-artikel (5) word geen afslag toegelaat vir verlies of vermindering van enige aard wat plaasvind terwyl sodanige goedere vervoer word na of gehou word in enige sodanige pakhuis of vervoer word van een pakhuis na 'n ander of vervoer word onder waarborg nie.

(3) Goedere waarop geen reg betaalbaar is nie en van 'n klas of soort wat deur die Sekretaris goedgekeur is ten opsigte van elke pakhuis kan sonder klaring in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis ingeneem word ten einde gebruik te word by die vervaardiging van belasbare goedere onderworpe aan die voorwaardes en die hou van die aantekeninge wat die Sekretaris in elke geval bepaal.

(4) Geen goedere wat in 'n doeane- en aksynspakhuis opgeslaan of vervaardig is, word uit sodanige pakhuis geneem of afgelewer nie behalwe ooreenkomstig die regulasies en na behoorlike klaring vir die een of die ander van die volgende doeleindes—

(*a*) binnelandse verbruik en betaling van enige reg daarop verskuldig;

(*b*) heropslag in 'n ander doeane- en aksynspakhuis;

(*c*) vervoer onder waarborg (soos in artikel *agtien* bepaal) na enige pakhuisplek kragtens die bepalings van hierdie Wet aangewys, vir heropslag in 'n ander doeane- en aksynspakhuis of klaring vir binnelandse verbruik of klaring vir uitvoer uit doeane- en aksynspakhuis;

(*d*) uitvoer uit doeane- en aksynspakhuis (met inbegrip van verskaffing as voorrade aan skepe of vliegtuie op vreemde vaart of vlug).

(5) Die reg op enige tekort in 'n doeane- en aksynspakhuis moet onverwyld op aanvraag na die ontdekking van sodanige tekort betaal word: Met dien verstande dat in die geval van goedere wat in enige doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis vervaardig word, die Sekretaris, behoudens die bepalings van sub-artikel (2) van artikel *vyf-en-dertig* werks- en prosesverliese en verliese te wyte aan natuurlike oorsake tussen die tyd wanneer aanspreeklikheid vir belasting eerste ontstaan en die tyd van verwydering uit daardie pakhuis van sodanige goedere kan toelaat, in die mate in Bylae No. 4 of 6 vermeld, mits hy oortuig is dat geen deel van sodanige verlies op moedswillige of nalatige wyse veroorsaak is nie.

(6) Goedere wat vir kleinhandelverkoop verpak is, word nie geklaar vir opslag in 'n opslagpakhuis tensy dit verpak is in buitehouers wat gewoonlik in die groothandel ten opsigte van sodanige goedere gebruik word nie.

(7) Indien die lisensiehouer van enige doeane- en aksynspakhuis voortdurend versuim om te voldoen aan die vereistes van hierdie Wet of 'n in artikel *tagtig* bedoelde oortreding begaan, kan die Sekretaris die lisensie ten opsigte van sodanige pakhuis intrek of dit vir die tydperk wat hy bepaal, opskort.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(8) If the licensee concerned fails to submit any such proof as is referred to in sub-section (7) in respect of any goods in the warehouse in question within the period specified in the regulations for which goods of that class or kind may be stored or kept in a customs and excise warehouse or if the licensee commits an offence under this Act in respect of any goods stored or kept in such warehouse he shall upon demand by the Secretary forthwith pay the duty due on such goods.

Goods in customs and excise warehouses.

20. (1) (*a*) Any dutiable imported or excisable goods (except goods entered under rebate of duty under section *seventy-five*) of a class or kind approved by the Secretary in respect of each warehouse may be entered for storage in a customs and excise warehouse with deferment of payment of duty thereon and no goods shall be removed to or placed in a customs and excise warehouse until they have been so entered.

(*b*) Such entry shall be deemed to be due entry in respect of such goods at the place of importation or manufacture for the purposes of this Act.

(2) (*a*) Upon the entry and landing of imported goods for storage in or the transfer of dutiable excisable goods to a customs and excise warehouse or the transfer of dutiable manufactured goods from a customs and excise manufacturing warehouse to a customs and excise storage warehouse, the Collector shall take and record a particular account of such goods.

(*b*) Subject to the provisions of section *eighteen* and of sub-section (5), no allowance for loss or diminution of any nature which occurs while such goods are being transported to or kept in any such warehouse or transported from one warehouse to another or removed in bond shall be allowed.

(3) Goods on which no duty is payable and of a class or kind approved by the Secretary in respect of each warehouse, may, subject to such conditions and to the keeping of such records as the Secretary may in each case determine, without entry, be taken into a customs and excise manufacturing warehouse for the purpose of being used in the manufacture of dutiable goods.

(4) No goods which have been stored or manufactured in a customs and excise warehouse shall be taken or delivered from such warehouse except in accordance with the regulations and upon due entry for one or other of the following purposes—

(*a*) home consumption and payment of any duty due thereon;

(*b*) rewarehousing in another customs and excise warehouse;

(*c*) removal in bond (as provided in section *eighteen*) to any warehousing place appointed under the provisions of this Act, for rewarehousing in another customs and excise warehouse or entry for home consumption or entry for export from customs and excise warehouse;

(*d*) export from customs and excise warehouse (including supply as stores for foreign-going ships or aircraft).

(5) The duty on any deficiency in a customs and excise warehouse shall be paid forthwith on demand after detection of such deficiency: Provided that in the case of goods manufactured in any customs and excise manufacturing warehouse the Secretary may, subject to the provisions of sub-section (2) of section *thirty-five*, allow working and processing losses and losses due to natural causes, between the time when liability for duty first arises and the time of removal from that warehouse of such goods, to the extent specified in Schedule No. 4 or 6 if he is satisfied that no part of such loss was wilfully or negligently caused.

(6) Goods packed for retail sale shall not be entered for storage in a storage warehouse unless they are packed in outer containers normally used in the wholesale trade in respect of such goods.

(7) If the licensee of any customs and excise warehouse persistently fails to comply with the provisions of this Act or commits any offence referred to in section *eighty*, the Secretary may revoke the licence in respect of such warehouse or suspend it for such period as he may determine.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Spesiale doeane- en aksynspakhuise.

21. Die Sekretaris kan, behoudens die voorwaardes wat hy in elke geval oplê, by enige plek in die Republiek spesiale doeane- en aksynspakhuise lisensieer vir die spesiale doeleindes en vir die tydperk wat hy bepaal, mits die sekerheid wat hy vereis, verskaf word.

Monsters van goedere in 'n doeane- en aksynspakhuis.

22. Die Ontvanger kan, ooreenkomstig die reëls, toelaat dat monsters van goedere in 'n doeane- en aksynspakhuis deur die eienaar van sodanige goedere geneem word en kan toelaat dat betaling van reg daarop uitgestel word totdat die goedere waarvan sodanige monsters geneem is, vir enige doel geklaar word vir aflewering uit daardie pakhuis.

Opslag of vervaardiging van verbode goedere.

23. Die Sekretaris kan die opslag of vervaardiging van goedere waarvan die invoer of vervaardiging of van die hand sit kragtens enige wet verbied of beperk word, in 'n doeane- en aksynspakhuis toelaat, mits sodanige goedere in sodanige pakhuis opgeslaan of vervaardig word slegs vir uitvoer of verskaffing as voorrade aan skepe of vliegtuie op buitelandse vaart of vlug.

Skeeps- of vliegtuig-voorrade in Republiek verbruik.

24. Indien enige goedere wat kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *twintig* uit 'n doeane- en aksynspakhuis as skeeps- of vliegtuigvoorrade verskeep is (behalwe enige sodanige goedere wat vir die werking van die skip gebruik word en nie vir verbruik deur of vir verkoop of van die hand sit aan die gesagvoerder of lede van die bemanning of passasiers van of besoekers aan sodanige skip nie) op sodanige skip in enige hawe in die Republiek of op sodanige vliegtuig, terwyl dit nie in die lug is nie, op enige plek in die Republiek of op sodanige vliegtuig op 'n vlug tussen enige plekke in die Republiek verbruik, verkoop of van die hand gesit word, is die gesagvoerder van sodanige skip of die loods van sodanige vliegtuig, na gelang van die geval, aanspreeklik vir die reg op die goedere aldus verbruik, verkoop of van die hand gesit en moet hy op aanvraag van die Sekretaris onverwyld die reg op sodanige goedere verskuldig, betaal: Met dien verstande dat die Sekretaris by reël enige klas of soort voorrade of skip of vliegtuig of enige voorrade of skip of vliegtuig waarop in sodanige reël bepaalde omstandighede van toepassing is van enige bepaling van hierdie artikel kan vrystel.

Sortering en herverpakking in doeane- en aksynsopslag-pakhuise.

25. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Sekretaris die lisensiehouer van 'n doeane- en aksynsopslagpakhuis of die eienaar van enige goedere in sodanige pakhuis toelaat om enige goedere in daardie pakhuis te sorteer, te skei, te verpak of te herverpak en om die veranderinge daarin te maak of die stappe te doen wat nodig is vir die bewaring van daardie goedere of vir die verkoop, uitvoer of ander wettige van die hand sit daarvan of kan hy die behandeling van synsbare goedere in sodanige pakhuis toelaat wat hy goedvind.

Oordrag van eiendomsreg op opgeslaande goedere.

26. Die eienaar van enige belasbare goedere in 'n doeane- en aksynspakhuis kan sy eiendomsreg aan enige ander persoon oordra, maar die Sekretaris kan weier om enige sodanige oordrag van eiendomsreg te erken tensy die Ontvanger daarvan in kennis gestel word op die wyse wat deur die Sekretaris by reël voorgeskryf is en wat kan verskil ten opsigte van verskillende klasse of soorte goedere of goedere ten opsigte waarvan omstandighede deur hom bepaal van toepassing is.

Spesiale bepalings ten opsigte van doeane- en aksynsvervaardigingspakhuise.

27. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, mag goedere wat onderhewig is aan aksynsreg nie vervaardig word behalwe ingevolge hierdie artikel en behalwe in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis wat ingevolge hierdie Wet gelisensieer is nie: Met dien verstande dat spiritus wat deur landboudistilleerders gedistilleer word en wyn uitgesluit is van die vereiste van vervaardiging in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan die Sekretaris, op die voorwaardes wat hy oplê, toestemming verleen vir die vervaardiging kragtens die bepalings van hierdie Hoofstuk van enige goedere in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis indien enige van die goedere wat by sodanige vervaardiging gebruik word aan reg onderhewig is of indien die goedere wat aldus vervaardig word, belasbaar is.

(3) Enige ingevoerde goedere wat in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis ingebring word en bestem is vir gebruik daarin by die vervaardiging van goedere wat aan aksynsreg onderhewig is, moet vir binnelandse verbruik geklaar word en enige reg verskuldig daarop moet voor sodanige gebruik betaal word.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Special customs and excise warehouses.

21. The Secretary may, subject to such conditions as he may in each case impose, license at any place in the Republic special customs and excise warehouses for such special purposes and for such period as he may specify, provided such security as he may require, is furnished.

Samples of goods in a customs and excise warehouse.

22. The Collector may, in accordance with the rules, permit samples of goods in a customs and excise warehouse to be taken by the owner of such goods and may permit payment of duty thereon to be deferred until the goods from which such samples have been taken are entered for delivery from that warehouse for any purpose.

Storage or manufacture of prohibited goods.

23. The Secretary may allow the storage or manufacture in a customs and excise warehouse of goods the importation, manufacture or disposal of which is prohibited or restricted under any law, provided such goods are stored or manufactured in such warehouse for export or supply as stores for foreign-going ships or aircraft only.

Ships' or aircraft stores consumed in the Republic.

24. If any goods shipped as stores for any ship or aircraft from a customs and excise warehouse under the provisions of sub-section (4) of section *twenty* (except any such goods which are used for the operation of such ship and are not for consumption by or for sale or disposal to the master or members of the crew or passengers of or visitors to such ship) are consumed, sold or disposed of on such ship in any port in the Republic or on such aircraft at any place in the Republic when the aircraft is not airborne or on such aircraft on a flight between any places in the Republic, the master of such ship or the pilot of such aircraft, as the case may be, shall be liable for the duty on such goods so consumed, sold or disposed of and shall, upon demand by the Secretary, forthwith pay the duty due on such goods: Provided that the Secretary may by rule exempt any class or kind of stores or ship or aircraft or any stores or ship or aircraft to which circumstances specified in such rule apply from any provision of this section.

Sorting and repacking in customs and excise storage warehouses.

25. Subject to the provisions of this Act, the Secretary may permit the licensee of a customs and excise storage warehouse or the owner of any goods in such warehouse to sort' separate, pack or repack any goods in such warehouse and to make such alterations therein or such arrangements as may be necessary for the preservation of those goods or for the sale, exportation or other lawful disposal thereof, or may permit such processing of excisable goods in such warehouse as he may deem fit.

Transfer of ownership of warehoused goods.

26. The owner of any dutiable goods in a customs and excise warehouse may transfer his ownership to any other person but the Secretary may refuse to recognize any such transfer of ownership unless the Collector is notified thereof in the manner prescribed by the Secretary by rule which may vary in respect of different classes or kinds of goods or goods in respect of which circumstances specified by him apply.

Special provisions in respect of customs and excise manufacturing warehouses.

27. (1) Subject to the provisions of this Act, goods liable to excise duty may not be manufactured except in terms of this section and except in a customs and excise manufacturing warehouse licensed under this Act: Provided that spirits distilled by agricultural distillers and wine shall be excluded from the requirement of manufacture in a customs and excise manufacturing warehouse.

(2) Subject to the provisions of this Act, the Secretary may, on such conditions as he may impose, permit the manufacture under the provisions of this Chapter of any goods in any customs and excise manufacturing warehouse if any of the goods used in such manufacture are liable to duty or if the goods so manufactured are dutiable.

(3) Any imported goods brought into and intended for use in a customs and excise manufacturing warehouse in the manufacture of goods liable to excise duty shall be entered for home consumption and any duty due thereon shall be paid prior to such use.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(4) Geen vervaardiging van goedere vind in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis plaas voordat alle persele en installasies wat vir gebruik in verband met sodanige vervaardiging bestem is en die doel waarvoor dit gebruik staan te word, deur die Sekretaris goedgekeur en by hom geregistreer is nie.

(5) Planne van die persele en installasies wat in verband met sodanige vervaardiging gebruik gaan word en van die ligging van die installasies op sodanige persele en besonderhede van enige identifikasienommers of merke op enige installasies moet aan die Ontvanger voorgelê word voor die aanvang van vervaardiging en geen verandering aan sodanige persele of installasies word aangebring sonder die vooraf verkreë toestemming van die Sekretaris nie.

(6) Alle werksaamhede in doeane- en aksynsvervaardigingspakhuise is onderhewig aan die reg van toesig deur beamptes.

(7) (*a*) Elke lisensiehouer van 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis moet, indien die Sekretaris dit verlang, kantoorakkommodasie en kos en inwoning tot genoeë van die Sekretaris verskaf aan enige beampte wat vir die doeleindes van hierdie Wet by sodanige pakhuis gestasioneer is of dit besoek.

(*b*) 'n Persoon wat aldus kos en inwoning aan 'n beampte verskaf, is op redelike vergoeding daarvoor geregtig.

(8) Die Ontvanger kan aan enige lisensiehouer skriftelike opdrag gee, wat spesifiseer in watter deel van die pakhuis—

(*a*) enige proses in die vervaardiging uitgevoer moet word; en

(*b*) enige materiaal vir gebruik by vervaardiging en vervaardigde goedere, onderskeidelik, gehou moet word.

(9) Geen lisensiehouer mag, sonder skriftelike toestemming van die Sekretaris, in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis enige besigheid doen, behalwe dié waarvoor die pakhuis gelisensieer is en die persele en installasies geregistreer is nie.

(10) Niemand mag, behalwe met die skriftelike toestemming van die Sekretaris—

(*a*) enige perseel of installasie wat geregistreer moet word ingevolge die bepalings van hierdie Hoofstuk, gebruik vir enige doel behalwe dié wat in sodanige registrasie uiteengesit word nie;

(*b*) enige verandering aan enige struktuur op sodanige perseel of van enige sodanige installasie aanbring nie;

(*c*) enige installasie behalwe dié wat in sodanige registrasie uiteengesit word in sodanige perseel inbring of in besit hê nie, of enige installasie uit sodanige perseel verwyder nie;

(*d*) 'n pyp of buis vir die vervoer van enige stof of produk in 'n pakhuis onder die oppervlakte van die grond aanbring tensy sodanige pyp of buis toegemaak is in 'n omhulsel wat maklik oopgemaak kan word sodat die pyp of buis sigbaar is nie.

(11) Die Sekretaris kan by reël voorskryf op watter dae en gedurende watter ure al die werksaamhede in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis of enigeen daarvan (met inbegrip van die verwydering van goedere) verrig moet word.

(12) Geen distilleerbedrywighede word begin voordat die geheel of enige gedeelte van die distilleerstelsel of -installasie, na gelang die Sekretaris vereis, op koste van die lisensiehouer, van toebehore en benodigdhede voorsien is wat geskik is vir die insit of aanheg van doeane- en aksynsmeters, -mate, -maatstokke, -slotte en -seëls ooreenkomstig die regulasies en tot bevrediging van die Sekretaris vir die beveiliging van sodanige stelsel of installasie en totdat sodanige stelsel of installasie behoorlik deur die Ontvanger beveilig is nie.

(13) Indien daar met enige meter, maatstok, slot of toebehore gepeuter word of dit beskadig word, of indien enige pyp, tap, slottoebehoorsel of toebehore wat aan 'n distilleerketel of houer geheg is, deursteek of beskadig word, moet die lisensiehouer onverwyld die betrokke artikel herstel of vervang, tot bevrediging van die Sekretaris, of 'n beampte kan die reparasie of vervanging uitvoer op koste van die lisensiehouer.

(14) Indien enige sodanige gepeuter, beskadiging of deursteking regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur die opsetlike handeling of deur die nalatigheid of met die oogluikende toelating van die lisensiehouer of sy werknemer, is sodanige lisensiehouer, benewens aanspreeklikheid vir die koste van reparasie of vervanging, ook aan 'n misdryf skuldig.

(15) Die bewyslas dat enige sodanige gepeuter, beskadiging of deursteking nie soos voormeld veroorsaak is nie, rus op die lisensiehouer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(4) No manufacturing of goods shall take place in a customs and excise manufacturing warehouse until all premises and plant intended for use in connection with such manufacturing and the purpose for which they are to be used have been approved by and registered with the Secretary.

(5) Plans of the premises and plant to be used in connection with such manufacturing and of the location of the plant on such premises and particulars of any identifying numbers or marks on any plant shall be submitted to the Collector before the commencement of manufacturing and no alteration to such premises or plant shall be made without the prior permission of the Secretary.

(6) All operations in customs and excise manufacturing warehouses are subject to the right of supervision by officers.

(7) (*a*) Every licensee of a customs and excise manufacturing warehouse shall, if required by the Secretary, provide office accommodation and board and lodging, to the satisfaction of the Secretary, for any officer stationed at or visiting such warehouse for the purposes of this Act.

(*b*) A person so providing board and lodging for an officer shall be entitled to fair remuneration therefor.

(8) The Collector may give instructions in writing to any licensee specifying in what part of the warehouse—

(*a*) any process in the manufacture is to be carried on; and

(*b*) any material for use in manufacture and manufactured goods, respectively, are to be kept.

(9) No licensee shall, without the written permission of the Secretary in a customs and excise manufacturing warehouse, carry on any business except that for which the warehouse is licensed and the premises and plant are registered.

(10) No person shall, except with the written permission of the Secretary—

(*a*) use any premises or plant required to be registered in terms of the provisions of this Chapter for any purpose other than that detailed in such registration;

(*b*) effect any alteration to any structure on such premises or to any such plant;

(*c*) bring into or have in such premises, any plant other than that detailed in such registration or remove any plant from such premises;

(*d*) place below the surface of the ground any pipe or tube for conveying any material or product in a warehouse unless such pipe or tube is enclosed in casing capable of being easily opened so that the pipe or tube is exposed to view.

(11) The Secretary may by rule prescribe the days on which and the hours during which all or any of the operations in a customs and excise manufacturing warehouse (including the removal of goods) shall be carried out.

(12) No distilling operation shall be commenced until the whole or any part of the distilling system or plant, as the Secretary may require, has been provided, at the expense of the licensee, with fittings and requirements to permit of the insertion or affixing of customs and excise meters, gauges, rods, locks and seals according to the regulations and to the satisfaction of the Secretary, for the purpose of securing such system or plant, and until such system or plant has been duly secured by the Collector.

(13) If any meter, rod, lock or fitting is tampered with or damaged, or if any pipe, cock, fastening or fitting connected with a still or vessel is pierced or damaged, the licensee shall forthwith repair or renew the article in question to the satisfaction of the Collector, or an officer may effect the repair or renewal at the expense of the licensee.

(14) If any such tampering, damage or piercing has been directly or indirectly caused by the wilful act, or by the neglect or with the connivance of the licensee or his employee, such licensee, in addition to liability for the cost of the repair or renewal, shall be guilty of an offence.

(15) The burden of showing that any such tampering, damage or piercing was not caused as aforesaid shall rest upon the licensee.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Vasstelling van die hoeveelheid spiritus deur dit te weeg.

28. (1) Die hoeveelheid spiritus in enige houer kan bereken word deur dit te weeg of te meet.

(2) By die vasstelling van die hoeveelheid spiritus deur dit te weeg, word die tabelle gebruik wat in die regulasies voorgeskryf is, en die hoeveelheid volgens bedoelde tabelle vasgestel, word by die toepassing van hierdie Wet geag die juiste hoeveelheid sodanige spiritus te wees.

Indeling van spiritus.

29. Geen spiritus wat in die Republiek gedistilleer is, word by die toepassing van hierdie Wet ingedeel as spiritus wat die voortbrengsel van die wingerdstok is voordat sodanige spiritus deur die Ontvanger as sodanig gesertifiseer is nie en enige spiritus wat nie aldus gesertifiseer is nie, word geag ander spiritus as van die voortbrengsel van die wingerdstok te wees.

Beheer van die gebruik van spiritus vir sekere doeleindes.

30. (1) Niemand mag spiritus, wat van die voortbrengsel van die wingerdstok gedistilleer is, by die vervaardiging van alkoholiese dranke gebruik tensy sodanige spiritus deur die Regeringsbrandewynraad as geskik vir voormelde gebruik gesertifiseer is nie: Met dien verstande dat indien die Raad weier om enige spiritus as geskik vir voormelde gebruik te sertifiseer, die vervaardiger sodanige spiritus kan herdistilleer, of dit kan behandel volgens enige metode wat die Raad goedkeur en daarna kan die Raad na goeddunke die spiritus sertifiseer as geskik vir gebruik by die vervaardiging van alkoholiese dranke.

(2) Die vermenging van brandewyn ingevolge paragraaf (*b*) van artikel *agt* van die Wet op Beheer oor Wyn en Spiritualieë, 1956 (Wet No. 38 van 1956), en die vervaardiging van spiritus van enige ander drank of enige ander nie-synsbare goedere is aan die toesig deur 'n beampte onderhewig wat die Sekretaris in elke geval nodig ag.

(3) Die bepalings van sub-artikel (1) is nie van toepassing op 'n landboudistilleerder of 'n wynbouer wat alkoholiese dranke vir sy private gebruik kragtens die bepalings van hierdie Wet vervaardig nie.

Klaring van spiritus vir gebruik by vervaardiging.

31. (1) Spiritus wat nie vir binnelandse verbruik geklaar is nie mag nie by die produksie van dranke of ander nie-synsbare goedere gebruik word nie.

(2) Die Sekretaris kan, op die voorwaardes wat hy in elke geval oplê, toestemming verleen vir die gebruik van spiritus wat vir binnelandse gebruik geklaar is by die produksie van dranke of ander nie-synsbare goedere op 'n perseel wat as 'n doeane- en aksynspakhuis gelisensieer is en kan toestemming verleen vir uitstel van betaling van die reg op enige sodanige spiritus gebruik by die produksie van dranke op enige sodanige perseel—

(*a*) in die geval van spiritus gebruik by die vervaardiging van enige drank kragtens enige item van Bylae No. 6, totdat sodanige drank uit sodanige perseel gelewer word; of

(*b*) in die geval van spiritus gebruik by die produksie van enige drank andersins as kragtens enige item van Bylae No. 6, totdat sodanige drank in enige houer verpak word.

(3) (*a*) Niemand mag, sonder die toestemming van die Sekretaris, spiritus wat vir binnelandse verbruik geklaar is, herdistilleer nie.

(*b*) Enige sodanige toestemming kan verleen word onderworpe aan die voorwaardes wat die Sekretaris in elke geval oplê.

(4) Dranke of ander nie-synsbare goedere wat in stryd met die bepalings van sub-artikel (1) geproduseer is en enige spiritus wat in stryd met die bepalings van sub-artikel (3) herdistilleer is, is aan verbeuring onderhewig.

Vasstelling van die sterkte van spiritus.

32. (1) (*a*) By die toepassing van hierdie Wet, word die sterkte van enige spiritus of spirituspreparaat wat in die Republiek ingevoer word, geag dié te wees soos getoets volgens Gay Lussac se hidrometer teen hittegraad 15° Celsius en die sterkte van enige spiritus of spirituspreparaat wat in die Republiek vervaardig word, word geag dié te wees soos getoets volgens Sikes se hidrometer en volgens die tabelle in gebruik saam met sodanige hidrometers.

(*b*) Indien die sterkte van enige spiritus na die oordeel van 'n beampte nie dadelik of sekuur met 'n hidrometer vasgestel kan word nie, kan die sterkte vasgestel word op die wyse wat die Sekretaris voorskryf.

(2) In enige klaring, sertifikaat, opgawe, faktuur, verklaring of ander dokument wat aan die departement ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet ten opsigte van ingevoerde

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Ascertaining quantity of spirits by weighing.

28. (1) The quantity of spirits in any container may be calculated by weighing or gauging.

(2) In ascertaining the quantity of spirits by weighing, the tables prescribed in the regulations shall be used, and the quantity ascertained in accordance with the said tables shall be deemed to be the true quantity of such spirits for the purposes of this Act.

Classification of spirits.

29. No spirits distilled in the Republic shall, for the purposes of this Act, be classed as being spirits of the product of the vine until such spirits have been so certified by the Collector, and any spirits not so certified shall be deemed to be spirits other than of the product of the vine.

Control of the use of spirits for certain purposes.

30. (1) No person shall use spirits, distilled from the product of the vine, in the manufacture of alcoholic beverages unless such spirits have been certified by the Government Brandy Board to be suitable for use as aforesaid: Provided that if the Board declines to certify any spirits as suitable for such use as aforesaid, the manufacturer may redistil such spirits or treat the same by any method approved by the Board, and thereafter in its discretion the Board may certify the spirits as suitable for use in the manufacture of alcoholic beverages.

(2) The blending of brandy in terms of paragraph (*b*) of section *eight* of the Wine and Spirits Control Act, 1956 (Act No. 38 of 1956), and the production from spirits of any other beverage or any other non-excisable goods shall be subject to such supervision by an officer as the Secretary may in each case consider necessary.

(3) The provisions of sub-section (1) shall not apply to an agricultural distiller or a wine-grower who manufactures alcoholic beverages under the provisions of this Act for his private use.

Entry of spirits for use in manufacture.

31. (1) Spirits which have not been entered for home consumption shall not be used in the production of beverages or other non-excisable goods.

(2) The Secretary may, on such conditions as he may in each case impose, permit the use of spirits which have been entered for home consumption in the production of beverages or other non-excisable goods on premises which have been licensed as a customs and excise warehouse and may permit payment of the duty on any such spirits used in the production of beverages on any such premises to be deferred—

(*a*) in the case of spirits used in the production of any beverage under any item of Schedule No. 6, until such beverage is delivered from such premises; or

(*b*) in the case of spirits used in the production of any beverage otherwise than under any item of Schedule No. 6, until such beverage is packed in any container.

(3) (*a*) No person shall, without the permission of the Secretary, redistil spirits which have been entered for home consumption.

(*b*) Any such permission may be granted subject to such conditions as the Secretary may in each case impose.

(4) Beverages or other non-excisable goods produced in contravention of the provisions of sub-section (1) and any spirits redistilled in contravention of sub-section (3), shall be liable to forfeiture.

Ascertaining strength of spirits.

32. (1) (*a*) For the purposes of this Act, the strength of any spirits or spirituous preparation imported into the Republic shall be taken to be that shown on test by Gay Lussac's hydrometer at a temperature of 15° Centigrade and the strength of any spirits or spirituous preparation manufactured in the Republic shall be taken to be that shown on test by Sikes' hydrometer, in accordance with the tables used with such hydrometers.

(*b*) If in the opinion of an officer the strength of any spirits cannot immediately or accurately be ascertained by hydrometer, the strength may be ascertained in such manner as the Secretary may determine.

(2) In any entry, certificate, return, invoice, declaration or other document rendered to the department in accordance with the provisions of this Act in respect of imported spirits

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

spiritus of spirituspreparate voorgelê word, moet die sterkte van sodanige spiritus of spirituspreparate in terme van die inhoud absolute alkohol volgens volume by 15° Celsius verklaar word en vir hierdie doel word elke een persent absolute alkohol volgens volume geag een graad absolute alkohol volgens volume te wees en kan dit aldus uitgedruk word.

(3) By die berekening van reg word een gelling spiritus teen proefsterkte soos vasgestel met Sikes se hidrometer geag gelykstaande te wees met 0·571 gellings absolute alkohol volgens volume.

Vereistes ten opsigte van distilleerketels.

33. Behoudens die bepalings van artikel *drie-en-sestig*, mag niemand spiritus distilleer in 'n distilleerketel wat nie voldoen aan die vereistes ten opsigte van kapasiteit en konstruksie wat in die regulasies voorgeskryf word nie: Met dien verstande dat die Sekretaris na goeddunke enige distilleerketel in gebruik ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie Wet of enige distilleerketel wat vir 'n ander doel as die vervaardiging van drinkbare spiritus gebruik word van al die bedoelde vereistes of enigeen daarvan vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy goeddink, kan vrystel.

Spesiale voorwaardes aangaande spiritus wat vervaardig word deur landboudistilleerders.

34. (1) Die vervaardiging van spiritus deur 'n landboudistilleerder is onderhewig aan die toesig deur 'n beampte wat die Sekretaris in elke geval goedvind.

(2) 'n Afslag kan toegestaan word vir natuurlike verlies en verdamping op alle spiritus wat deur 'n landboudistilleerder self gedistilleer is en op sy plaas opgeslaan word, in die mate wat in Bylae No. 6 vermeld word, mits die Sekretaris oortuig is dat geen gedeelte van sodanige verlies opsetlik of deur nalatigheid veroorsaak is nie.

(3) Geen landboudistilleerder gebruik sy distilleerketel om spiritus mee te distilleer van enige materiaal behalwe produkte wat op die plaas waarvan hy die eienaar of okkupeerder is, gekweek is nie en wat van 'n soort is wat by regulasie voorgeskryf is ten opsigte van die klas landboudistilleerder waaraan hy behoort.

(4) Behoudens die bepalings van hierdie Wet en die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), is die bepalings van sub-artikel (4) van artikel *twintig mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van spiritus wat van druiwe vervaardig is deur enige klas landboudistilleerder wat deur die Minister by regulasie bepaal word, en vir die doel van sodanige toepassing word enige verwysing in bedoelde sub-artikel na 'n doeane- en aksynspakhuis geag 'n verwysing te wees na die plaas waarop sodanige spiritus vervaardig word.

(5) Spiritus wat deur 'n landboudistilleerder in die provinsie Transvaal of Oranje-Vrystaat van enige voorgeskrewe vrugte behalwe druiwe vervaardig is, is slegs vir sy private gebruik op die plaas waar daardie vrugte geproduseer en daardie spiritus vervaardig is.

Spesiale bepalings aangaande wyn.

35. (1) (*a*) Die Sekretaris kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy in elke geval oplê, die perseel van 'n wynbouer, koöperatiewe landbouvereniging van wynbouers, die Sagtevrugteraad of 'n persoon wat 'n lisensie om in wyn in groothandelhoeveelhede handel te dryf kragtens enige wet besit, lisensieer as 'n spesiale doeane- en aksynspakhuis om wyn te vervaardig.

(*b*) Spesiale pakhuise wat kragtens hierdie sub-artikel gelisensieer is, word by die toepassing van hierdie Hoofstuk geag doeane- en aksynsvervaardigingspakhuise te wees.

(2) Waar minder as vyftig persent volgens volume van die wyn wat in 'n doeane- en aksynspakhuis vervaardig word, vervaardig word van wyn of druiwe wat afkomstig is van 'n distrik binne tweehonderd-en-vyftig myl vanaf sodanige pakhuis, kan die Minister 'n vaste korting ten opsigte van werks- en prosesverliese en verliese te wyte aan natuurlike oorsake by regulasie voorskryf wat toegelaat word in die plek van die korting ten opsigte van sodanige verliese waarvoor in sub-artikel (5) van artikel *twintig* voorsiening gemaak word.

Spesifieke bepalings aangaande bier.

36. (1) Indien die soortlike gewig voor fermentasie van enige worts wat bestem is om gebruik te word by die vervaardiging van bier in die Republiek, in die versamel- of fermentasiehouers in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis, die soortlike gewig wat volgens die vervaardigingsaantekeninge van die vervaardiger die soortlike gewig van sodanige worts behoort te wees met meer as twee persent oorskry, is sodanige vervaardiger aan 'n misdryf skuldig.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

or spirituous preparations, the strength of such spirits or spirituous preparations shall be declared in terms of the content of absolute alcohol by volume at 15° Centigrade and for this purpose every one per cent of absolute alcohol by volume shall be deemed to be and may be expressed as one degree of absolute alcohol by volume.

(3) For the purposes of calculating the duty, one gallon of spirits at proof strength as determined by Sikes' hydrometer shall be deemed to be equal to 0·571 gallons of absolute alcohol by volume.

Requirements in respect of stills.

33. Subject to the provisions of section *sixty-three*, no person shall distil spirits in a still which does not comply with the requirements prescribed in the regulations as to capacity and construction: Provided that the Secretary may in his discretion exempt from all or any of the said requirements, for such period and on such conditions as he thinks fit, any still in use at the commencement of this Act or any still used for any purpose other than the manufacture of potable spirits.

Special provisions regarding spirits manufactured by agricultural distillers.

34. (1) The manufacture of spirits by an agricultural distiller shall be subject to such supervision by an officer as the Secretary may in each case consider necessary.

(2) An allowance may be made for natural waste and evaporation on all spirits of his own distillation stored by an agricultural distiller on his farm, to the extent specified in Schedule No. 6, if the Secretary is satisfied that no part of such loss was wilfully or negligently caused.

(3) No agricultural distiller shall use his still for distilling spirits from any material other than produce grown on the farm of which he is the owner or occupier and which is of a kind prescribed by regulation in respect of the class of agricultural distiller to which he belongs.

(4) Subject to the provisions of this Act and the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), the provisions of sub-section (4) of section *twenty* shall *mutatis mutandis* apply in respect of spirits manufactured from grapes by any class of agricultural distiller specified by the Minister by regulation, and for the purpose of such application any reference in the said sub-section to a customs and excise warehouse shall be deemed to be a reference to the farm on which such spirits are manufactured.

(5) Spirits manufactured by an agricultural distiller in the province of the Transvaal or the Orange Free State from any prescribed fruit other than grapes shall be solely for his private use on the farm where such fruit was produced and such spirits were manufactured.

Special provisions regarding wine.

35. (1) (*a*) The Secretary may, subject to such conditions as he may impose in each case, license the premises of a wine-grower, wine-growers' co-operative agricultural society, the Deciduous Fruit Board or a person who holds a licence under any law to deal in wine in wholesale quantities, as a special customs and excise warehouse for the purpose of manufacturing wine.

(*b*) Special warehouses licensed under this sub-section shall, for the purposes of this Chapter be deemed to be customs and excise manufacturing warehouses.

(2) Where less than fifty per cent by volume of the wine manufactured in any customs and excise warehouse is manufactured from wine or grapes originating in a district within two hundred and fifty miles of such warehouse, the Minister may by regulation prescribe a fixed allowance in respect of working and processing losses and losses due to natural causes which shall be granted in lieu of the allowance in respect of such losses provided for in sub-section (5) of section *twenty*.

Specific provisions regarding beer.

36. (1) If the specific gravity before fermentation of any worts to be used in the manufacture of beer in the Republic, in the collecting or fermenting vessels in a customs and excise manufacturing warehouse exceeds by more than two per cent the specific gravity which should, according to the manufacturing records of the manufacturer be the specific gravity of such worts, such manufacturer shall be guilty of an offence.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Bates se saggarometer en tabelle word gebruik om die soortlike gewig van worts vas te stel en 1° soortlike gewig word geag met een-duisendste deel van die soortlike gewig van gedistilleerde water teen 15·6° Celsius gelyk te staan.

(3) Wanneer fermentasie in enige worts begin het, sodat die oorspronklike soortlike gewig nie met die voorgeskrewe saggarometer vasgestel kan word nie, word sodanige soortlike gewig volgens die regulasies vasgestel.

(4) Elke vervaardiger moet ten opsigte van bier deur hom in die Republiek vervaardig, by die Sekretaris die name registreer waaronder sodanige bier verkoop of van die hand gesit sal word tesame met die nommer van die sub-item van tariefitem 104.10 van Deel 2 van Bylae No. 1 wat van toepassing sal wees ten opsigte van bier wat onder elke sodanige naam verkoop of van die hand gesit word en geen bier word verkoop of van die hand gesit behalwe onder 'n naam wat aldus geregistreer is nie.

(5) Geen bier word verkoop of van die hand gesit deur 'n vervaardiger behalwe in 'n houer wat die naam van sodanige bier aandui nie, en enige faktuur of ander dokument wat betrekking het op die verkoop of van die hand sit van sodanige bier, moet die naam daarvan aandui.

(6) Enige beskrywing op 'n houer van bier wat 'n aanduiding bevat van 'n naam wat by die Sekretaris geregistreer is, word geag 'n verklaring vir die doel van berekening van reg te wees.

(7) Die Sekretaris kan bier van enige klas of soort van enigeen van of al die bepalings van sub-artikels (4) en (5) vrystel.

(8) (*a*) Indien vasgestel word dat die soortlike gewig voor fermentasie van enige bier in 'n houer wat 'n aanduiding van 'n naam bevat wat by die Sekretaris kragtens hierdie artikel geregistreer is, hoër of laer is as die soortlike gewig voor fermentasie wat in die sub-item van tariefitem 104.10 met betrekking tot bier met sodanige naam, aldus geregistreer is, is die vervaardiger aanspreeklik vir reg op die volle hoeveelheid van die brou of mengsel van broue van bier waaruit sodanige houer gevul is, teen die skaal van reg wat van toepassing is op bier van dieselfde soortlike gewig voor fermentasie as dié wat vasgestel is ten opsigte van die inhoud van sodanige houer of op bier van dieselfde soortlike gewig voor fermentasie as dié wat geregistreer is met betrekking tot die naam op sodanige houer, na gelang van watter skaal van reg die hoogste is.

(*b*) Indien die Sekretaris nie in staat is om sodanige volle hoeveelheid van die aantekeninge van die vervaardigers vas te stel nie, kan hy 'n hoeveelheid bepaal wat geag word die volle hoeveelheid te wees.

(*c*) Enige bier van enige brou of mengsel van broue van bier in paragraaf (*a*) bedoel wat nie uit die voorrade van sodanige vervaardiger gelewer is nie, is onderhewig aan verbeuring.

Regte van toepassing op goedere wat in 'n doeane- en aksynspakhuis vervaardig word.

37. (1) Ten opsigte van enige goedere wat in 'n doeane- en aksynspakhuis vervaardig word, word daar, behoudens die bepalings van artikel *vyf-en-sewentig*, by klaring vir binnelandse verbruik daarvan, reg betaal teen die ondervermelde skale, naamlik—

(*a*) indien sodanige vervaardigde goedere nie aan aksynsreg onderhewig is nie, die skaal van doeanereg wat ingevolge Bylaes Nos. 1 en 2 van toepassing is op enige ingevoerde goedere wat by die vervaardiging van sodanige vervaardigde goedere gebruik is, en die skaal van aksynsreg wat ingevolge Bylae No. 1 van toepassing is op enige synsbare goedere wat by die vervaardiging van sodanige vervaardigde goedere gebruik is; en

(*b*) indien sodanige vervaardigde goedere aan aksynsreg onderhewig is, die skaal van aksynsreg wat ingevolge Bylae No. 1 van toepassing is op sodanige vervaardigde goedere.

(2) Ondanks die bepalings van sub-artikel (1), kan die Sekretaris, op die voorwaardes wat hy in elke geval oplê, vir die doel van preservering van enige goedere in 'n doeane- en aksynsopslagpakhuis of van hernuwing van sodanige goedere wat as gevolg van besoedeling of bederf of om enige ander rede onverkoopbaar of nie geredelik verkoopbaar geword het of vir die doel van uitvoering van spesiale bestellings toestemming verleen dat sodanige goedere in sodanige pakhuis hernuwe of met ander goedere gemeng of vermeng word en in daardie geval word reg betaal, in die plek van die regte in sub-artikel (1) voorgeskryf, volgens die eerste opname van enige sodanige

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Bates' saccharometer and tables shall be used to ascertain the specific gravity of worts, and 1° of specific gravity shall be taken to be equal to one-thousandth part of the specific gravity of distilled water at 15·6° Centigrade.

(3) When fermentation has commenced in any worts so that the original specific gravity cannot be ascertained by the prescribed saccharometer, such specific gravity shall be determined in accordance with the regulations.

(4) Every manufacturer shall, in respect of beer manufactured by him in the Republic, register with the Secretary the names whereunder such beer will be sold or disposed of together with the number of the sub-item of tariff item 104.10 of Part 2 of Schedule No. 1 which will apply in respect of beer sold or disposed of under every such name and no beer shall be sold or disposed of except under a name so registered.

(5) No beer shall be sold or disposed of by any manufacturer except in a container which indicates the name of such beer, and any invoice or other document relating to the sale or disposal of such beer shall indicate the name thereof.

(6) Any description on any container of beer bearing an indication of a name registered with the Secretary shall be deemed to be a declaration for the purpose of assessment of duty.

(7) The Secretary may exempt beer of any class or kind from any or all of the provisions of sub-sections (4) and (5).

(8) (*a*) If the specific gravity before fermentation of any beer in any container bearing an indication of a name registered with the Secretary under this section, is ascertained to be higher or lower than the specific gravity before fermentation specified in the sub-item of tariff item 104.10 so registered in relation to beer of such name, the manufacturer shall be liable for duty on the full quantity of the brew or blend of brews of beer from which such container was filled, at the rate of duty applicable to beer of the same specific gravity before fermentation as that ascertained in respect of the contents of such container or to beer of the same specific gravity before fermentation as that registered in relation to the name on such container, whichever is the higher rate of duty.

(*b*) If the Secretary is unable to establish such full quantity from the records of the manufacturer, he may determine a quantity which shall be deemed to be such full quantity.

(*c*) Any beer of any brew or blend of brews of beer referred to in paragraph (*a*) and not delivered from the stocks of such manufacturer shall be liable to forfeiture.

Duties applicable to goods manufactured in a customs and excise warehouse.

37. (1) In respect of any goods manufactured in a customs and excise warehouse there shall be paid, subject to the provisions of section *seventy-five*, on entry for home consumption thereof, duty at the undermentioned rates, namely—

(*a*) if such manufactured goods are not liable to excise duty, the customs rate of duty applicable in terms of Schedules Nos. 1 and 2 on any imported goods used in the manufacture of such manufactured goods and the excise rate of duty applicable in terms of Schedule No. 1 on any excisable goods used in the manufacture of such manufactured goods; and

(*b*) if such manufactured goods are liable to excise duty, the excise rate of duty applicable in terms of Schedule No. 1 on such manufactured goods.

(2) Notwithstanding the provisions of sub-section (1), the Secretary may, on such conditions as he may in each case impose, for the purpose of preserving any goods in a customs and excise storage warehouse or of reconditioning such goods which, as a result of contamination or deterioration or for any other reason, have become unsaleable or not readily saleable or for the purpose of fulfilling special orders, permit such goods to be reconditioned or to be mixed or blended in such warehouse with other goods, and in that event duty shall be paid, in lieu of the duties prescribed in sub-section (1), according to

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

goedere of die totale hoeveelheid van sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere, na gelang van watter hoeveelheid die grootste is, soos volg, naamlik—

(*a*) indien sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere nie aan aksynsreg onderhewig is nie, teen die skaal van doeanereg wat ingevolge Bylaes Nos. 1 en 2 van toepassing is op enige ingevoerde goedere in sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere vervat en teen die skaal van aksynsreg wat ingevolge Bylae No. 1 van toepassing is op enige synsbare goedere in sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere vervat; en

(*b*) indien sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere aan aksynsreg onderhewig is, teen die skaal van aksynsreg wat ingevolge Bylae No. 1 van toepassing is op die totale hoeveelheid van sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere, en, daarbenewens reg tot 'n bedrag wat gelyk is aan die bedrag waarmee die doeanereg teen die skaal wat ingevolge Bylaes Nos. 1 en 2 van toepassing is op enige ingevoerde goedere in sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere vervat meer is as die aksynsreg teen die skaal wat ingevolge hierdie paragraaf van toepassing is op die deel van sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere wat verteenwoordig word deur sodanige ingevoerde goedere wat daarin vervat is:

Met dien verstande dat sodanige hernude, gemengde of vermengde goedere, in albei gevalle, vir enige korting op reg wat voorgeskryf word ten opsigte van sodanige goedere in enige toepaslike item in Bylae No. 3, 4 of 6, in aanmerking kom.

(3) Waar die Sekretaris toestemming verleen het dat enige goedere in 'n doeane- en aksynsopslagpakhuis hernuwe of met ander goedere gemeng of vermeng word, word sodanige pakhuis, sonder dat dit as 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis gelisensieer is en sonder dat die perseel of installasies daarop goedgekeur is by die toepassing van hierdie Wet as 'n gelisensieerde doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis beskou.

(4) (*a*) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Hoofstuk, kan die Sekretaris, op die voorwaardes wat hy in elke geval oplê, die menging of vermenging toelaat van mineraalolieprodukte wat vir binnelandse gebruik geklaar is en wat uit doeane- en aksynsbeheer gegaan het, maar wat nie gelewer is uit die voorrade van die invoerder of die vervaardiger nie, met die doel om sodanige goedere verkoopbaar of meer geredelik verkoopbaar te maak of dat spesiale bestellings uitgevoer kan word.

(*b*) Die bepalings van sub-artikel (2), vir sover dit betrekking het op die betaalbare reg en die korting op reg, is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van mineraalolieprodukte wat kragtens hierdie sub-artikel gemeng of vermeng word.

(*c*) Enige reg wat betaal is ten opsigte van enige goedere wat aldus gebruik is vir menging of vermenging word geag betaal te gewees het ten opsigte van enige reg wat ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (*b*) betaalbaar is ten opsigte van die mineraalolieprodukte wat deur sodanige menging of vermenging verkry word.

(*d*) Niks in hierdie artikel vervat, word uitgelê as sou dit 'n terugbetaling magtig van enige bedrag waarmee enige reg wat alreeds betaal of bereken is ten opsigte van enige goedere aldus gebruik vir menging of vermenging die reg betaalbaar kragtens hierdie sub-artikel oorskry nie.

(*e*) Enige sodanige mineraalolieproduk wat by sodanige menging of vermenging gebruik word, word geag geheel en al uit ingevoerde goedere te bestaan tensy daar tot bevrediging van die Sekretaris bewys word dat dit geheel en al uit synsbare goedere bestaan of daar tot sy bevrediging bewys word dat dit so 'n klein deel ingevoerde goedere bevat dat hy dit onbeduidend ag, in watter geval sodanige mineraalolieproduk geag word geheel en al uit synsbare goedere te bestaan.

(5) By die toepassing van sub-artikel (4), sluit „invoerder" of „vervaardiger" ook enige persoon in wat uit hoofde van 'n ooreenkoms met iemand wat mineraalolieprodukte invoer of vervaardig, die verspreiding of verkoop in die Republiek, in groothandelhoeveelhede, van mineraalolieprodukte wat deur die invoerder of vervaardiger ingevoer of vervaardig is, onderneem.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

the first account taken of any such goods or the total quantity of such reconditioned, mixed or blended goods, whichever quantity is the greater, as follows, namely—

(*a*) if such reconditioned, mixed or blended goods are not liable to excise duty, at the customs rate of duty applicable in terms of Schedules Nos. 1 and 2, on any imported goods contained in such reconditioned, mixed or blended goods, and at the excise rate of duty applicable in terms of Schedule No. 1, on any excisable goods contained in such reconditioned, mixed or blended goods; and

(*b*) if such reconditioned, mixed or blended goods are liable to excise duty, at the excise rate of duty applicable in terms of Schedule No. 1, on the total quantity of such reconditioned, mixed or blended goods, and, in addition thereto, duty in an amount equal to the amount by which the customs duty at the rate applicable in terms of Schedules Nos. 1 and 2, on any imported goods contained in such reconditioned, mixed or blended goods, exceeds the excise duty at the rate applicable in terms of this paragraph on such proportion of such reconditioned, mixed or blended goods as is represented by such imported goods contained therein:

Provided that such reconditioned, mixed or blended goods shall, in either case, qualify for any rebate of duty specified in respect of such goods in any applicable item of Schedule No. 3, 4 or 6.

(3) Where the Secretary has permitted any goods to be reconditioned or to be mixed or blended in a customs and excise storage warehouse with other goods, such warehouse shall, without being licensed as a customs and excise manufacturing warehouse and without approval of the premises or plant thereon, be regarded for the purposes of this Act as a licensed customs and excise manufacturing warehouse.

(4) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary in this Chapter contained, the Secretary may, on such conditions as he may in each case impose, permit the mixing or blending of mineral oil products which have been entered for home consumption and have passed out of customs and excise control but have not been delivered from the stocks of the importer or the manufacturer, for the purposes of rendering such goods saleable or more readily saleable or of fulfilling special orders.

(*b*) The provisions of sub-section (2) in so far as they relate to the duty payable and the rebate of duty shall *mutatis mutandis* apply in respect of mineral oil products mixed or blended under this sub-section.

(*c*) Any duty paid in respect of any goods so used for mixing or blending shall be deemed to have been paid in respect of any duty payable in accordance with the provisions of paragraph (*b*) in respect of the mineral oil products obtained by such mixing or blending.

(*d*) Nothing in this section contained shall be construed as authorizing a refund of any amount by which any duty already paid or assessed in respect of any goods so used for mixing or blending exceeds the duty payable under this sub-section.

(*e*) Any such mineral oil product used in such mixing or blending shall be deemed to consist entirely of imported goods unless it is proved to the satisfaction of the Secretary that it consists entirely of excisable goods or it is proved to his satisfaction that it contains such a small proportion of imported goods that he considers it negligible, in which event such mineral oil product shall be deemed to consist entirely of excisable goods.

(5) For the purposes of sub-section (4), "importer" or "manufacturer" includes any person who, by virtue of an agreement with a person who imports or manufactures mineral oil products, undertakes the distribution or sale in the Republic, in wholesale quantities, of mineral oil products imported or manufactured by the importer or manufacturer.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(6) Indien die Sekretaris oortuig is dat enige goedere waarop hierdie Wet betrekking het per ongeluk gemeng geraak het, kan hy die bepalings van sub-artikel (2) toepas vir sover daardie sub-artikel betrekking het op die reg betaalbaar en enige korting op reg, asof sodanige goedere met sy toestemming in 'n doeane- en aksynsopslagpakhuis gemeng is.

HOOFSTUK V.

KLARING EN HERKOMS VAN GOEDERE; AANSPREEKLIKHEID VIR EN BETALING VAN REGTE.

Klaring van goedere en tyd van klaring.

38. (1) (*a*) Elke invoerder van goedere moet binne sewe dae vanaf die datum waarop sodanige goedere ingevolge artikel *tien* geag word ingevoer te gewees het, of binne die verdere tydperk wat die Sekretaris toelaat, daardie goedere behoorlik op die voorgeskrewe vorm klaar en 'n verklaring met betrekking tot die waarheid van die klaring aflê.

(*b*) Die Ontvanger by enige plek wat kragtens die bepalings van hierdie Wet vir die klaring van goedere aangewys is, moet klaringsbriewe aanneem vir goedere ten opsigte waarvan bewys tot bevrediging van die Ontvanger gelewer is dat sodanige goedere gelaai is op 'n skip of voertuig om op daardie plek afgelaai te word, ondanks die feit dat sodanige skip of voertuig nog nie by daardie plek aangekom het nie.

(2) Elke invoerder moet binne sewe dae vanaf die verlening deur die Ontvanger van 'n afleweringsbevel ten opsigte van enige goedere wat ingevolge sub-artikel (1) geklaar is, of waar die betrokke goedere na die verlening van die bevel aankom, binne sewe dae vanaf die aankoms van sodanige goedere, sodanige afleweringsbevel aan die outoriteit in besit van die goedere voorlê vir lewering daarvan.

(3) Elke uitvoerder wat enige goedere uitvoer, moet, voordat bedoelde uitvoer geskied, aan die Ontvanger 'n klaringsbrief in die voorgeskrewe vorm voorlê, maar die Sekretaris kan, indien geen uitvoerreg betaalbaar is op sodanige goedere en geen verpligting of voorwaarde kragtens enige wet ten opsigte van sodanige goedere nagekom of aan voldoen moet word nie, toelaat dat so 'n klaringsbrief voorgelê word op die tydstip wat hy redelik ag.

(4) Enige sertifikaat of voorgeskrewe faktuur uitgereik vir die verwydering van synsbare goedere vir enige doel in sub-artikel (4) van artikel *twintig* vermeld, word vanaf die tydstip van verwydering van sodanige goedere, by die toepassing van hierdie Wet, geag 'n behoorlike klaring te wees, en enige goedere ten opsigte waarvan sodanige sertifikaat of faktuur uitgereik is, word by sodanige verwydering geag behoorlik geklaar te wees, ongeag die tyd van betaling van enige reg kragtens sodanige sertifikaat of faktuur bereken.

Invoerder en uitvoerder moet dokumente voorlê en regte betaal.

39. (1) (*a*) Die persoon wat enige ingevoerde goedere vir enige doel kragtens die bepalings van hierdie Wet klaar, moet aan die Ontvanger 'n klaringsbrief in die voorgeskrewe vorm voorlê waarin volledige besonderhede, soos op die vorm aangedui en soos deur die Ontvanger vereis, opgegee word, en moet in die voorgeskrewe vorm 'n verklaring aangaande die juistheid van die besonderhede op bedoelde klaringsbrief doen en onderteken.

(*b*) Bedoelde persoon moet terselfdertyd die duplikate van die klaringsbrief wat voorgeskryf word of deur die Ontvanger vereis word, voorlê en alle verskuldigde regte op die goedere betaal.

(*c*) Bedoelde persoon moet verder die vragbrief of ander bewysstukke van eiendomsreg, fakture in die voorgeskrewe vorm en ander dokumente wat op sodanige goedere betrekking het, voorlê en alle vrae in verband met die goedere wat die Ontvanger aan hom stel, beantwoord.

(*d*) Bedoelde persoon moet ook ten opsigte van enige klas of soort goedere soos deur die Sekretaris by reël bepaal of enige goedere waarop aldus bepaalde omstandighede van toepassing is, aan die Ontvanger vir behoud deur hom, 'n ware afskrif van enige faktuur of ander dokument met betrekking tot sodanige goedere of van enige bloudruk, illustrasie, tekening, plan of geïllustreerde en beskrywende literatuur wat ten opsigte van sodanige goedere aldus bepaal is en op sodanige goedere betrekking het, voorlê.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(6) If the Secretary is satisfied that any goods to which this Act relates have become mixed by accident, he may apply the provisions of sub-section (2), in so far as that sub-section relates to the duty payable and any rebate of duty, as if such goods were mixed in a customs and excise storage warehouse with his permission.

CHAPTER V.

CLEARANCE AND ORIGIN OF GOODS; LIABILITY FOR AND PAYMENT OF DUTIES.

Entry of goods and time of entry.

38. (1) (*a*) Every importer of goods shall within seven days of the date on which such goods are, in terms of section *ten*, deemed to have been imported or within such further time as the Secretary may allow, make due entry of those goods, in the form prescribed, and declare to the truth of such entry.

(*b*) The Collector at any place appointed under the provisions of this Act for the entry of goods shall accept entries for goods in respect of which it is proved to the satisfaction of the Collector that such goods have been loaded on a ship or vehicle for discharge at that place, notwithstanding the fact that such ship or vehicle has not yet arrived at that place.

(2) Every importer shall within seven days of the granting of a delivery order by the Collector in respect of any goods entered in terms of sub-section (1) or, where the goods in question arrive after the granting of the order, within seven days of the arrival of such goods, present such delivery order to the authority in possession of such goods for delivery thereof.

(3) Every exporter exporting any goods shall before such exportation takes place deliver to the Collector a bill of entry in the prescribed form, but the Secretary may, if no export duty is payable on and no obligation or condition is to be fulfilled or complied with under any law in respect of such goods, allow such a bill of entry to be delivered at such time as he deems reasonable.

(4) Any certificate or prescribed invoice issued for the removal of excisable goods for any purpose specified in sub-section (4) of section *twenty* shall be deemed to be a due entry for the purposes of this Act as from the time of removal of such goods, and any goods in respect of which such certificate or invoice has been issued shall on such removal be deemed to have been duly entered, irrespective of the time of payment of any duty assessed in terms of such certificate or invoice.

Importer and exporter to produce documents and pay duties.

39. (1) (*a*) The person entering any imported goods for any purpose in terms of the provisions of this Act shall deliver to the Collector a bill of entry in the prescribed form, setting forth the full particulars as indicated on the form and as required by the Collector and shall make and subscribe to a declaration in the prescribed form, as to the correctness of the particulars on such bill of entry.

(*b*) At the same time the said person shall deliver such duplicates of the bill of entry as may be prescribed or as may be required by the Collector and shall pay all duties due on the goods.

(*c*) The said person shall further produce the bill of lading or other documents of title, invoices in the prescribed form and other documents relating to such goods and answer all such questions relating to such goods as may be put to him by the Collector.

(*d*) The said person shall also, in respect of any such class or kind of goods as may be specified by the Secretary by rule or any goods to which circumstances so specified apply, produce to the Collector for retention by him a true copy of any invoice or other document relating to such goods or of any blueprint, illustration, drawing, plan or illustrated and descriptive literature so specified in respect of such goods and relating to such goods.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) (*a*) Indien enige goedere wat vir uitvoer bestem is aan enige uitvoerreg ingevolge hierdie Wet onderhewig is, moet die bedrag daarvan in die klaringsbrief met betrekking tot sodanige goedere vermeld word en is dit betaalbaar by oorhandiging van sodanige klaring aan die Ontvanger.

(*b*) Geen sodanige klaringsbrief is geldig en niemand mag sodanige goedere uitvoer voordat die reg aan die Ontvanger betaal is nie.

(3) (*a*) 'n Afsonderlike klaringsbrief moet ten opsigte van elke invoerder of uitvoerder voorgelê word, en in die geval van goedere wat per see of lug ingevoer of uitgevoer word, ten opsigte van elke skip of vliegtuig.

(*b*) Waar goedere ingevoer of uitgevoer word andersins as per see of lug word klaringsbriewe voorgelê op die wyse wat die Sekretaris by reël voorskryf.

Geldigheid van klarings.

40. (1) Geen klaringsbrief is geldig nie, tensy—

(*a*) in die geval van ingevoerde of uitgevoerde goedere, die beskrywing en besonderhede van die goedere en die merke en besonderhede van die pakke verklaar in daardie klaringsbrief ooreenstem met die beskrywing en besonderhede van die goedere en die merke en besonderhede van die pakke soos gerapporteer ooreenkomstig artikel *sewe* of *twaalf* of in enige sertifikaat, permit of ander dokument, waarby die invoer of uitvoer van daardie goedere gemagtig word;

(*b*) die goedere in die klaringsbrief behoorlik beskryf is volgens die benaming en die kenmerke, tariefpos en itemnommers en omstandighede waarvolgens reg daarop hefbaar is, of waarvolgens dit kragtens enige bepaling van hierdie Wet deurgelaat word of toegelaat word om ingevoer of uitgevoer te word;

(*c*) die juiste waarde van die goedere waarop reg hefbaar is of wat kragtens die bepalings van hierdie Wet verklaar moet word en die juiste gebied van oorsprong, gebied van uitvoer en wyse van vervoer, verklaar is;

(*d*) in die geval van goedere aangekoop deur of verkoop, versend of van die hand gesit aan enige persoon in die Republiek, 'n juiste en voldoende faktuur daarvan in die voorgeskrewe vorm aan die Ontvanger voorgelê is;

(*e*) die korrekte reg verskuldig, betaal is.

(2) Goedere kragtens 'n ongeldige klaring geneem of afgelewer of verwyder uit 'n skip, vliegtuig, voertuig, deurvoerloods, doeane- en aksynspakhuis of ander plek waar dit met die toestemming van die Ontvanger geplaas is, word geag goedere te wees wat sonder behoorlike klaring daarvan geland of geneem is: Met dien verstande dat as die goedere inbegrepe is by 'n klaring wat op meer as een pak betrekking het, en daar bewys word dat die ongeldigheid ontstaan het sonder opsetlike versuim of nalatigheid van iemand wat met die goedere te doen het, en dat die ongeldigheid nie al die in daardie klaringsbrief vermelde pakke raak nie, slegs dié pakke wat nie geldig geklaar is nie geag word sonder behoorlike klaring geland of geneem te gewees het.

(3) Die Sekretaris kan, onderworpe aan die bepalings van artikel *ses-en-sewentig* en sub-artikel (2) van artikel *sewe-en-sewentig* en op die voorwaardes wat hy oplê en teen betaling van die gelde wat die Minister by regulasie voorskryf, die invoerder of uitvoerder of vervaardiger toelaat om enige klaringsbrief wat ongeldig of verkeerd of per abuis voorgelê is, reg te stel by wyse van 'n verbeteringsbewys of deur vervanging deur 'n korrekte klaringsbrief en intrekking van die oorspronklike klaringsbrief: Met dien verstande dat aanvaarding van sodanige bewys of korrekte klaringsbrief nie sodanige invoerder of uitvoerder of vervaardiger teen enige boete of pene waarvoor in hierdie Wet voorsiening gemaak word, vrywaar nie.

Besonderhede op fakture.

41. Alle fakture en sertifikate aangaande ingevoerde of uitgevoerde goedere of synsbare goedere in enige doeane- en aksynspakhuis vervaardig, moet in die vorm wees en die besonderhede bevat wat by regulasie voorgeskryf word: Met dien verstande dat verskillende vereistes in die regulasies voorgeskryf kan word ten opsigte van fakture en sertifikate wat betrekking het op goedere van verskillende klasse of soorte of goedere waarop verskillende omstandighede in die regulasies vermeld van toepassing is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) (*a*) If any goods intended for export are liable to any export duty under this Act, the amount thereof shall be stated in the bill of entry relating to such goods and shall be payable upon presentation of such entry to the Collector.

(*b*) No such bill of entry shall be valid, nor shall any person export such goods, until the duty has been paid to the Collector.

(3) (*a*) A separate bill of entry shall be delivered in respect of each importer or exporter and, in the case of goods imported or exported by sea or air, in respect of each ship or aircraft.

(*b*) Where goods are imported or exported otherwise than by sea or air, bills of entry shall be delivered in such manner as the Secretary may prescribe by rule.

Validity of entries.

40. (1) No entry shall be valid unless—

(*a*) in the case of imported or exported goods, the description and particulars of the goods and the marks and particulars of the packages declared in that entry correspond with the description and particulars of the goods and the marks and particulars of the packages as reported in terms of section *seven* or *twelve* or in any certificate, permit or other document, by which the importation or exportation of those goods is authorized;

(*b*) the goods have been properly described in the entry by the denomination and with the characters, tariff heading and item numbers and circumstances according to which they are charged with duty or are admitted under any provision of this Act or are permitted to be imported or exported;

(*c*) the true value of the goods on which duty is leviable or which is required to be declared under the provisions of this Act and the true territory of origin, territory of export and means of carriage have been declared;

(*d*) in the case of goods purchased by or sold, consigned or disposed of to any person in the Republic a correct and sufficient invoice thereof, in the prescribed form, has been produced to the Collector;

(*e*) the correct duty due has been paid.

(2) Goods taken or delivered or removed by virtue of an entry which is not valid out of any ship, aircraft, vehicle, transit shed, customs and excise warehouse or other place where they have been deposited with the sanction of the Collector, shall be deemed to be goods landed or taken without due entry thereof: Provided that if such goods are included in any entry embracing more than one package, and it is shown that the invalidity arose without wilful default or negligence of anyone connected with the goods, and that such invalidity does not exist as to all the packages in that entry then only the packages not validly entered shall be deemed to have been landed or taken without due entry.

(3) The Secretary may, subject to the provisions of section *seventy-six* and sub-section (2) of section *seventy-seven* and on such conditions as he may impose and on payment of such fees as the Minister may prescribe by regulation, allow the importer or exporter or manufacturer to adjust any bill of entry which is invalid or incorrect or has been passed in error, by means of a voucher of correction or by substitution of a correct bill of entry and cancellation of the original bill of entry: Provided that acceptance of such voucher or correct bill of entry shall not indemnify such importer or exporter or manufacturer against any fine or penalty provided for in this Act.

Particulars on invoices.

41. All invoices and certificates relating to goods imported or exported or to excisable goods manufactured in any customs and excise warehouse, shall be in such form and contain such particulars as may be prescribed by regulation: Provided that different requirements may be prescribed in the regulations in respect of invoices and certificates relating to goods of different classes or kinds or goods to which different circumstances specified in the regulations apply.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Klaringsbrief op sig.

42. (1) Indien enige invoerder 'n verklaring doen en onderteken dat hy weens gebrek aan volledige inligting nie in staat is om behoorlike klaring van enige goedere te doen nie, kan die Ontvanger 'n klaringsbrief op sig vir daardie goedere aanvaar met die beste beskrywing wat gegee kan word, en kan hy 'n verlofbrief ten opsigte daarvan toestaan om bedoelde goedere op risiko en koste van die invoerder te laat land en na 'n deur die Ontvanger bepaalde plek te laat bring, sodat dit daar in die teenwoordigheid van die Ontvanger deur die invoerder besigtig en ondersoek kan word.

(2) (*a*) Binne drie dae vanaf die datum waarop die goedere na die plek van ondersoek gebring is, wat geag word 'n spesiale Staatspakhuis vir die versekering van die regte op die goedere te wees totdat dit ooreenkomstig hierdie Wet behoorlik geklaar en verwyder of afgelewer word, moet die invoerder behoorlike klaring daarvan doen.

(*b*) By onstentenis van behoorlike klaring kan oor sodanige goedere drie maande vanaf die datum van ontvangs daarvan in bedoelde plek van ondersoek, op die by artikel *drie-en-veertig* bepaalde wyse beskik word.

(3) Geen goedere wat ingevolge hierdie artikel by klaringsbrief op sig geklaar is, mag sonder behoorlike klaring na besigtiging verwyder word nie, en die strawwe in hierdie Wet ten opsigte van onjuiste of valse klaring van goedere voorgeskryf, is ook ten opsigte van behoorlike klaring na besigtiging van toepassing.

Beskikking oor goedere as behoorlike klaring nie geskied het nie.

43. (1) Indien klaring van enige ingevoerde goedere nie kragtens die bepalings van artikel *agt-en-dertig* geskied het nie, kan die Ontvanger na verloop van die tydperk in sub-artikel (1) van genoemde artikel voorgeskryf, gelas dat die gesagvoerder of ander persoon wat die goedere die Republiek binnegebring het, dit na die Staatspakhuis of 'n ander deur die Ontvanger bepaalde plek verwyder, of kan hy dit self aldus verwyder.

(2) Die Sekretaris kan te eniger tyd na verloop van sodanige voorgeskrewe tydperk die invoerder aansê om die goedere behoorlik binne 'n bepaalde tydperk te klaar en as die invoerder versuim om dit te doen, is die goedere aan verbeuring onderhewig.

(3) Indien enige goedere na verloop van drie maande vanaf die datum van verwydering na die Staatspakhuis of 'n ander deur die Ontvanger aangewese plek of, waar geen sodanige verwydering plaasgevind het nie, vanaf die datum van verloop van die in sub-artikel (1) van artikel *agt-en-dertig* voorgeskrewe tydperk, nog ongeklaar is, kan die Sekretaris dit laat verkoop, en indien dit aldus verkoop word, moet die opbrengs daarvan vir die betaling van enige reg, onkoste deur die departement aangegaan, gelde aan die departement verskuldig, gelde aan die Spoorwegadministrasie verskuldig en vraggeld aangewend word, en moet die oorskot, indien daar is, op aansoek aan die eienaar van gemelde goedere betaal word, tensy die Sekretaris oortuig is dat bedoelde goedere in stryd met die een of ander wetsbepaling ingevoer is: Met dien verstande dat—

(*a*) indien die goedere nie vir 'n bedrag verkoop kan word wat genoeg is om voormelde reg, onkoste, gelde en vraggeld te bestry nie, die Sekretaris die aangebode bedrag kan aanneem en dit by die bestryding van gemelde debette in die vermelde volgorde kan aanwend of kan gelas dat die onderhawige goedere vernietig of aan die Staat toegeëien word; of

(*b*) indien die goedere nie teen 'n prys wat die Sekretaris redelik beskou, verkoop kan word nie, hy dit na goeddunke aan die Staat kan toeëien; en

(*c*) geen betaling van oorskot ten opsigte van goedere wat verkoop word aan die eienaar van die goedere gedoen word nie, tensy die aansoek om sodanige betaling gestaaf word deur bewys van eiendomsreg op die goedere, en binne twee jaar vanaf die datum van verkoop van die goedere deur die Sekretaris ontvang word.

(4) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet—

(*a*) indien enige goedere in sub-artikel (3) vermeld van 'n bederfbare of gevaarlike aard is, of as die Sekretaris van mening is dat, tensy die goedere onmiddellik verkoop word, die opbrengs nie genoeg sal wees om die regte en gelde wat betaalbaar is of gelde wat betaalbaar word ten opsigte van daardie goedere te bestry nie, kan hy onverwyld gelas dat dit verkoop word en die opbrengs aanwend soos in sub-artikel (3) bepaal;

(*b*) indien enige goedere kragtens hierdie artikel verkoop word onderworpe aan nakoming deur die koper van

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Entry by bill of sight.

42. (1) If any importer makes and subscribes to a declaration that he cannot for want of full information make due entry of any goods, the Collector may accept an entry by bill of sight for those goods by the best description which can be given, and may grant a warrant in respect thereof so that the same may be landed and brought to a place indicated by the Collector at the risk and expense of the importer for the purpose of being seen and examined by him there in the presence of the Collector.

(2) (*a*) The importer shall make due entry of those goods within three days of the date on which they were brought to the place of examination which shall be regarded as a special State warehouse for the purpose of securing the duties thereon until the goods are duly entered and removed or delivered in accordance with this Act.

(*b*) In default of due entry such goods may after three months of the date of receipt thereof into the said place of examination be disposed of in the manner described in section *forty-three*.

(3) No goods entered by bill of sight in terms of this section shall be removed without due entry after sight, and the penalties prescribed in this Act in respect of the incorrect or false entry of goods are also applicable in respect of the said due entry after sight.

Disposal of goods on failure to make due entry.

43. (1) If entry of any imported goods has not been made under the provisions of section *thirty-eight*, the Collector may, on expiry of the period prescribed in sub-section (1) of the said section, require the master or other person who brought the goods into the Republic to remove them to the State warehouse or other place indicated by the Collector or may himself so remove them.

(2) The Secretary may at any time after the expiry of such prescribed period call upon the importer to make due entry of the goods within a time specified and if such importer fails to do so the goods shall be liable to forfeiture.

(3) If after the expiration of three months from the date of removal to the State warehouse or other place indicated by the Collector or, where no such removal has taken place, from the date of expiry of the period prescribed in sub-section (1) of section *thirty-eight*, any goods remain unentered, the Secretary may cause them to be sold, and if so sold the proceeds thereof shall be applied in discharge of any duty, expenses incurred by the department, charges due to the department, charges due to the Railway Administration and freight, and the overplus, if any, shall, unless the Secretary is satisfied that such goods were imported in contravention of any law, upon application be paid to the owner of the said goods: Provided that—

(*a*) if the goods cannot be sold for a sum sufficient to cover the duty, expenses, charges and freight aforesaid the Secretary may accept the sum offered and apply it in discharge of the said debits in the order mentioned or direct that the goods in question be destroyed or appropriated to the State; or

(*b*) if the goods cannot be sold at a price regarded by the Secretary as reasonable, they may in his discretion be appropriated to the State; and

(*c*) no payment of overplus in respect of goods sold shall be made to the owner of the goods, unless the application for such payment is supported by proof of ownership of the goods and is received by the Secretary within two years from the date of sale of the goods.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in this Act contained—

(*a*) if any goods referred to in sub-section (3) are of a perishable or dangerous nature, or if the Secretary considers that, unless the goods are sold at once, the proceeds would not be sufficient to cover the duties and charges due or charges which may become due in respect of those goods, he may forthwith direct the sale thereof and apply the proceeds as provided in sub-section (3);

(*b*) if any goods are sold in terms of this section subject to compliance by the purchaser with any condition, and

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

enige voorwaarde en die koper versuim om binne 'n tydperk van drie maande vanaf die verkoopsdatum van sodanige goedere aan daardie voorwaarde te voldoen, is sodanige verkoping nietig en die netto opbrengs van die verkoping kan aan die koper terugbetaal word en die Sekretaris kan gelas dat die onderhawige goedere vernietig word of aan die Staat toegeëien word of op die wyse mee gehandel word wat hy goedvind.

Aanspreeklikheid vir reg.

44. (1) Aanspreeklikheid vir reg op enige goedere waarop artikel *tien* van toepassing is, begin vanaf die tydstip waarop sodanige goedere ingevolge daardie artikel geag word in die Republiek ingevoer te gewees het: Met dien verstande dat enige sodanige aanspreeklikheid verval indien daar tot bevrediging van die Sekretaris bewys word dat sodanige goedere nie by enige plek in die Republiek geland is nie.

(2) Enige synsbare goedere word by die toepassing van hierdie Wet geag vervaardig te wees op daardie stadium in die vervaardigingsproses waarop bedoelde goedere die wesenlike eienskappe verkry het van en na die oordeel van die Sekretaris geskik is vir gebruik as sodanige synsbare goedere, en aanspreeklikheid vir reg begin op daardie stadium.

(3) Die gesagvoerder van 'n skip of die loods van 'n vliegtuig of die karweier van goedere deur middel van enige ander voertuig is aanspreeklik vir die reg op alle goedere wat uit daardie skip, vliegtuig of voertuig verwyder word op 'n plek in die Republiek waarheen dit nie versend is nie, en sodanige aanspreeklikheid duur voort totdat die goedere behoorlik geklaar of andersins rekenskap daarvoor gegee is tot bevrediging van die Sekretaris.

(4) Die betrokke gesagvoerder, loods of karweier is aanspreeklik vir die reg op alle goedere wat ingevolge artikel *tien* geag word ingevoer te gewees het, behalwe goedere ten opsigte waarvan 'n vragbrief, lugbesendingsbrief of ander dokument by die laai van sodanige goedere op die skip, vliegtuig of voertuig deur middel waarvan dit ingevoer is, uitgereik is, waarin verklaar word dat bedoelde goedere op risiko van die eienaar daarvan vir versending aangeneem is, in alle opsigte en nie slegs wat betref risiko ten opsigte van beskadiging van daardie goedere nie.

(5) Die aanspreeklikheid vir reg van die gesagvoerder of loods of ander karweier ingevolge sub-artikel (4) verval—

(*a*) by wettige aflewering van die goedere, nadat dit behoorlik geklaar is, aan die invoerder of sy agent; of

(*b*) indien die goedere nie behoorlik geklaar is nie, by aflewering daarvan by die Staatspakhuis of ander plek wat die Ontvanger vir die doeleindes van hierdie artikel aangewys het.

(6) In alle gevalle waar die gesagvoerder, loods of ander karweier nie vir die reg op enige ingevoerde goedere aanspreeklik is nie, of waar die aanspreeklikheid van bedoelde gesagvoerder, loods of ander karweier ingevolge hierdie artikel ten opsigte van sodanige goedere verval het, berus aanspreeklikheid vir reg daarop, behoudens die bepalings van Hoofstuk VII, by die invoerder van sodanige goedere.

(7) Indien 'n invoerder enige reg op goedere betaal het waarvoor die gesagvoerder, loods of ander vervoerder ingevolge hierdie artikel aanspreeklik is, moet bedoelde gesagvoerder, loods of ander vervoerder die invoerder ten opsigte van sodanige reg vergoed.

(8) Die vervaardiger van enige synsbare goedere is, behoudens die bepalings van Hoofstuk VII, aanspreeklik vir die reg op sodanige goedere en sy aanspreeklikheid duur voort totdat sodanige goedere behoorlik geklaar is en die reg daarop verskuldig, betaal is.

(9) By die toepassing van sub-artikel (5) word 'n klaringsbrief op sig geag 'n behoorlike klaring te wees.

(10) Enige reg waarvoor enigiemand ingevolge hierdie artikel aanspreeklik is, moet op aanvraag van die Sekretaris betaal word.

Bepaling van toepaslike reg.

45. (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, is alle goedere wat na die Republiek versend of in die Republiek ingevoer of in 'n doeane- en aksynspakhuis opgeslaan of vervaardig of onder waarborg vervoer word by klaring vir binnelandse verbruik of by betaling van reg vir watter doel ook al aan die regte (met inbegrip van anti-dumpingregte wat in Bylae No. 2 vermeld word en nuwe of verhoogde regte waarop sub-artikel (1) van artikel *agt-en-vyftig* betrekking het en regte ingevolge die bepalings van artikel *drie-en-vyftig* opgelê) wat ten tyde van sodanige klaring of betaling op sodanige goedere hefbaar is, onderhewig.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

the purchaser fails to comply with such condition within a period of three months from the date of sale of such goods, such sale shall be null and void and the net proceeds of sale may be refunded to the purchaser and the Secretary may direct that the goods in question be destroyed or appropriated to the State or be dealt with in such manner as he may deem fit.

Liability for duty.

44. (1) Liability for duty on any goods to which section *ten* relates shall commence from the time when such goods are in terms of that section deemed to have been imported into the Republic: Provided that any such liability shall cease if it is proved to the satisfaction of the Secretary that such goods were not landed at any place in the Republic.

(2) Any excisable goods shall, for the purposes of this Act, be deemed to have been manufactured at that stage in the manufacturing process when the said goods have acquired the essential characteristics of and are in the opinion of the Secretary capable of use as such excisable goods, and liability for duty shall commence at the said stage.

(3) The master of a ship or pilot of an aircraft or carrier of goods by means of any other vehicle shall be liable for the duty on all goods which are removed from that ship, aircraft or vehicle at a place in the Republic to which they are not consigned, and such liability shall continue until the goods have been duly entered or otherwise accounted for to the satisfaction of the Secretary.

(4) The master, pilot or carrier concerned shall be liable for the duty on all goods deemed in terms of section *ten* to have been imported, except goods in respect of which a bill of lading, air consignment note or other document was issued on loading of such goods onto the ship, aircraft or vehicle by means of which they were imported stating that the said goods were accepted for conveyance at the risk of the owner thereof in all respects and not only as regards risk in respect of damage to such goods.

(5) The liability of the master or pilot or other carrier for duty in terms of sub-section (4) shall cease—

(*a*) upon lawful delivery of the goods, after due entry thereof has been made, to the importer or his agent; or

(*b*) if due entry of the goods has not been made, upon delivery thereof to the State warehouse or other place indicated for the purposes of this section by the Collector.

(6) In all cases where the master, pilot or other carrier is not liable for the duty on any imported goods or where the liability of the said master, pilot or other carrier has ceased in respect of such goods in terms of this section, liability for duty thereon shall, subject to the provisions of Chapter VII, rest on the importer of such goods.

(7) If any importer has paid any duty on any goods for which the master, pilot or other carrier is liable in terms of this section, the said master, pilot or other carrier shall reimburse such importer in respect of such duty.

(8) The manufacturer of any excisable goods shall, subject to the provisions of Chapter VII, be liable for the duty on such goods and his liability shall continue until such goods have been duly entered and the duty due thereon paid.

(9) For the purposes of sub-section (5) an entry by bill of sight shall be deemed to be due entry.

(10) Any duty for which any person is liable in terms of this section shall be payable upon demand by the Secretary.

Determination of duty applicable.

(*a*) "ordinary anti-dumping duty", which may be imposed when goods have been or are being or are likely to be exported to the Republic at a free on board price (as defined in section *sixty-seven*) which is less than the domestic value (as defined in section *sixty-six*), thereof, and which shall be the amount by which the said domestic value exceeds the said free on board price;

(*b*) "bounty anti-dumping duty", which may be imposed when goods have been or are being or are likely to be exported to the Republic and a bounty has been or will be granted in respect thereof in the territory in which they were produced or manufactured or from which they were exported, and which shall be the amount of such bounty, whether such bounty is by way of a bonus, rebate, subsidy or otherwise, and whether it is granted by a government or other authority or person;

(*c*) "freight anti-dumping duty", which may be imposed when goods have been or are being or are likely to be conveyed to the Republic from a particular territory or place of despatch at a rate of freight less than the rate certified by the South African Shipping Board or other person designated by the Minister, as being the normal rate chargeable on that class or kind of goods from that territory or place and which shall be the amount by which the minimum rate of freight determined by the Minister in terms of sub-section (3) exceeds the rate of freight actually paid;

(*d*) "exchange anti-dumping duty", which may be imposed when goods have been or are being or are likely to be imported into the Republic from a territory the currency of which is depreciated in relation to the currency of the Republic or when the currency of the territory of origin of such goods which have been or are being or are likely to be imported into the Republic is likewise depreciated, and which shall be the amount

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

'n waardevermindering ondergaan het, en wat die bedrag is waarby die prys vry aan boord van die goedere (soos in artikel *sewe-en-sestig* omskryf) minder is as sodanige prys soos uitgedruk in die betaalmiddel van die gebied van herkoms of uitvoer van die goedere en omgesit in die betaalmiddel van die Republiek teen 'n wisselkoers wat die Minister hierby gemagtig word om te bepaal en by wyse van 'n wysiging van Bylae No. 2 bekend te maak wat by kennisgewing in die *Staatskoerant* geskied; of

(*e*) „verkoopsanti-dumpingreg" wat opgelê kan word wanneer goedere op 'n plek in die Republiek in die gewone loop van die handel verkoop word of waarskynlik verkoop of vir verkoop aangebied sal word in groothandelhoeveelhede teen 'n bedrag wat minder is as die binnelandse waarde daarvan (soos in artikel *ses-en-sestig* omskryf) plus vraggeld, assuransiegeld en alle koste na daardie plek, met inbegrip van landings-, vervoer- en afleweringskoste en enige reg (behalwe 'n anti-dumpingreg kragtens die bepalings van hierdie Hoofstuk opgelê) betaalbaar kragtens hierdie Wet, en wat die bedrag is waarmee bedoelde binnelandse waarde van die goedere, plus die uitgawes en onkoste in hierdie paragraaf uiteengesit, die groothandelverkoopprys in die Republiek oorskry.

(6) Die anti-dumpingregte in paragrawe (*a*), (*b*), (*c*) en (*d*) van sub-artikel (5) vermeld, word deur die invoerder van die goedere ten tyde van klaring vir binnelandse verbruik van sodanige goedere betaal, en die anti-dumpingreg in paragraaf (*e*) van sub-artikel (5) vermeld, word betaal deur die persoon in die Republiek wat die goedere verkoop, op die wyse en die tyd wat in die regulasies voorgeskryf word.

(7) Wanneer 'n anti-dumpingreg kragtens die bepalings van hierdie artikel op enige goedere gelê word, moet die eienaar van enige sodanige goedere wat in 'n doeane- en aksynspakhuis opgeslaan is, die faktuur en ander dokumente wat op sodanige goedere betrekking het, aan die Ontvanger voorlê nie later as die tydstip van klaring van al sodanige goedere, of enige gedeelte daarvan, vir verwydering uit sodanige pakhuis nie, behalwe ten opsigte van sodanige goedere wat geklaar is vir uitvoer uit 'n doeane- en aksynspakhuis.

Anti-dumpingregte is nie normaalweg van toepassing op goedere wat geklaar word kragtens Bylae No. 3 of 4 nie.

56. 'n Anti-dumpingreg wat opgelê word kragtens die bepalings van artikel *vyf-en-vyftig* is nie van toepassing op enige goedere wat kragtens die bepalings van enige item wat in Bylae No. 3 of 4 vermeld word, geklaar word nie, tensy sodanige item ten opsigte van sodanige goedere in Bylae No. 2 vermeld word.

Uitsluiting van sekere goedere van betaling van anti-dumpingreg.

57. Ondanks die bepalings van artikel *vyf-en-vyftig*, kan die Sekretaris, behoudens die voorwaardes wat hy in elke geval oplê, egte handelsmonsters, vervangingsonderdele wat tot sy bevrediging bewys word ingevoer te wees in sodanige omstandighede dat plaaslik vervaardigde onderdele van dieselfde klas of soort nie redelikerwys gebruik kan word nie en dat sodanige ingevoerde onderdele nie vir handelsdoeleindes bestem is nie, of enige ander goedere wat in sodanige omstandighede of in sodanige hoeveelhede ingevoer word dat die invoer van daardie goedere na sy oordeel nie gewone invoer van sodanige goedere vir handelsdoeleindes uitmaak nie, van die betaling van anti-dumpingreg vrystel.

HOOFSTUK VII.

WYSIGING VAN REGTE.

Tydstip waarop nuwe of verhoogde regte betaalbaar word.

58. (1) Wanneer die Minister in die Volksraad 'n belastingvoorstel ter tafel lê wat 'n nuwe reg oplê of 'n reeds betaalbare skaal van reg verhoog op enige goedere wat in sodanige voorstel vermeld word, is sodanige nuwe reg of verhoogde skaal van reg, behoudens die bepalings van sub-artikel (2), vanaf die tydstip waarop die voorstel ter tafel gelê is, betaalbaar op alle sodanige goedere wat op bedoelde tydstip nog nie vir binnelandse verbruik geklaar is nie.

(2) Wanneer die Minister kragtens die bepalings van sub-artikel (1), 'n belastingvoorstel ter tafel lê, wat betrekking het op ingevoerde en synsbare goedere van dieselfde klas of soort, word enige sodanige goedere wat die Minister in bedoelde voorstel vir die doeleindes van hierdie sub-artikel vermeld,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

by which the free on board price (as defined in section *sixty-seven*) of the goods is less than such price expressed in the currency of the territory of origin or export of the goods and converted into the currency of the Republic at a rate which the Minister is hereby authorized to determine and to notify by means of an amendment of Schedule No. 2 which shall be effected by notice in the *Gazette*; or

(*e*) "sales anti-dumping duty", which may be imposed when goods are being or are likely to be sold or offered for sale at a place in the Republic in the ordinary course of trade in wholesale quantities for an amount which is less than the domestic value (as defined in section *sixty-six*) thereof plus freight, insurance and all charges to that place, including landing, transportation and delivery charges and any duty (other than an anti-dumping duty imposed under the provisions of this Chapter) payable under this Act, and which shall be the amount by which the said domestic value of the goods, plus the expenses and charges set forth in this paragraph, exceeds the wholesale selling price in the Republic.

(6) The anti-dumping duties mentioned in paragraphs (*a*), (*b*), (*c*) and (*d*) of sub-section (5) shall be paid by the importer of the goods at the time of entry for home consumption of such goods and the anti-dumping duty mentioned in paragraph (*e*) of sub-section (5) shall be paid by the person in the Republic who sells the goods, in the manner and at the time prescribed in the regulations.

(7) Whenever any anti-dumping duty is imposed on any goods under the provisions of this section, the owner of any such goods stored in a customs and excise warehouse shall produce the invoice and other documents relating to such goods to the Collector not later than the time of entry of all or any part of such goods for removal from such warehouse except in respect of such goods entered for export from a customs and excise warehouse.

Anti-dumping duties not normally applicable to goods entered under Schedule No. 3 or 4.

56. An anti-dumping duty imposed under the provisions of section *fifty-five* shall not apply to any goods entered under the provisions of any item specified in Schedule No. 3 or 4 unless such item is specified in Schedule No. 2 in respect of such goods.

Exclusion of certain goods from payment of anti-dumping duty.

57. Notwithstanding the provisions of section *fifty-five*, the Secretary may, subject to such conditions as he may impose in each case, exempt from payment of any anti-dumping duty, genuine trade samples, replacement parts proved to his satisfaction to have been imported in such circumstances that locally manufactured parts of the same class or kind cannot reasonably be used and that such imported parts are not intended for trade purposes, or any other goods which are imported in such circumstances or in such quantities that the importation of such goods does not, in his opinion, constitute regular importation of such goods for trade purposes.

CHAPTER VII.

AMENDMENT OF DUTIES.

Time when new or increased duties become payable.

58. (1) Whenever the Minister tables in the House of Assembly a taxation proposal imposing a new duty or increasing the rate of duty already payable, upon any goods specified in the said proposal, such new duty or increased rate of duty shall, subject to the provisions of sub-section (2), from the time when the proposal was tabled, be payable on all such goods as have not at the said time been entered for home consumption.

(2) Whenever the Minister tables, under the provisions of sub-section (1), a taxation proposal relating to imported and excisable goods of the same class or kind, any such goods which the Minister may in the said proposal specify for the purposes of this sub-section, shall, though entered for home consumption

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

alhoewel vir binnelandse verbruik voor die tydstip van sodanige voorstel geklaar en ten spyte daarvan dat dit nie meer onder doeane- en aksynsbeheer is nie, onderhewig aan die nuwe reg, of die verskil tussen die skaal van reg ten tyde van sodanige voorstel en die verhoogde skaal wat in sodanige voorstel bepaal word, indien dit ten tyde van sodanige voorstel nie uit die voorrade van 'n invoerder, vervaardiger of sodanige klas handelaar as wat die Minister in bedoelde voorstel vermeld, gelewer is nie.

(3) By die toepassing van hierdie artikel word enige goedere wat vir die doeleindes van sub-artikel (2) deur die Minister vermeld word in 'n belastingvoorstel, en wat, ten tyde van bedoelde voorstel, in transito is na 'n invoerder, vervaardiger of 'n klas handelaar aldus deur die Minister vermeld, geag deel van die voorraad van sodanige invoerder, vervaardiger of handelaar, na gelang van die geval, uit te maak, ondanks enige strydige voorwaardes van enige kontrak wat op die verkoop of lewering van sodanige goedere betrekking het.

(4) Wanneer die Minister enige goedere in 'n belastingvoorstel vir die doeleindes van sub-artikel (2) vermeld het, moet elke invoerder of vervaardiger of handelaar wat in bedoelde voorstel vermeld is, ten opsigte van enige goedere aldus vermeld—

(*a*) onverwyld 'n voorraadopname maak van alle sodanige goedere wat nog nie uit sy voorrade gelewer is ten tyde van die tertafellegging van die voorstel nie, en 'n duidelike en akkurate afsonderlike aantekening maak van sodanige ingevoerde en synsbare goedere;

(*b*) binne sewe dae vanaf die datum waarop die voorstel ter tafel gelê is, by die Ontvanger 'n beëdigde verklaring indien, wat die beskrywing en die hoeveelheid van bedoelde ingevoerde en synsbare goedere, wat op genoemde tydstip in sy voorraad was, afsonderlik aandui, asook enige ander inligting wat die Sekretaris van hom verlang; en

(*c*) op of voor die laaste werkdag van die maand wat volg op die maand waarin die voorstel ter tafel gelê is, aan die Ontvanger die bedrag aan reg betaal wat deur hom kragtens sub-artikel (2) ten opsigte van die betrokke goedere betaalbaar is.

(5) Indien die Minister in enige belastingvoorstel vir die doeleindes van sub-artikel (2) spesifiseer dat enige goedere aldus vermeld onderhewig is aan die regte aldus vermeld indien dit nie gelewer is uit die voorrade van 'n groothandelaar ten tyde van bedoelde voorstel nie, is die bepalings van sub-artikel (4) van toepassing op die voorrade van sodanige groothandelaar en van enige kleinhandelaar wat sy sake op dieselfde perseel doen: Met dien verstande dat die Sekretaris, by voorlegging deur sodanige groothandelaar van die bewyse wat hy vereis, van die voorrade of van die aanspreeklikheid vir reg van daardie groothandelaar vir die doeleindes van sub-artikel (2) kan uitsluit—

(*a*) voorrade van 'n klas of soort wat slegs deur sodanige kleinhandelaar verkoop word; en

(*b*) daardie gedeelte van die totale reg betaalbaar deur sodanige groothandelaar wat verteenwoordig word deur die verhouding van kleinhandelverkope teenoor totale verkope van die betrokke goedere gedurende die tydperk van drie maande wat die datum van sodanige voorstel onmiddellik voorafgaan, sodanige verhouding bereken te word op die basis van hoeveelheid van elke betrokke artikel.

6) By die toepassing van hierdie artikel—

(*a*) beteken „handelaar" enigiemand wat in enige goedere waarop hierdie Wet betrekking het, handel dryf, met inbegrip van 'n klub, ko-operatiewe vereniging van enige aard of enige statutêre liggaam;

(*b*) beteken „kleinhandelaar", behoudens die bepalings van paragraaf (*c*), enige handelaar wat in kleinhandelhoeveelhede handel dryf of 'n lisensie kragtens enige wet besit om in kleinhandelhoeveelhede handel te dryf;

(*c*) beteken „groothandelaar", enige handelaar wat in groothandelhoeveelhede handel dryf of 'n lisensie kragtens enige wet besit om in groothandelhoeveelhede handel te dryf en die besigheid en voorrade van 'n groothandelaar word geag die besigheid en voorrade van enige kleinhandelaar wat sake doen op dieselfde perseel waarop die groothandelaar sy sake as sodanig doen, in te sluit; en

(*d*) sluit „lewer" enige vorm van lewering behalwe *traditio brevi manu* en *constitutum possessorium* in.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

prior to the time of such proposal and notwithstanding that they have passed out of customs and excise control, become liable to the new duty or the difference between the rate of duty at the time of such proposal and the increased rate provided for in the said proposal, if they have at the time of such proposal not been delivered from the stocks of an importer, manufacturer or such class of dealer as the Minister may in the said proposal specify.

(3) For the purposes of this section any goods which are specified by the Minister in any taxation proposal for the purposes of sub-section (2) and which, at the time of the said proposal are in transit to an importer, manufacturer or a class of dealer so specified by the Minister, shall be deemed to form part of the stocks of such importer, manufacturer or dealer, as the case may be, notwithstanding any terms to the contrary of any contract relating to the sale or delivery of such goods.

(4) Whenever the Minister has specified any goods in any taxation proposal for the purposes of sub-section (2), every importer or manufacturer or dealer specified in the said proposal shall, in respect of any goods so specified—

(*a*) forthwith take stock of all such goods which have not been delivered from his stocks at the time when the proposal was tabled, and make a clear and accurate record of such imported and excisable goods separately;

(*b*) within seven days of the date on which the proposal was tabled, deliver to the Collector a sworn statement giving separately the description and quantities of the said imported and excisable goods, which were in his stocks at the said time, and any other information which the Secretary may require of him; and

(*c*) upon or before the last working day of the month following the month in which the proposal was tabled, pay to the Collector the amount of duty payable by him under sub-section (2) in respect of the goods in question.

(5) If the Minister specifies in any taxation proposal for the purposes of sub-section (2) that any goods so specified shall be liable to the duties so specified if they have not been delivered from the stocks of a wholesale dealer at the time of the said proposal, the provisions of sub-section (4) shall apply to the stocks of such wholesale dealer and of any retail dealer conducting his business on the same premises: Provided that the Secretary may, upon production by such wholesale dealer of such evidence as he may require, exclude from the stocks or the liability for duty of that wholesale dealer for the purposes of sub-section (2)—

(*a*) stocks of a class or kind which are sold by such retail dealer only; and

(*b*) such proportion of the total duty payable by such wholesale dealer as is represented by the proportion of retail sales to total sales of the goods concerned during the period of three months immediately preceding the date of such proposal, such proportion to be calculated on the basis of quantities of each commodity concerned.

(6) For the purposes of this section—

(*a*) "dealer" means any person who deals in any goods to which this Act relates and includes a club, co-operative society of any nature or any statutory body;

(*b*) "retail dealer" means, subject to the provisions of paragraph (*c*), any dealer who deals in or holds a licence under any law to deal in retail quantities;

(*c*) "wholesale dealer" means any dealer who deals in or holds a licence under any law to deal in wholesale quantities and the business and stocks of a wholesale dealer shall be deemed to include the business and stocks of any retail dealer who conducts business on the same premises on which the wholesale dealer conducts his business as such; and

(*d*) "deliver" includes any form of delivery except *traditio brevi manu* and *constitutum possessorium*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(7) Wanneer by 'n regsgeding die vraag ontstaan of die Minister werklik 'n belastingvoorstel ter tafel gelê het, soos in hierdie artikel beskryf, of aangaande die tyd wanneer sodanige voorstel ter tafel gelê is of die besonderhede in sodanige voorstel vervat, word 'n afskrif van die notule van verrigtings van die Volksraad, wat sodanige voorstel bevat en deur die Sekretaris van die Volksraad as 'n juiste afskrif gesertifiseer is, aangeneem as genoegsame bewys dat die voorstel ter tafel gelê is en van die tydstip waarop dit ter tafel gelê is en van die besonderhede daarin vervat.

Kontrakpryse kan volgens veranderde regte gewysig word.

59. (1) Wanneer 'n reg op goedere regstreeks of onregstreeks gehef of verhoog word by wyse van 'n wysiging op enige manier van enige Bylae by hierdie Wet, en sodanige goedere ooreenkomstig 'n kontrak aangegaan voordat die reg of verhoogde reg betaalbaar geword het, daarna aan die koper afgelewer en deur hom aangeneem word, kan die verkoper van die goedere by ontstentenis van 'n strydige ooreenkoms, bo en behalwe die kontrakprys 'n som verhaal gelyk aan enige bedrag wat hy as gevolg van bedoelde reg of verhoging betaal het.

(2) Wanneer 'n reg op goedere regstreeks of onregstreeks ingetrek of verminder word by wyse van 'n wysiging op enige manier van enige Bylae by hierdie Wet, en sodanige goedere ooreenkomstig 'n kontrak aangegaan voordat die intrekking of die vermindering in werking getree het, daarna aan die koper afgelewer word, kan die koper van die goedere, by ontstentenis van 'n strydige ooreenkoms, indien die verkoper die voordeel van die intrekking of vermindering ten opsigte van daardie goedere geniet het, 'n som gelyk aan bedoelde reg of vermindering van die kontrakprys aftrek.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is ook van toepassing op 'n kontrak vir die huur van enige goedere of die gebruik van enige goedere by die lewering van 'n diens teen 'n kontrakprys, en die uitdrukkings „verkoper" en „koper" word dienooreenkomstig uitgelê om die persoon deur wie en die persoon aan wie die goedere verhuur, of die diens gelewer word, in te sluit.

HOOFSTUK VIII.

LISENSIËRING.

Lisensiegelde ooreenkomstig Bylae No. 7.

60. (1) Niemand mag 'n handeling verrig of in besit wees van of enigiets gebruik ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge hierdie Wet vereis word, tensy hy die toepaslike lisensie wat in Bylae No. 7 voorgeskryf word, verkry het nie en bedoelde lisensie word nie uitgereik tensy die voorgeskrewe lisensiegeld betaal is nie.

(2) Die Sekretaris kan, onderhewig aan 'n beroep op die Minister, wie se beslissing afdoende is—

(*a*) enige aansoek om 'n nuwe lisensie of 'n hernuwing van enige lisensie weier; of

(*b*) enige lisensie intrek as die houer van sodanige lisensie voortdurend die bepalings van hierdie Wet oortree het of versuim het om daaraan te voldoen of 'n in artikel *tagtig* bedoelde misdryf begaan het.

Doeane- en aksynspakhuis-lisensies.

61. (1) Voordat 'n doeane- en aksynspakhuis gelisensieer word, moet die persoon wat om sodanige lisensie aansoek doen, die sekerheid stel wat die Sekretaris vereis.

(2) Die Sekretaris kan te eniger tyd gelas dat die vorm, aard of bedrag van sodanige sekerheid verander of hernuwe word op die wyse wat hy bepaal.

(3) Die Sekretaris kan deur middel van endossement toelaat dat 'n lisensie van een doeane- en aksynspakhuis op 'n ander doeane- en aksynspakhuis oorgedra word in die gebied wat deur dieselfde Ontvanger beheer word en in besit is van die persoon aan wie die lisensie uitgereik is, maar geen doeane- en aksynspakhuislisensie is oordraagbaar van een persoon na 'n ander nie.

(4) Nie meer as een lisensie word uitgereik ten opsigte van enige doeane- en aksynspakhuis nie.

Landbou-distilleerders.

62. (1) 'n Landboudistilleerderslisensie kragtens hierdie Wet word nie aan iemand in die Provinsie die Kaap die Goeie Hoop of in die gebied Suidwes-Afrika uitgereik tensy hy in die jaar waarvoor die lisensie benodig is minstens vyf lêers wyn teen 'n sterkte van 11·5 persent absolute alkohol, volgens volume, geproduseer het nie.

(2) Na die inwerkingtreding van hierdie Wet word 'n lisensie as 'n landboudistelleerder kragtens hierdie Wet nie aan enige persoon uitgereik nie—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(7) Whenever in any legal proceedings any question arises as to whether the Minister has in fact tabled a taxation proposal as described in this section, or as to the time when such proposal was tabled or the particulars contained in such proposal, a copy of the minutes of proceedings of the House of Assembly, containing such proposal and certified by the Secretary of the House of Assembly to be a true copy, shall be accepted as sufficient evidence that such proposal was tabled and of the time when it was tabled and of the particulars contained therein.

Contract prices may be varied to extent of alteration in duty.

59. (1) Whenever any duty is imposed or increased, directly or indirectly, by amendment in any manner of any Schedule to this Act, on any goods and such goods, in pursuance of a contract made before such duty or increased duty became payable, are thereafter delivered to and accepted by the purchaser, the seller of the goods may, in the absence of agreement to the contrary, recover as an addition to the contract price a sum equal to any amount paid by him by reason of the said duty or increase.

(2) Whenever any duty is withdrawn or decreased, directly or indirectly, by amendment in any manner of any Schedule to this Act, on any goods, and such goods in pursuance of a contract made before the withdrawal or decrease became effective are thereafter delivered to the purchaser, the purchaser of the goods may, in the absence of agreement to the contrary, if the seller has in respect of those goods had the benefit of the withdrawal or decrease, deduct from the contract price a sum equal to the said duty or decrease.

(3) The provisions of this section shall also apply to a contract for the hiring of any goods or the use of any goods in rendering a service at a contract price, and the expressions "seller" and "purchaser" shall correspondingly be construed as including the person by whom and the person to whom the goods are hired or the service rendered.

CHAPTER VIII.

LICENSING.

Licence fees according to Schedule No. 7.

60. (1) No person shall perform any act or be in possession of or use anything in respect of which a licence is required under this Act unless he has obtained the appropriate licence prescribed in Schedule No. 7 which shall not be issued unless the prescribed licence fee has been paid.

(2) The Secretary may, subject to an appeal to the Minister, whose decision shall be final—

(*a*) refuse any application for a new licence or a renewal of any licence; or

(*b*) cancel any licence if the holder of such licence has persistently contravened or failed to comply with the provisions of this Act or has committed an offence referred to in section *eighty*.

Customs and excise warehouse licences.

61. (1) Before a customs and excise warehouse is licensed the person applying for such licence shall furnish such security as the Secretary may require.

(2) The Secretary may at any time require that the form, nature or amount of such security shall be altered or renewed in such manner as he may determine.

(3) The Secretary may by endorsement permit a licence to be transferred from one customs and excise warehouse to another customs and excise warehouse in the area controlled by the same Collector and in the possession of the person to whom the licence has been issued, but no customs and excise warehouse licence shall be transferable from one person to another.

(4) Not more than one licence shall be issued in respect of any customs and excise warehouse.

Agricultural distillers.

62. (1) No person shall be granted a licence under this Act as an agricultural distiller in the Province of the Cape of Good Hope or the territory of South-West Africa if he has produced in the year for which the licence is required less than five leaguers of wine at a strength of 11·5 per cent absolute alcohol by volume.

(2) After the commencement of this Act a licence under this Act as an agricultural distiller shall not be granted to any person—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*a*) wat nie te eniger tyd voor sodanige inwerkingtreding kragtens enige wet met betrekking tot aksyns as 'n landboudistilleerder gelisensieer was nie; of

(*b*) wat, na sodanige inwerkingtreding, vir 'n ononderbroke tydperk van meer as twaalf maande nie die houer van 'n landboudistelleerderslisensie kragtens hierdie Wet uitgereik, was nie.

(3) 'n Lisensie wat kragtens hierdie Wet aan enige persoon as 'n landboudistilleerder uitgereik is, mag nie aan 'n ander persoon, of van een plaas op 'n ander oorgedra word nie.

(4) (*a*) 'n Lisensie uitgereik kragtens hierdie Wet aan enige persoon as 'n landboudistilleerder verval by die dood van die lisensiehouer of by die skuldigbevinding van die lisensiehouer aan enige misdryf kragtens hierdie Wet of enige wet wat betrekking het op die onwettige vervaardiging, vervoer, verskaffing of besit van bedwelmende drank.

(*b*) By die toepassing van hierdie sub-artikel word die oplegging van 'n pene deur die Sekretaris kragtens die bepalings van artikel *een-en-negentig* geag 'n skuldigbevinding kragtens hierdie Wet te wees.

(5) Die bepalings van sub-artikels (2) en (4), en van sub-artikel (3) van artikel *drie-en-sestig* is nie van toepassing nie in die geval van 'n landboudistilleerder wat jaarliks 'n hoeveelheid spiritus, teen 'n sterkte van 11·5 persent absolute alkohol, volgens volume, produseer wat 'n hoeveelheid wat die Sekretaris bepaal, oorskry en wat sodanige spiritus produseer vir 'n doel wat deur die Sekretaris goedgekeur is.

Distilleerketels moet gelisensieer word.

63. (1) Niemand mag 'n distilleerketel besit of in sy besit of onder sy beheer hê behalwe kragtens 'n lisensie voorgeskryf in Bylae No. 7 en onderworpe aan die regulasies nie: Met dien verstande dat die Sekretaris, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, vrystelling van al of enige van die bepalings van hierdie sub-artikel kan verleen aan—

(*a*) enige gelisensieerde distilleerketelvervaardiger vir sover dit enige distilleerketel betref wat deur hom vir verkoop vervaardig of ingevoer is en in sy besit is; of

(*b*) enige persoon vir sover dit enige distilleerketel betref wat hy, tot bevrediging van die Sekretaris, bewys het dat dit slegs as 'n rariteit of ornament in sy besit is.

(2) Die bepalings van sub-artikels (3) en (4) van artikel *twee-en-sestig* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige lisensie wat kragtens hierdie Wet ten opsigte van 'n distilleerketel uitgereik is aan enige persoon aan wie te eniger tyd 'n lisensie ingevolge hierdie Wet as 'n landboudistilleerder uitgereik is of was: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie sub-artikel nie van toepassing is nie ten opsigte van enige sodanige lisensie ten opsigte van 'n distilleerketel wat gehou word deur enige sodanige landboudistilleerder as wat in sub-artikel (5) van artikel *twee-en-sestig* vermeld word.

(3) (*a*) Indien 'n landboudistilleerder aan wie 'n lisensie ten opsigte van 'n distilleerketel kragtens hierdie Wet uitgereik is vrywilliglik sodanige distilleerketel aan die departement prysgee, kan die Sekretaris, uit gelde deur die Parlement vir die doel bewillig, aan hom so 'n bedrag as vergoeding betaal as wat na die mening van die Sekretaris die heersende markwaarde van sodanige distilleerketel is.

(*b*) Waar iemand 'n distilleerketel aldus prysgegee het, word geen lisensie om 'n distilleerketel te besit, vir gebruik deur hom in sy hoedanigheid as 'n landboudistilleerder, daarna aan hom toegestaan nie tensy 'n nuwe lisensie as 'n landboudistilleerder, na sodanige prysgewing, kragtens hierdie Wet aan hom uitgereik is.

(*c*) Enige distilleerketel wat ingevolge hierdie sub-artikel prysgegee is, word deur die Sekretaris vernietig.

Spesiale pakhuise vir die vervaardiging van wyn.

64. Tensy die toestemming van die Sekretaris verkry is om wyn in 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis te vervaardig, mag niemand wyn vervaardig behalwe in 'n spesiale doeane- en aksynspakhuis wat kragtens hierdie Wet gelisensieer is nie.

HOOFSTUK IX.

WAARDE.

Waarde vir doeanebelasting-doeleindes.

65. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die waarde vir belastingdoeleindes van enige ingevoerde goedere die binnelandse waarde of die prys vry aan boord daarvan, watter ook al die hoogste is.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*a*) who had not at any time before such commencement been licensed under any law relating to excise as an agricultural distiller; or

(*b*) who, after such commencement, has for any continuous period of more than twelve months not been the holder of a licence as an agricultural distiller issued under this Act.

(3) No licence issued under this Act to any person as an agricultural distiller may be transferred to any other person or from one farm to another.

(4) (*a*) Any licence issued under this Act to any person as an agricultural distiller shall lapse upon the death of the licensee or upon conviction of the licensee of any offence under this Act or any law relating to the illicit manufacture, conveyance, supply or possession of intoxicating liquor.

(*b*) For the purposes of this sub-section the imposition of a penalty by the Secretary under the provisions of section *ninety-one* shall be deemed to be a conviction under this Act.

(5) The provisions of sub-sections (2) and (4) and of sub-section (3) of section *sixty-three* shall not apply in the case of an agricultural distiller who produces annually a quantity of spirits at a strength of 11·5 per cent absolute alcohol by volume which exceeds a quantity determined by the Secretary and produces such spirits for a purpose approved by the Secretary.

Stills to be licensed.

63. (1) No person shall own or have in his possession or under his control any still except under a licence prescribed in Schedule No. 7 and subject to the regulations: Provided that the Secretary may, subject to such conditions as he may impose, exempt from all or any of the provisions of this sub-section—

(*a*) any licensed still maker in so far as any still manufactured or imported by him for sale and in his possession is concerned; or

(*b*) any person in so far as any still is concerned which he has proved to the satisfaction of the Secretary is in his possession solely as a curiosity or ornament.

(2) The provisions of sub-sections (3) and (4) of section *sixty-two* shall *mutatis mutandis* apply in respect of any licence issued in respect of a still under this Act to any person to whom a licence under this Act has been or had at any time been issued as an agricultural distiller: Provided that the provisions of this sub-section shall not apply in respect of any such licence in respect of a still which is held by any such agricultural distiller as is referred to in sub-section (5) of section *sixty-two*.

(3) (*a*) If any agricultural distiller to whom a licence in respect of a still has been issued under this Act voluntarily abandons such still to the department, the Secretary may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, pay to him, as compensation, such an amount as the Secretary considers to be the current market value of such still.

(*b*) Where any person has so abandoned any still no licence to own a still to be used by him in the capacity of an agricultural distiller shall thereafter be granted to him unless a new licence as an agricultural distiller has, after such abandonment, been issued to him under this Act.

(*c*) Any still abandoned under this sub-section shall be destroyed by the Secretary.

Special warehouses for the manufacture of wine.

64. Unless the permission of the Secretary has been obtained to manufacture wine in a customs and excise manufacturing warehouse, no person shall manufacture wine except in a special customs and excise warehouse licensed under this Act.

CHAPTER IX.

VALUE.

Value for customs duty purposes.

65. (1) Subject to the provisions of this Act, the value for duty purposes of any imported goods shall be the domestic value or the free on board price thereof, whichever is the greater.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) By die toepassing van hierdie artikel en van sub-artikels (3) en (4) van artikel *sewentig*, word die abnormale koste wat tot bevrediging van die Sekretaris bewys word tydens verskeping aangegaan te gewees het as gevolg van 'n oorlogstoestand, werkstaking, uitsluiting van werksmense, oproer, of burgerlike onlus, nie geag deel van die binnelandse waarde of die prys vry aan boord van goedere uit te maak nie.

(3) Indien die waarde van enige ingevoerde goedere van een klas ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel meer as twintig rand is, word sodanige waarde by berekening van die betaalbare regte tot die naaste rand bereken, en word 'n bedrag van vyftig sent as minder as die helfte van een rand beskou.

(4) Wanneer dit vir die Sekretaris nodig is om 'n waarde of prys kragtens die bepalings van artikel *ses-en-sestig* of *sewe-en-sestig* ten opsigte van enige goedere te bepaal, kan hy, in omstandighede wat hy dienstig ag, op versoek van die invoerder, 'n geraamde waarde of prys bepaal ten opsigte van sodanige goedere volgens inligting wat ten tyde van die invoer daarvan beskikbaar is en sodanige geraamde waarde of prys word, tensy dit deur die invoerder verwerp word, daarna as die binnelandse waarde of prys vry aan boord, na gelang van die geval, van daardie goedere vir die doeleindes van die toepaslike artikel beskou.

Omskrywing van binnelandse waarde.

66. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die binnelandse waarde van enige goedere wat in die Republiek ingevoer word, die markprys waarteen sodanige of soortgelyke goedere, ten tyde van aankoop van daardie goedere deur die invoerder, in die gewone groothandelshoeveelhede in die gewone loop van die handel aan alle kopers in die vernaamste markte van die gebied waaruit die goedere aldus uitgevoer word, vrylik vir verbruik daarin te koop aangebied word, met inbegrip van enige tantième en die koste van verpakking wat gewoonlik in daardie markte gebruik word, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoer na die hawe van verskeping of ander plek van finale versending in daardie gebied en alle ander koste verbonde aan die plasing van die goedere aan boord van 'n skip of op enige voertuig by daardie hawe of plek, gereed vir uitvoer na die Republiek, maar uitgesonderd aksynsregte of verkoopsbelasting opgelê of teruggawes, terugbetalings, kortings of kwytskeldings van doeaneregte wat toegestaan is by uitvoer van sodanige goedere deur die regering van daardie gebied: Met dien verstande dat indien enige goedere na die Republiek uitgevoer word van 'n ander gebied as die gebied waarin sodanige goedere geproduseer of vervaardig is, die Sekretaris, by die toepassing van hierdie artikel, die gebied waarin sodanige goedere geproduseer of vervaardig is, kan beskou as die gebied waarvandaan sodanige uitvoer na die Republiek plaasvind.

(2) Wanneer goedere in die gebied waarvandaan dit na die Republiek uitgevoer word of waarvandaan dit, ingevolge die voorbehoudsbepaling by sub-artikel (1), beskou word dat dit aldus uitgevoer word, in sulke omstandighede verkoop word dat die binnelandse waarde daarvan nie ingevolge sub-artikel (1) bereken kan word nie, of wanneer goedere wat na die Republiek uitgevoer word, nie vir verbruik in die gebied waarvandaan dit aldus uitgevoer word of beskou word uitgevoer te word, verkoop word nie of wanneer die binnelandse waarde volgens sub-artikel (1) bereken, laer is as die gewone markprys waarteen sodanige of soortgelyke goedere in daardie gebied gedurende die ses maande wat die datum van uitvoer na die Republiek voorafgaan, verkoop is, kan die Sekretaris 'n waarde bepaal wat, onderworpe aan die reg van beroep op die Minister, beskou word die binnelandse waarde van daardie goedere te wees.

Prys vry aan boord.

67. Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die prys vry aan boord van enige ingevoerde goedere die prys wat deur die uitvoerder gevra word ten opsigte van sodanige goedere plus alle onkoste en koste verbonde aan die betrokke verkoping en aan die plasing van sodanige goedere aan boord van 'n skip of op 'n voertuig gereed vir uitvoer en enige agentskommissie (bereken op sodanige prys, onkoste en koste) ten opsigte van sodanige goedere: Met dien verstande dat indien, volgens die oordeel van die Sekretaris, die prys vry aan boord wat ten opsigte van enige goedere gevra is, nie die normale prys vry aan boord is waarteen daardie of soortgelyke goedere deur die uitvoerder aan enige invoerder in die Republiek onder toestande van vrye mededinging ten tyde van die koop van sodanige goedere verkoop sou word nie, of indien geen prys ten opsigte van sodanige goedere gevra word nie, die Sekretaris 'n prys kan bepaal, wat, onderworpe aan die reg van beroep op die Minister, beskou word as die prys vry aan boord van daardie goedere.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) For the purposes of this section and of sub-sections (3) and (4) of section *seventy*, such abnormal costs in effecting shipment as are proved to the satisfaction of the Secretary to have been incurred as the result of a state of war, strikes, lock-outs, riots or civil commotions shall not be regarded as forming part of the domestic value or the free on board price of goods.

(3) If the value of any imported goods of a single denomination according to the provisions of this section is in excess of twenty rand such value shall for the purpose of assessing the amount of duty payable, be calculated to the nearest rand, an amount of fifty cents being regarded as less than one half of one rand.

(4) Whenever it is necessary for the Secretary to determine a value or price under the provisions of section *sixty-six* or *sixty-seven* in respect of any goods, he may, in such circumstances as he deems expedient, at the request of the importer, determine an estimated value or price in respect of such goods according to information available at the time of importation thereof and such estimated value or price shall, unless it is rejected by the importer, thereafter be regarded as the domestic value or free on board price, as the case may be, of those goods for the purposes of the relevant sections.

Definition of domestic value.

66. (1) Subject to the provisions of this Act, the domestic value of any goods imported into the Republic shall be the market price at which, at the time of purchase by the importer of such goods, such or similar goods are freely offered for sale, for consumption in the territory from which such exportation takes place, in the usual wholesale quantities in the ordinary course of trade to all purchasers in the principal markets of that territory, including any royalty, and the cost of packages ordinarily used in those markets, plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to the port of shipment or other place of final despatch in that territory, and all other expenses incidental to placing the goods on board ship or on any vehicle at that port or place, ready for export to the Republic but shall not include excise duties or sales taxes imposed or drawbacks, refunds, rebates or remissions of customs duty granted on export of such goods by the government of that territory: Provided that if any goods are exported to the Republic from a territory other than the territory in which such goods were produced or manufactured, the Secretary may, for the purpose of this section, regard the territory in which such goods were produced or manufactured as the territory from which such exportation to the Republic takes place.

(2) When goods are sold in the territory from which they are exported to the Republic or from which they are, in terms of the proviso to sub-section (1) regarded as being so exported, under such conditions that no domestic value thereof can be calculated in terms of sub-section (1), or when goods exported to the Republic are not sold for consumption in the territory from which they are so exported or regarded as being exported or when the domestic value calculated in terms of sub-section (1) is below the ordinary market price at which such or similar goods have been sold in such territory during the six months preceding the date of exportation to the Republic, the Secretary may determine a value which shall, subject to the right of appeal to the Minister, be regarded as the domestic value of those goods.

Free on board price.

67. Subject to the provisions of this Act, the free on board price of any imported goods shall be the price charged in respect of such goods by the exporter plus all the costs and charges incidental to the sale in question and to placing such goods on board ship or on any vehicle ready for exportation and any agent's commission (calculated on such price, costs and charges) in respect of such goods: Provided that if in the opinion of the Secretary the free on board price charged in respect of any goods is not the normal free on board price at which such or similar goods would be sold by the exporter to any importer in the Republic under fully competitive conditions at the time of purchase of such goods, or if no charge is made in respect of such goods, the Secretary may determine a price which shall, subject to the right of appeal to the Minister, be regarded as the free on board price of those goods.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Sertifikaat van binnelandse waarde of koste.

68. Indien 'n vraag ontstaan aangaande die juistheid van 'n sertifikaat van binnelandse waarde gegee of 'n verklaring omtrent betaalde of verskuldigde premies, teruggawes, reg, tantième of enige ander koste of bedrag gedoen deur die vervaardiger of leweransier in die gebied van uitvoer, of van 'n verklaring omtrent betaalde of verskuldigde vraggelde gedoen deur die verskeper of ander versender of sy agent in die land van verskeping, ten opsigte van enige goedere wat in die Republiek ingevoer word, kan 'n skriftelike sertifikaat wat onderteken is deur iemand in daardie gebied wat die Minister spesiaal aangewys het en waarin sodanige waarde, premie, teruggawe, reg, tantième, vraggeld of ander koste of bedrag gesertifiseer word, by die berekening van die bedrag aan reg of vir daarmee in verband staande sake aangeneem word deur die Sekretaris as afdoende bewys van sodanige waarde, premie, teruggawe, reg, tantième, vraggeld of ander koste of bedrag, na gelang van die geval, maar onderworpe aan die reg van beroep op die Minister, wie se beslissing afdoende is.

Waarde vir doeleindes van aksynsreg.

69. (1) Wanneer dit nodig is vir die doel van die berekening van die aksynsreg wat betaalbaar is op enige goedere in die Republiek vervaardig, om die waarde van sodanige goedere te bepaal, word daar, behoudens die bepalings van hierdie artikel, aangeneem dat die waarde daarvan die markprys (voor aftrekking van enige afslag) is waarteen sodanige of soortgelyke goedere, ten tyde van die verkoping, vrylik vir handelsdoeleindes in die vernaamste markte van die Republiek in die gewone loop van die handel, in die gewone groothandelhoeveelhede en in die toestand en die gewone verpakking gereed vir verkoop in die kleinhandel, te koop aangebied word vir verbruik in die Republiek, plus die koste van pak en verpakking en alle ander uitgawes verbonde aan die plasing van die goedere op spoor vir lewering aan die koper, maar uitgesonderd die aksynsreg op sodanige goedere.

(2) Wanneer enige sodanige goedere in die Republiek verkoop of op ander wyse van die hand gesit word in sulke omstandighede dat die waarde daarvan nie ingevolge sub-artikel (1) bereken kan word nie, kan die Sekretaris 'n waarde bepaal wat, onderworpe aan die reg van beroep op die Minister, beskou word die waarde van sodanige goedere, bepaal ingevolge sub-artikel (1), te wees.

(3) Die Sekretaris kan, ten opsigte van enige sodanige goedere of enige klas of soort van sodanige goedere—

(*a*) die hoeveelheid spesifiseer wat, vir die doeleindes van sub-artikel (1), geag word die gewone groothandelhoeveelheid te wees;

(*b*) die verpakking spesifiseer wat, vir die doeleindes van sub-artikel (1), geag word die gewone verpakking gereed vir verkoop in die kleinhandel te wees;

(*c*) die koste van die pak of verpakking of enige ander uitgawes verbonde aan die plasing van die goedere op spoor, vir die doeleindes van sub-artikel (1), bepaal,

en sy beslissing is, onderworpe aan die reg van beroep op die Minister, afdoende.

Sekretaris kan waardasie eis.

70. (1) Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Hoofstuk, kan die Sekretaris, indien hy nie oortuig is van die juistheid van die waarde vir belasting- of tariefindelingdoeleindes van enige ingevoerde of synsbare goedere wat deur die invoerder of vervaardiger verklaar word nie, na gelang van die geval, eis dat sodanige invoerder of vervaardiger voor hom 'n eed aflê aangaande die juistheid van sodanige verklaring na die invoerder of vervaardiger se beste kennis en wete en dat hy enige dokumentêre bewys in sy besit ter staving daarvan voorlê, en die Ontvanger word hierby gemagtig om so 'n eed af te neem: Met dien verstande dat as die Ontvanger (hetsy so 'n eed vereis is al dan nie) van oordeel is dat die goedere verklaar is teen 'n waarde wat minder is as die juiste waarde daarvan vir belasting- of tariefindelingdoeleindes kragtens die bepalings van enige Bylae by hierdie Wet, hy kan eis dat die goedere ondersoek word deur twee bevoegde persone van wie een deur die Sekretaris en die ander deur die invoerder of vervaardiger benoem moet word.

(2) Die in sub-artikel (1) bedoelde twee persone moet, voordat hulle met enige ondersoek begin, 'n skeidsregter aanstel en moet voor die Ontvanger 'n beëdigde verklaring aflê aangaande wat, na hulle beste kennis en wete, die juiste waarde van die goedere vir belasting- of tariefindelingdoeleindes is, en as daardie twee persone verskil, moet die skeidsregter voor die Ontvanger 'n beëdigde verklaring aflê aangaande wat, na sy beste kennis en wete, bedoelde waarde is.

(3) Indien die twee persone kragtens sub-artikel (1) benoem, dieselfde waarde verklaar, is daardie waarde, of anders die waarde deur die skeidsregter verklaar, die waarde van die

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Certificate of domestic value or charges.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

van die kaste, pakke, bale en ander betrokke artikels, watter merke en nommers met die dokumente wat as bewys van betaling van reg voorgelê word, moet ooreenstem.

(2) By enige vervolging van enige persoon weens die niebetaling van reg op enige goedere en in enige geding teen enige persoon om die reg op enige goedere te verhaal, is enige bewering in enige aantekening wat deur of namens sodanige persoon gehou is, met die strekking dat sodanige goedere van 'n bepaalde hoeveelheid of sterkte of ander kenmerk deur hom te eniger tyd vervaardig, ingevoer of in voorraad gehou is, toelaatbaar as getuienis teen hom as 'n erkenning dat hy toentertyd goedere van daardie hoeveelheid, sterkte of ander kenmerk vervaardig, ingevoer of in voorraad gehou het.

(3) Indien enigiemand by enige sodanige vervolging of geding beweer dat hy enige goedere verkoop of gebruik het of oor enige goedere beskik het of enige goedere in sy besit het op so 'n wyse dat dit nie aan reg onderhewig is nie, rus die las op hom om te bewys dat sodanige goedere op sodanige wyse verkoop, gebruik of oor beskik is, of in sy besit is.

(4) By enige vervolging ingevolge hierdie Wet en in enige geskil waarby die Minister of Sekretaris 'n party is, rus die las om te bewys dat die juiste reg betaal is of dat goedere of installasies wettiglik ingevoer, uitgevoer, vervaardig of verwyder is of dat andersins wettiglik daarmee gehandel of daarin handel gedryf is, op die persoon wat beweer dat die juiste reg betaal is of dat die goedere of installasie wettiglik ingevoer, uitgevoer, vervaardig of verwyder is of dat andersins wettiglik daarmee gehandel of daarin handel gedryf is.

Aanspreeklikheid van maatskappy, vennootskap, ens.

103. By die toepassing van hierdie Wet, word enige verwysing na 'n persoon geag 'n verwysing na 'n maatskappy, koöperatiewe vereniging, firma, vennootskap, statutêre liggaam of klub in te sluit en in die geval van 'n oortreding van of 'n versuim om te voldoen aan hierdie Wet of die oploop van 'n aanspreeklikheid kragtens hierdie Wet deur enige maatskappy, koöperatiewe vereniging, firma, vennootskap, statutêre liggaam of klub kan enigiemand wat beheer het oor enige perseel of besigheid waarin of in verband waarmee die oortreding of versuim plaasgevind het of die aanspreeklikheid opgeloop het, van die toepaslike misdryf aangekla word en kan die daarvoor bepaalde strawwe opgelê word en is hy aanspreeklik vir enige aanspreeklikheid aldus opgeloop.

Betaling aan Suidwes-Afrika van reg op goedere wat in daardie gebied verbruik is.

104. (1) Alle regte in die gebied Suidwes-Afrika ingevorder en alle regte op synsbare goedere wat uit die Republiek verwyder is na die gebied om daarin verbruik te word, val die Gekonsolideerde Inkomstefonds toe, en die bedrag daarvan word in die Inkomstefonds van die gebied gestort.

(2) Betalings wat kragtens sub-artikel (1) gedoen word, word geag terugbetalings van reg te wees en word uit inkomste wat die Gekonsolideerde Inkomstefonds toeval, by wyse van teruggawe betaal.

(3) Daar word ook ten opsigte van regte ingevorder op goedere wat in die Republiek ingevoer en na die gebied vir verbruik daarin verwyder is, uit gelde deur die Parlement vir die doel bewillig, in die Inkomstefonds van die gebied 'n bedrag gestort gelyk aan die persentasie wat die Minister van tyd tot tyd in oorleg met die Administrateur van die gebied vasstel, van die bruto gekombineerde reg ingevorder op goedere wat in die Republiek en die gebied ingevoer is, min die bedrag aan reg in die Republiek op ingevoerde petrol ingevorder.

(4) (*a*) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie artikel, kan die Minister in oorleg met die Administrateur van die gebied 'n bedrag vasstel wat ooreenkomstig 'n deur die Minister voorgeskrewe formule bereken word en sodanige bedrag word van tyd tot tyd ten opsigte van die regte op synsbare goedere en ingevoerde goedere wat na die betaling van reg op sodanige goedere in die Republiek na die gebied verwyder is om daarin verbruik te word min die regte op synsbare goedere en ingevoerde goedere wat na die betaling van reg op sodanige goedere in die gebied na die Republiek verwyder is om daarin verbruik te word, uit gelde deur die Parlement vir daardie doel bewillig in die Inkomstefonds van die gebied gestort.

(*b*) Die bedrag wat aldus deur die Minister vasgestel is, word vanaf 'n datum deur hom bepaal, in die plek van enige bedrag waarvoor in sub-artikels (1) en (3) voorsiening gemaak word ten opsigte van sodanige goedere in die Inkomstefonds van die gebied gestort.

(5) Alle ander gelde in die gebied ingevolge die bepalings van hierdie Wet ingevorder, behalwe vorderings ten opsigte van spesiale of ekstra diens deur beamptes, val die Gekonsolideerde

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

of the cases, packages, bales and other articles concerned, which marks and numbers shall correspond with the documents produced in proof of the payment of the duty.

(2) In any prosecution of any person on account of the non-payment of duty on any goods, and in any proceedings against any person for the recovery of duty on any goods, any statement in any record kept by or on behalf of such person to the effect that such goods of a particular quantity or strength or other characteristic have been manufactured, imported or held in stock by him at any time, shall be admissible in evidence against him as an admission that he has at that time manufactured, imported or held in stock goods of that quantity, strength or other characteristic.

(3) If in any such prosecution or proceedings any person claims that he has sold or used or disposed of or is in possession of any goods in such a manner as not to render them subject to duty, the burden of proving that such goods have been sold, used or disposed of or are in his possession in such manner, shall be upon him.

(4) In any prosecution under this Act and in any dispute in which the Minister or Secretary is a party, the onus of proving that the proper duty has been paid or that goods or plant have been lawfully imported, exported, manufactured, removed or otherwise dealt with or in shall be on the person who claims that the proper duty has been paid or that the goods or plant have been lawfully imported, exported, manufactured, removed or otherwise dealt with or in.

Liability of company, partnership, etc.

103. For the purposes of this Act any reference to a person shall be deemed to include a reference to a company, co-operative society, firm, partnership, statutory body or club and in the event of a contravention of or non-compliance with this Act or the incurring of any liability under this Act by any company, co-operative society, firm, partnership, statutory body or club any person having the management of any premises or business in or in connection with which the contravention or non-compliance took place, or the liability was incurred may be charged with the relevant offence and shall be liable to any penalties provided therefor and shall be liable in respect of any liability so incurred.

Payment to South-West Africa of duty on goods consumed in that Territory.

104. (1) All duties collected in the territory of South-West Africa and all duties on excisable goods removed from the Republic to the territory for consumption therein shall accrue to the Consolidated Revenue Fund, and the amount thereof shall be paid into the Territory Revenue Fund.

(2) Payments made in terms of sub-section (1) shall be deemed to be refunds of duty and shall be paid as drawbacks out of revenue accruing to the Consolidated Revenue Fund.

(3) There shall also be paid into the Territory Revenue Fund out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, in respect of duties collected on goods imported into the Republic and removed to the territory for consumption therein, an amount equal to such percentage as may from time to time be determined by the Minister in consultation with the Administrator of the territory, of the gross duty collected on imported goods in the Republic and the territory combined less the amount of duty collected in the Republic on petrol imported.

(4) (*a*) Notwithstanding anything to the contrary in this section contained, the Minister may, in consultation with the Administrator of the territory determine an amount which shall be calculated according to such formula as the Minister may specify and shall be paid into the Territory Revenue Fund from time to time out of moneys appropriated by Parliament for that purpose, in respect of the duties on excisable goods and imported goods removed to the territory for consumption therein after payment of duty on such goods in the Republic less the duties on excisable goods and imported goods removed to the Republic for consumption therein after payment of duty on such goods in the territory.

(*b*) The amount so determined by the Minister shall, from a date specified by him, be paid into the Territory Revenue Fund in lieu of any amount provided for in sub-sections (1) and (3) in respect of such goods.

(5) All other moneys collected in the territory under the provisions of this Act, except charges in respect of special or extra attendance by officers, shall accrue to the Consolidated

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Inkomstefonds toe en die bedrag daarvan word uit inkomste wat aan daardie fonds toeval, in die Inkomstefonds van die gebied by wyse van teruggawe gestort.

(6) By die toepassing van hierdie artikel word die hawe en nedersetting van Walvisbaai geag 'n deel van die gebied Suidwes-Afrika te wees.

Uitstel van betaling van reg.

105. Die Sekretaris kan na goeddunke en onderworpe aan die voorwaardes wat hy nodig ag (met inbegrip van die betaling van rente teen 'n redelike koers op die verskuldigde bedrag), toelaat dat enige reg wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet betaalbaar is of enige pene wat hy opgelê het, in paaiemente van die bedrae en op die tye wat hy bepaal, betaal word.

Monsters.

106. (1) 'n Beampte kan by klaring van enige ingevoerde goedere of gedurende die vervaardiging van enige synsbare goedere, of te eniger tyd na sodanige klaring of vervaardiging van enige persoon wat in besit is van sodanige ingevoerde goedere of van enige vervaardigde of gedeeltelik vervaardigde synsbare goedere, sonder betaling monsters neem van sodanige ingevoerde, vervaardigde of gedeeltelik vervaardigde goedere of van stowwe bestem vir die vervaardiging van synsbare goedere of van goedere wat ingevolge die bepalings van Hoofstuk X gebruik is, om ondersoek te word of om die daarop betaalbare regte vas te stel of vir so 'n ander doel as wat die Sekretaris nodig ag, en met daardie monsters word gehandel en daarvan word verantwoording gedoen op die wyse wat die Sekretaris gelas.

(2) By die bepaling van die reg wat hefbaar is ten opsigte van enige goedere wat uit 'n enkele besending bestaan, of wat in enige vat, tenk of ander goederehouer is, word die aard of kenmerke van al die goedere in daardie besending, vat, tenk of ander houer geag ooreen te stem met die aard of kenmerke van enige monster wat deur die beampte uit sodanige besending, vat, tenk of ander houer geneem is.

Onkoste van landing, ondersoek, weeg, ontleding, ens.

107. (1) Alle hantering van en handeling met goedere vir die doeleindes van hierde Wet, geskied deur of vir rekening en op risiko van die invoerder, uitvoerder, vervaardiger of eienaar van die goedere, wie ook al beheer oor sodanige goedere het, behalwe in die geval van goedere wat in 'n doeane- en aksynspakhuis ondersoek word waar sodanige hantering van en handeling met goedere vir rekening en op risiko van die eienaar daarvan geskied.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, laat die Sekretaris nie goedere uit sy beheer gaan nie, behalwe op die voorwaardes deur hom bepaal, totdat hy homself oortuig het dat aan die bepalings van hierdie Wet of enige wetsbepaling betreffende die invoer of uitvoer of deurvoer deur die Republiek van goedere voldoen is ten opsigte van sodanige goedere, en die Staat of die Sekretaris of enige beampte is in geen geval aanspreeklik ten opsigte van 'n eis wat ontstaan uit die aanhouding van goedere hangende die besluit van die Sekretaris of vir die koste van sodanige aanhouding nie.

(3) Die koste van ontleding van goedere vir die doeleindes van sub-artikel (2) word deur die invoerder, uitvoerder, vervaardiger of eienaar van sodanige goedere gedra, behalwe waar die uitslag van die ontleding die juistheid bevestig van die verklaring of klaringsbrief wat deur sodanige invoerder, uitvoerder, eienaar of vervaardiger ten opsigte van sodanige goedere gedoen of voorgelê is.

Embargo op goedere.

108. Indien 'n beampte te eniger tyd rede het om te vermoed dat die juiste regte nie betaal is op enige goedere of dat daar ten opsigte van enige goedere, installasie, voertuig of ding 'n oortreding van enige bepaling van hierdie Wet of van enige wetsbepaling betreffende die invoer of uitvoer van goedere gepleeg is of kan word, kan hy 'n embargo plaas op daardie goedere, installasie, voertuig of ding, waar of in besit van wie dit ook al gevind word, en totdat die embargo opgehef is, mag niemand sonder verlof van die beampte sodanige goedere, installasie, voertuig of ding van die deur die beampte bepaalde plek verwyder of op enige wyse daarmee handel nie.

Vernietiging van goedere en aanhouding van skepe of voertuie.

109. (1) Indien dit na die oordeel van die Sekretaris vir die beveiliging van die openbare gesondheid of vir die veiligheid van die publiek of die Staat nodig is, kan hy te eniger tyd—

(*a*) enige goedere wat onder doeane- en aksynsbeheer is onmiddellik laat vernietig of andersins daaroor laat beskik; of

(*b*) die vertrek van 'n skip of voertuig vanaf enige plek in die Republiek vir 'n tydperk van hoogstens agt-en-veertig uur vertraag.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Revenue Fund and the amount thereof shall be paid as drawbacks out of revenue accruing to that fund into the Territory Revenue Fund.

(6) For the purpose of this section the port and settlement of Walvis Bay shall be deemed to be a part of the territory of South-West Africa.

Deferment of payment of duty.

105. The Secretary may in his discretion and subject to such conditions (including the payment of interest at reasonable rates on the amount due) as he may consider necessary, permit any duty payable under the provisions of this Act, or any penalty imposed by him, to be paid by instalments of such amounts and at such times as he may determine.

Samples.

106. (1) An officer may on entry of any imported goods or during the manufacture of any excisable goods, or at any time after such entry or manufacture, take, without payment, from any person in possession of such imported goods or of any manufactured or partly manufactured excisable goods samples of such imported, manufactured or partly manufactured goods or of materials intended for the manufacture of excisable goods or of goods used under the provisions of Chapter X, for examination or for ascertaining the duties payable thereon or for such other purpose as the Secretary deems necessary, and those samples shall be dealt with and accounted for in such manner as the Secretary may direct.

(2) For the purpose of determining the duty leviable in respect of any goods comprising a single consignment, or in any vessel, tank or other container of goods, the nature or characteristics of all the goods in that consignment, vessel, tank or other container shall be deemed to correspond to the nature or characteristics of any sample taken by the officer from such consignment, vessel, tank or other container.

Expenses of landing, examination, weighing, analysis, etc.

107. (1) All handling of and dealing with goods for the purposes of this Act shall be performed by or at the expense and risk of the importer, exporter, manufacturer or owner of the goods, whoever has control of such goods, except in the case of goods examined at a customs and excise warehouse, where such handling of and dealing with goods shall be performed at the expense and risk of the owner thereof.

(2) Subject to the provisions of this Act, the Secretary shall not, except on such conditions as may be determined by him, allow goods to pass from his control until he has satisfied himself that the provisions of this Act or any law relating to the importation or exportation or transit carriage through the Republic of goods, have been complied with in respect of such goods, and the State or the Secretary or any officer shall in no case be liable in respect of any claim arising out of the detention of goods pending the decision of the Secretary or for the costs of such detention.

(3) The cost of analysis of any goods for the purposes of sub-section (2) shall be borne by the importer, exporter, manufacturer or owner of such goods except where the result of analysis confirms the correctness of the declaration or bill of entry made or presented by such importer, exporter, owner or manufacturer in respect of such goods.

Embargo on goods.

108. If at any time an officer has reason to believe that the correct duties have not been paid on any goods or that there has been or may be in respect of any goods, plant, vehicle or thing a contravention of any provision of this Act or of any law relating to the importation or exportation of goods, he may place an embargo on those goods, plant, vehicle or thing, wheresoever or in possession of whomsoever found, and no person shall remove such goods, plant, vehicle or thing from the place indicated by the officer, or in any way deal therewith, except with the permission of the officer, until the embargo has been withdrawn.

Destruction of goods and detention of ships or vehicles.

109. (1) If in the opinion of the Secretary it is necessary for the safeguarding of public health or for the safety of the public or the State, he may at any time—

(*a*) cause any goods under customs and excise control forthwith to be destroyed or otherwise disposed of; or

(*b*) delay the departure of any ship or vehicle from any place in the Republic for a period not exceeding forty-eight hours.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Niemand is geregtig op skadevergoeding vir verlies wat uit 'n *bona fide*-handeling van die Sekretaris kragtens sub-artikel (1) ontstaan nie.

Instrumente en tabelle.

110. (1) Behalwe soos elders in hierdie Wet bepaal, kan die Minister by regulasie die instrumente, meters, mate en ander toestelle en die tabelle, formules en ander metodes van berekening voorskryf wat gebruik moet word om die gewig, hoeveelheid, sterkte, soortlike gewig, temperatuur, druk of enige ander kenmerk van enige goedere vir die doeleindes van hierdie Wet vas te stel.

(2) Ten einde die volle hoeveelheid van enige goedere wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet vervaardig of gebruik is, te bereken, kan die Minister by regulasie tabelle voorskryf wat die hoeveelheid goedere aandui wat geag word van enige gegewe hoeveelheid van enige goedere vervaardig te gewees het of die hoeveelheid goedere wat geag word by die vervaardiging van enige gegewe hoeveelheid goedere wat daarvan vervaardig is, gebruik te gewees het.

Voorlegging van sertifikaat van beampte by registrasie van sekere motorvoertuie.

111. 'n Motorvoertuigregistrasie-owerheid in die Republiek kan weier om 'n motorvoertuig te registreer wat voorheen in enige gebied buite die Republiek geregistreer is, tensy 'n deur 'n beampte uitgereikte sertifikaat voorgelê word, waarin verklaar word dat aan die vereistes van hierdie Wet ten opsigte van die invoer van sodanige voertuig voldoen is.

Wrak.

112. (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken „wrak" ook—

(*a*) dryfgoed, uitworp en lagan;

(*b*) enige gedeelte van 'n skip wat verlore gegaan het, verlaat is of gestrand het of van die lading, voorrade of uitrusting daarvan of enige ander artikel daarop; en

(*c*) enige gedeelte van 'n vliegtuig wat verongeluk het of verlaat is of van die lading, voorrade of uitrusting daarvan of enige ander artikel daarop.

(2) Enigeen wat wrak in sy besit het, moet die naaste Ontvanger onverwyld daarvan verwittig, en (tensy hy die eienaar van die wrak of die gevolmagtigde van die eienaar is) moet, indien daartoe versoek, onmiddellik daardie wrak aan bedoelde Ontvanger aflewer of toelaat dat dit aldus afgelewer word, en sonder verlof van bedoelde Ontvanger mag niemand sodanige wrak verwyder of in hoeveelheid of hoedanigheid verander nie tensy dit vir die instandhouding of bewaring daarvan nodig is.

(3) Wrak in die Republiek gevind of daarin gebring, kan, nadat dit onder beheer van die Sekretaris gekom het, te eniger tyd deur hom van die hand gesit word soos in artikel *drie-en-veertig* uiteengesit, maar is andersins aan dieselfde reg en wette onderworpe as ingevoerde goedere van dergelike aard.

(4) Die Minister kan by regulasie die omstandighede en voorwaardes voorskryf waaronder of waarop 'n lisensie deur die Sekretaris aan enige persoon uitgereik kan word wat hom die reg sal verleen om enige wrak te deursoek of na wrak te soek, maar geen sodanige lisensie gee die houer daarvan die uitsluitlike reg om vir enige besondere wrak te soek of dit te berg nie.

Verbodsbepalings en beperkings.

113. (1) Die invoer van die volgende goedere word hierby verbied naamlik—

(*a*) kalsiumkarbied wat, wanneer aan die werking van water blootgestel, minder as tweehonderd-en-vyftig liter gas, gemeet teen 15 grade Celsius onder 'n druk van sewehonderd-en-sestig millimeter kwik, van een kilogram oplewer;

(*b*) sigarette wat meer weeg as vier en 'n half pond per duisend sigarette;

(*c*) muntstukke wat onedel of vals is;

(*d*) gevaarlike wapens van die volgende soorte, naamlik—

(i) sabels, kortelasse, bajonette, dolke en messe met lemme vier duim lank of langer (uitgesonderd sodanige messe wat gewoonlik vir huishoudelike of landboudoeleindes of in die vleishandel gebruik word);

(ii) spiese en asgaaie;

(iii) stokke wat van gewigte of steekpunte voorsien is en kneukelysters; en

(iv) enige ander artikel wat die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie by kennisgewing in die *Staatskoerant* tot 'n gevaarlike wapen verklaar,

tensy ingevoer kragtens 'n permit deur bedoelde Kommissaris uitgereik;

(*e*) goedere waarop 'n handelsbeskrywing of 'n handelsmerk in stryd met die een of ander bepaling van die Handelswaremerke-wet, 1941 (Wet No. 17 van 1941), aangebring is;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) No person shall be entitled to any compensation for loss arising out of any *bona fide* action of the Secretary under sub-section (1).

Instruments and tables.

110. (1) Except as elsewhere provided in this Act, the Minister may by regulation prescribe the instruments, meters, guages, and other appliances and the tables, formulae and other methods of calculation to be used in ascertaining the weight, quantity, strength, specific gravity, temperature, pressure or any other characteristic of any goods for the purposes of this Act.

(2) For calculating the full quantity of any goods which have been manufactured or used under the provisions of this Act, the Minister may by regulation prescribe tables indicating the quantity of goods which shall be deemed to have been manufactured from any given quantity of any goods or the quantity of goods which shall be deemed to have been used in the manufacture of any given quantity of any goods manufactured therefrom.

Production of certificate of officer on registration of certain motor vehicles.

111. Any motor vehicle registering authority in the Republic may refuse to register any motor vehicle which has previously been registered in any territory outside the Republic unless a certificate issued by an officer is produced stating that the requirements of this Act in respect of the importation of such vehicle have been complied with.

Wreck.

112. (1) For the purposes of this section "wreck" includes—

(*a*) flotsam, jetsam and lagan;

(*b*) any portion of a ship lost, abandoned or stranded or of the cargo, stores or equipment thereof or any other article thereon; and

(*c*) any portion of an aircraft which has been wrecked or abandoned or of the cargo, stores or equipment thereof or any other article thereon.

(2) Any person who has in his possession any wreck, shall without delay give notice thereof to the nearest Collector and shall (unless he is the owner of such wreck or the duly authorized agent of the owner) if required, forthwith deliver that wreck or permit it to be delivered to the said Collector, and unless it is necessary for the preservation or safe-keeping thereof, no person shall without the permission of the said Collector remove or alter in quantity or quality any such wreck.

(3) Wreck found in or brought into the Republic may, at any time after it has come under the control of the Secretary, be disposed of by him in the manner set forth in section *forty-three*, but shall otherwise be subject to the same duty and laws as imported goods of the like kind.

(4) The Minister may by regulation prescribe the circumstances under which and the conditions subject to which a licence may be issued by the Secretary to any person entitling him to search or search for any wreck, but no such licence shall give the holder thereof the exclusive right of searching for or salvaging any particular wreck.

Prohibitions and restriction.

113. (1) The importation of the following goods is hereby prohibited, namely—

(*a*) carbide of calcium which, when treated with water yields less than two hundred and fifty litres of gas from one kilogramme, the gas being measured at 15 degrees Centigrade under a pressure of seven hundred and sixty millimetres of mercury;

(*b*) cigarettes weighing more than four and a half pounds per thousand cigarettes;

(*c*) coins which are base or counterfeit;

(*d*) dangerous weapons of the following kinds, namely—

(i) swords, cutlasses, bayonets, daggers and knives with cutting edges of four inches or more in length (excluding such knives ordinarily used for domestic purposes, in agriculture or in the meat trade);

(ii) spears and assegais;

(iii) loaded or spiked sticks and knuckle dusters; and

(iv) any other article which the Commissioner of the South African Police may by notice in the *Gazette* declare to be a dangerous weapon,

unless imported under permit issued by the said Commissioner;

(*e*) goods to which a trade description or a trade mark is applied in contravention of any provision of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act No. 17 of 1941);

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*f*) goedere wat onbetaamlik of onwelvoeglik of op watter grond ook al aanstootlik is, tensy ingevoer kragtens 'n permit uitgereik deur die Raad van Beheer oor Publikasies wat in artikel *twee* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963 (Wet No. 26 van 1963), vermeld word;

(*g*) onwettige afdrukke van enige werke indien die invoer van sodanige afdrukke kragtens enige wet met betrekking tot kopiereg verbied is;

(*h*) goedere wat in 'n gevangenis of in 'n verbeteringsgestig vervaardig is;

(*i*) tweedehandse of gebruikte artikels van die volgende klasse, naamlik—

(i) mantels, baadjies, jumpers, jerkins, onderbaadjies en broeke bestem vir verkoop in die Republiek;

(ii) stewels en skoene bestem vir verkoop in die Republiek; stewels en skoene, nie vir verkoop in die Republiek bestem nie, tensy ingevoer kragtens 'n permit deur die Sekretaris uitgereik ten opsigte van sodanige stewels en skoene wat defek is en vir inspeksie en vernietiging aan die vervaardiger in die Republiek teruggestuur word;

(*j*) (i) alle soorte uniformkledingstukke en -uitrusting van land-, vloot- en lugmagte, soos oorspronklik gemaak of soos later verander;

(ii) stewels van 'n soort wat gewoonlik aan lede van land-, vloot- en lugmagte uitgereik word;

(iii) komberse en grondseile van 'n soort wat gewoonlik aan lede van land-, vloot- en lugmagte uitgereik word, soos oorspronklik vervaardig of soos later verander, en soldate- en seemansakke en -rugsakke van 'n soort wat gewoonlik aldus uitgereik word;

(iv) enige ander artikels wat die Minister by regulasie verklaar tot artikels wat onder die kategorie oorlogsvoorrade val,

tensy ingevoer kragtens 'n permit deur die Raad van Handel en Nywerheid uitgereik.

Enige goedere wat in stryd met hierdie sub-artikel ingevoer word, is aan verbeuring onderhewig.

(2) Goedere wat kragtens 'n in sub-artikel (1) bedoelde permit heet ingevoer te gewees het, word geag in stryd met die bepalings van daardie sub-artikel ingevoer te gewees het tensy die betrokke permit ten tyde van klaring van sodanige goedere aan die Ontvanger voorgelê word.

(3) (*a*) Waar die vraag ontstaan of goedere onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is, is die beslissing van die Raad van Beheer oor Publikasies wat in artikel *twee* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, vermeld word afdoende, maar onderhewig aan 'n reg van appèl soos in artikel *veertien* van daardie Wet bepaal asof sodanige beslissing 'n in daardie artikel bedoelde beslissing was.

(*b*) Indien enige gedrukte, gegraveerde, litografiese of fotografiese materiaal volgens die beslissing van bedoelde raad onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik is, en in 'n publikasie vervat is wat volgens die oordeel van daardie raad een van 'n reeks is, kan bedoelde raad die naam van sodanige publikasie by kennisgewing in twee agtereenvolgende uitgawes van die *Staatskoerant* aankondig, en daarop word elke uitgawe van daardie publikasie, totdat sodanige kennisgewing deur bedoelde raad by kennisgewing in die *Staatskoerant* teruggetrek word, by die toepassing van hierdie artikel geag onbetaamlik, onwelvoeglik of aanstootlik, na gelang van die geval, te wees.

(*c*) Vir die doeleindes van enige beslissing of goedere ooreenkomstig die bedoeling van hierdie sub-artikel onbetaamlik of onwelvoeglik of aanstootlik is, is die bepalings van sub-artikel (2) van artikel *vyf* en artikel *tien* van die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, *mutatis mutandis* van toepassing.

(4) Die Minister kan die werking van enige bepaling van sub-artikel (1) by kennisgewing in die *Staatskoerant* opskort wanneer hy oortuig is dat die opskorting in die openbare belang sal wees.

(5) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* die uitvoer of deurvoer deur die Republiek of vervoer langs die kus na enige plek van krygsvoorrade of enige ander goedere wat na sy oordeel in krygsvoorrade omgesit of by die vervaardiging daarvan gebruik kan word, belet.

(6) By die toepassing van sub-artikel (5), beteken uitvoer of deurvoer of vervoer langs die kus na 'n plek ook versending na daardie plek, hetsy regstreeks of onregstreeks, en hetsy perma-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*f*) goods which are indecent or obscene or on any ground whatsoever objectionable, unless imported under permit issued by the Publications Control Board referred to in section *two* of the Publications and Entertainments Act, 1963 (Act No. 26 of 1963);

(*g*) unlawful reproductions of any works if such reproductions are prohibited from importation under any law relating to copyright;

(*h*) prison-made and penitentiary-made goods;

(*i*) second-hand or used articles of the following classes, namely—

(i) cloaks, jackets, jumpers, jerkins, waistcoats and trousers intended for sale in the Republic;

(ii) boots and shoes, intended for sale in the Republic; boots and shoes not intended for sale in the Republic, unless imported under permit issued by the Secretary in respect of such boots and shoes which are defective and are returned to the manufacturer in the Republic for inspection and destruction;

(*j*) (i) all kinds of army, navy and air force uniform clothing and appointments, as originally manufactured or as subsequently altered;

(ii) boots of a type usually issued to army, navy and air force personnel;

(iii) blankets and groundsheets of a type usually issued to army, navy and air force personnel as originally manufactured or as subsequently altered, and military and naval kit bags and haversacks of a type usually so issued;

(iv) any other articles which the Minister may by regulation declare to be articles which fall within the category of war stores,

unless imported under permit issued by the Board of Trade and Industries.

Any goods imported in contravention of this sub-section shall be liable to forfeiture.

(2) Goods which purport to have been imported under a permit referred to in sub-section (1) shall be deemed to have been imported in contravention of the provisions of that sub-section unless the permit in question is produced to the Collector at the time of entry of such goods.

(3) (*a*) In the event of any question arising as to whether any goods are indecent or obscene or objectionable, the decision of the Publications Control Board referred to in section *two* of the Publications and Entertainments Act, 1963, shall be final, but subject to a right of appeal as provided in section *fourteen* of that Act as if such decision were a decision referred to in that section.

(*b*) If any printed, engraved, lithographic or photographic matter is according to the decision of the said board indecent, obscene or objectionable, and is contained in any publication which in the opinion of that board is one of a series, the said board may publish the name of such publication by notice in two consecutive issues of the *Gazette*, and thereupon every issue of that publication shall, until such notice is withdrawn by the said board by notice in the *Gazette*, for the purpose of this section be deemed to be indecent, obscene or objectionable, as the case may be.

(*c*) For the purpose of any decision as to whether goods are indecent or obscene or objectionable within the meaning of this sub-section, the provisions of sub-section (2) of section *five* and section *ten* of the Publications and Entertainments Act, 1963, shall *mutatis mutandis* apply.

(4) The Minister may by notice in the *Gazette* suspend the operation of any provision of sub-section (1), whenever he is satisfied that such suspension would be in the public interest.

(5) The State President may, by proclamation in the *Gazette*, prohibit the exportation or the transit carriage through the Republic or coastwise carriage to any place of munitions or any other goods which he considers capable of being converted into or used in the manufacture of munitions.

(6) For the purposes of sub-section (5), exportation or transit carriage or coastwise carriage to a place includes dispatch to that place either directly or indirectly and either permanently

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

nent of vir 'n tydelike doel, en enige goedere vermeld in 'n kragtens sub-artikel (5) uitgevaardigde proklamasie wat na 'n aldus vermelde plek gebring word, word geag in stryd met sodanige proklamasie na daardie plek uitgevoer of vervoer te gewees het deur die persoon wat sodanige goedere versend het en word vermoed dat die persoon wat enige sodanige goedere versend het, daardie goedere na sodanige plek uitgevoer of vervoer het tensy hy bewys dat hy nie geweet het en geen rede gehad het om te vermoed dat bedoelde goedere na daardie plek gebring sou word nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie.

(7) Die Minister kan by regulasie die vervoer langs die kus of die deurvoer deur die Republiek verbied of beperk van enige in sub-artikel (1) bedoelde goedere of van enige ander goedere ten opsigte waarvan hy so 'n verbod of beperking in die openbare belang nodig ag.

(8) Indien iemand in stryd met enige ander wetsbepaling as hierdie Wet, enige goedere in- of uitvoer of poog om dit in of uit te voer, is sodanige goedere tesame met enige ander goedere in dieselfde pak bevat, asook die pak self, tensy die betrokke wetsbepaling voorskryf hoe daaroor beskik moet word, aan verbeuring onderhewig, waar en in wie se besit dit ook al gevind word.

(9) Niemand mag enige sigarette vervaardig waarvan die gewig van die tabak per duisend sigarette vier en 'n half pond oorskry nie.

Reg maak 'n skuld aan die Staat uit.

114. (1) (*a*) Die juiste bedrag aan reg betaalbaar ten opsigte van enige goedere in of uit die Republiek in- of uitgevoer of enige goedere in die Republiek vervaardig en enige boete, pene of verbeuring kragtens hierdie Wet opgeloop, is, vanaf die tydstip waarop dit betaal moes geword het, 'n skuldverpligting van die betrokke persoon aan die Staat, en enige goedere in 'n doeane- en aksynspakhuis of in die bewaring van die departement en behorende aan daardie persoon, en enige goedere wat daarna in- of uitgevoer word deur die persoon op wie die skuldverpligting rus, en enige goedere ten opsigte waarvan 'n aksynsreg voorgeskryf is (hetsy sodanige reg betaal is al dan nie) en enige distilleerketels, vate, toestelle, werktuie en stowwe vir die vervaardiging van sodanige goedere in die besit of onder die beheer van sodanige persoon of op enige perseel in die besit of onder die beheer van sodanige persoon, kan ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (2) aangehou word en is onderworpe aan 'n retensiereg totdat sodanige skuld betaal word.

(*b*) Die eise van die Staat het voorrang bo die eise van alle persone op enigiets wat aan sodanige retensiereg onderhewig is en kan afgedwing word by wyse van verkoop of ander stappe indien die skuld nie binne drie maande na die datum waarop dit betaalbaar geword het, betaal word nie.

(*c*) Enige terugbetaling van reg of 'n deposito of enige ander bedrag betaalbaar aan sodanige persoon ten opsigte van enige saak hoegenaamd, kan teen sodanige skuld verreken word.

(2) Die Sekretaris of 'n beampte kan enigiets waarop sub-artikel (1) betrekking het, aanhou deur dit op die plek waar dit gevind word, te verseël, te merk, te sluit, vas te maak of andersins te bewaar of in beslag te neem of deur dit na 'n deur die Sekretaris bepaalde plek van veiligheid te verwyder.

(3) 'n Verwysing in hierdie artikel na goedere word geag 'n verwysing na die houers van sodanige goedere in te sluit.

Klarings, ede, ens., buite die Republiek gedoen of afgelê is, van volle krag.

115. Enige klaring, geskrif, eed of verklaring wat kragtens hierdie Wet gedoen moet word en wat buite die Republiek aan of voor 'n beampte van die Republiek gedoen of afgelê is, is bindend en van volle krag in die Republiek.

Minister kan Bylaes in sekere omstandighede wysig.

116. (1) Wanneer die Minister oortuig is dat enige bepaling van enige Bylae by hierdie Wet verskil van enige dergelike bepaling wat onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet van krag was en dat sodanige verskil tot nadeel strek van enige invoerder of vervaardiger en nie so bedoel was nie, kan hy, na oorlegpleging met die Raad van Handel en Nywerheid, te eniger tyd voor die datum wat in sub-artikel (6) van artikel *agt-en-veertig* bedoel word en wat in die jaar 1965 val, by wyse van 'n wysiging by kennisgewing in die *Staatskoerant* aangebring, die betrokke bepaling regstel in die mate wat hy goedvind, met ingang vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

or for a temporary purpose, and any goods specified in a proclamation issued under sub-section (5) which are brought to a place so specified shall be deemed to have been exported or carried to that place in contravention of such proclamation by the person who dispatched such goods, and the person who dispatched any such goods shall be presumed to have exported or carried those goods to such place unless he proves that he did not know and had no reason to believe that the said goods would be brought to that place, and that he could not have prevented it.

(7) The Minister may by regulation prohibit or restrict the coastwise carriage or the transit carriage through the Republic of any goods referred to in sub-section (1) or of any other goods in respect of which he considers any such prohibition or restriction necessary in the public interest.

(8) If any person imports or exports or attempts to import or export any goods in contravention of any law other than this Act, such goods, together with any other goods contained in the same package as well as the package itself shall, unless the law in question provides for their disposal, be liable to forfeiture wheresoever and in possession of whomsoever found.

(9) No person shall manufacture any cigarettes the weight of the tobacco of which exceeds four and a half pounds per thousand cigarettes.

Duty constitutes a debt to the State.

114. (1) (*a*) The correct amount of duty payable in respect of any goods imported into or exported from the Republic or any goods manufactured in the Republic and any fine, penalty or forfeiture incurred under this Act shall, from the time when it should have been paid, constitute a debt due to the State by the person concerned, and any goods in a customs and excise warehouse or in the custody of the department and belonging to that person, and any goods afterwards imported or exported by the person by whom the debt is due, and any goods in respect of which an excise duty is prescribed (whether or not such duty has been paid) and any stills, vessels, appliances, utensils and materials for the manufacture of such goods in the possession or under the control of such person or on any premises in the possession or under the control of such person may be detained in accordance with the provisions of sub-section (2) and shall be subject to a lien until such debt is paid.

(*b*) The claims of the State shall have priority over the claims of all persons upon anything subject to such lien and may be enforced by sale or other proceedings if the debt is not paid within three months after the date on which it became due.

(*c*) Any refund of duty or a deposit or any other amount due to such person in respect of any matter whatsoever, may be set off against such debt.

(2) The Secretary or an officer may detain anything referred to in sub-section (1) by sealing, marking, locking, fastening or otherwise securing or impounding it on the premises where it is found or by removing it to a place of security determined by the Secretary.

(3) Any reference to goods in this section shall be deemed to include a reference to the containers of such goods.

Entries, oaths, etc., made outside Republic of full force and effect.

115. Any entry, writing, oath or declaration required to be made under this Act shall, if made outside the Republic to or before an officer of the Republic, be binding and of full force and effect in the Republic.

Minister may amend Schedules under certain circumstances.

116. (1) Whenever the Minister is satisfied that any provision of any Schedule to this Act differs from any similar provision in force immediately prior to the date of commencement of this Act and that such difference acts to the detriment of any importer or manufacturer and was not so intended, he may, after consultation with the Board of Trade and Industries, at any time before the date which is referred to in sub-section (6) of section *forty-eight* and which falls in the year 1965, by means of an amendment effected by notice in the *Gazette*, adjust the provision in question to the extent he deems fit, with effect from the date of commencement of this Act.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) Die bepalings van sub-artikels (6) en (7) van bedoelde artikel *agt-en-veertig* is *mutatis mutandis* van toepassing ten opsigte van enige wysiging wat kragtens die bepalings van sub-artikel (1) aangebring word.

Statistiek.

117. Die statistiek van die in- en uitvoerhandel van die Republiek en van synsbare goedere in die Republiek vervaardig wat die Minister bepaal, word deur die Sekretaris saamgestel en getabelleer en op die tye en die wyse gepubliseer wat die Minister bepaal.

Delegasie van bevoegdhede.

118. Die Minister kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê en vir die tydperk wat hy in elke geval aandui, enige van sy bevoegdhede kragtens hierdie Wet (behalwe 'n bevoegdheid wat op die wysiging van enige Bylae of die uitvaardiging van 'n regulasie betrekking het) aan die Sekretaris delegeer.

Vervanging van Bylaes.

119. Wanneer enige Bylae by hierdie Wet of 'n deel of item daarvan vervang word en die nuwe Bylae of deel of item bepaal dat die Minister of die Sekretaris 'n voorwaarde kan oplê of voorskryf met betrekking tot enige klas goedere of enigiets met betrekking daartoe kan goedkeur, word 'n voorwaarde opgelê of voorgeskryf of goedkeuring verleen deur die Minister of Sekretaris kragtens die Bylae of deel of item met betrekking tot sodanige klas goedere voor vervanging geag opgelê, voorgeskryf of verleen te gewees het kragtens die nuwe Bylae of deel of item.

Regulasies en reëls.

120. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig—

(*a*) wat die bevoegdhede, pligte en diensure van beamptes voorskryf;

(*b*) wat die spesiale dienste waarvoor gelde betaal moet word weens die aanwesigheid of toesig van beamptes, die skaal van sodanige gelde en die voorwaardes verbonde aan sodanige spesiale dienste (met inbegrip van die betaling van vervoerkoste) bepaal;

(*c*) aangaande die in- en uitklaring van skepe en vliegtuie (met inbegrip van sodanige klaring van skepe of vliegtuie wat aandoen of land by plekke wat nie kragtens hierdie Wet as klaringsplekke of doeane- en aksynslughawens aangewys is nie), die ingang en uitgang van voertuie oor land, die aflaai, laai, verwydering, aanhouding, vrylating, ondersoek, vervoer en hantering van vrag (met inbegrip van deurgevoerde en kusvervoerde vrag), die beheer van persone (met inbegrip van hul bagasie en goedere) wat die Republiek binnekom of verlaat, die plasing in of verwydering uit enige Staatspakhuis van goedere en die vervoer onder waarborg van goedere;

(*d*) aangaande die beheer van die opslag of vervaardiging van goedere in doeane- en aksynspakhuise (met inbegrip van die geskiktheid van enige gebou, installasies en vervaardigingsmetodes vir die doeleindes van hierdie Wet, die ure waartydens enige of alle werksaamhede in enige sodanige pakhuis verrig moet word, die toesig deur beamptes oor enige sodanige werksaamhede, die beveiliging of merk van sodanige installasies, die inspeksie van sodanige pakhuise en die verwydering van goedere uit sodanige pakhuise), die toets van die produksie van distilleerketels, die voorwaardes waarop distilleerketels gemaak, besit, ingevoer, van die hand gesit of gebruik mag word en die vars vrugte wat deur 'n landboudistilleerder in die Provinsie Transvaal of Oranje-Vrystaat gebruik mag word om spiritus te distilleer;

(*e*) aangaande die invoer, uitvoer, deurvoer of kusvervoer van goedere, die klaring van goedere, die betaling van regte en ander vorderings en gelde, die koste wat by die toepassing van artikel *ses-en-veertig* ingesluit word in of uitgesluit word van die produksiekoste van goedere oor die algemeen of van goedere van enige klas of soort, en die beweging van goedere na en van enige gebied met die regering waarvan 'n ooreenkoms kragtens die bepalings van artikel *een-en-vyftig* aangegaan is;

(*f*) wat die vorm van en die besonderhede wat ingevul moet word op fakture of sertifikate ten opsigte van enige goedere wat in die Republiek ingevoer word of synsbare goedere wat daarin vervaardig word, voorskryf;

(*g*) aangaande die invordering van reg deur middel van seëls, die metode van aanwending van seëls of seëlafdrukke op houers, die rojering van seëls, die gebruik

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(2) The provisions of sub-sections (6) and (7) of the said section *forty-eight* shall *mutatis mutandis* apply in respect of any amendment made under the provisions of sub-section (1).

Statistics.

117. Such statistics of the import and export trade of the Republic and of excisable goods manufactured in the Republic as the Minister may determine, shall be compiled and tabulated by the Secretary and published at such times and in such manner as the Minister may direct.

Delegation of powers.

118. The Minister may, subject to such conditions as he may impose and for such period as he may specify in each case, delegate any of his powers under this Act (except any power relating to the amendment of any Schedule or the making of any regulation) to the Secretary.

Substitution of Schedules.

119. Whenever any Schedule to this Act or any part or item thereof, is substituted and the new Schedule or part or item provides that the Minister or the Secretary may impose or prescribe any condition or approve of any matter or thing in relation to any class of goods, any condition imposed or prescribed or approval given by the Minister or the Secretary under the Schedule or part or item in relation to such class of goods before substitution shall be deemed to have been imposed, prescribed or given under the new Schedule or part or item.

Regulations and rules.

120. (1) The Minister may make regulations—

